


TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- **POËSIE:** S. C. Hattingh, A. Alberts, André Roux, Sout E. Smit, A. J. J. Visser, B. J. Toerien, M. Steyn van Rooyen, A. Swart, Engemi Ferreira, A. A. Snyman, Mefisto, L. Eksteen, P. Bekker, J. P. Malan, V. v. d. Westhuizen, Abr. Fouché, R. J. J. van Rensburg, A. J. B. Rawlins.
- **EENAKTER:** Jac J. Brits.
- **ARTIKELS:** A. Alberts, P. J. Conradie, B. J. le Roux, S. C. Hattingh, C. W. Hudson, André Demedts.
- **WOORD EN WEDERWOORD:** D. F. Malherbe/A. P. Grové, P. C. Coetzee/S. E. Smit.
- **BY DIE JONGERES:** D.A.T., H. Prins, M. J. Prins, M. Kilian, C. T. Vermaak.
- **RESENSIES.**



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad vir die Afrikaanse Skrywerskring

Redakteur: ABEL COETZEE

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe
H. A. Fagan
P. C. Schoonees
W. A. de Klerk
M. S. B. Kritzinger
B. Kok
P. J. Nienaber
B. Conradie
J. Kromhout
André Demedts

Maart 1961

Jaargang 11

Nommer 1

Intekengeld: R 2.0 per jaargang, posvry.

- Let wel:* a. **Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.**
- b. **Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.**

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

GEVRA: OU NOMMERS.

Indien van ons lesers een van of almal die volgende ou afleverings aan ons wil verkoop, sal ons dit besonder waardeer; biblioteke in Europa wil graag die tydskrif volledig besit. Rig u antwoord asb. aan Mej. Victor, Posbus 57, Northeliff:

Jaargang 3, aflevering 2 en 4;

Jaargang 4 (al vier afleverings, dubbeld).

I N H O U D

Bladsy

PASIENT NO. 1958 e.a. GEDIGTE, S. C. Hattingh	1
DIE STERWENDE BOER, A. Alberts	3
DIE ONDERWYS EN ONTVOLKING, A. Alberts	5
SKEDDEL e.a. GEDIGTE, André Roux	11
KERKHOFBLOMME, Soul Erasmus Smit	14
SAUL, A. J. J. Visser	15
✓ TWEE ASPEKTE VAN DIE GRIEKSE TRAGEDIE, P. J. Conradie	22
DIE UITSPANSEL HOOG OOR MY, e.a. GEDIGTE, B. J. Toerien	31
HOU VAS DIE BEKER, e.a. GEDIGTE, M. Steyn van Rooyen	34
EN DIT WAS NAG, Jac. J. Brits	36
DIE GROOT, GROOT ONBEKENDE, A. Swart	53
GEDAGTES BY DIE HERLEES VAN GROSSKOPF SE TONEELWERKE, B. J. le Roux	70
DROME, e.a. GEDIGTE, Engemi Ferreira	79
GEDIGTE, A. A. Snyman	82
ONTWIKKELINGSGANG VAN ABEL COETZEE SE KUNSTENAARSKAP, S. C. Hattingh	85
GESPREK VAN DIE DOOIE DIGTERS, Mefisto	96
KAROO, e.a. GEDIGTE, Louis Eksteen	101
WAAIERSTERTE, e.a. GEDIGTE, Pirow Bekker	104
ENGLISH WRITERS OF AFRIKAANS, C. W. Hudson	105
SEDERT AUGUSTUS 1960 EEN OVERZICHT OVER DE NEDERLANDS - VLAAMSE LETTERKUNDE, André Demedts	119
DIE LEGENDE-WONDER, e.a. GEDIGTE, J. P. Malan (†)	125
KERSNAG, e.a. GEDIGTE, V. van der Westhuizen	127
D. F. MALHERBE AAN A. P. GROVÉ	129
OORWINNING, e.a. GEDIGTE, Abraham Fouché	131
AAN DIE WIEG VAN DIE AFRIKANERVOLK, P. C. Coetzee	132
SKRYWER, e.a. GEDIGTE, R. J. Jansen van Rensburg	139
ONTNUGTERING, e.a. GEDIGTE, A. J. B. Rawlins	142
BY DIE JONGERES	143
BOEKBESPREKING EN AANKONDIGING	149

S. C. HATTINGH:

Pasiënt No. 1958

*Die pasiënt word stadig ingestoot
en saggies op die tafel omgerol.
Onder die lamp lê hy nou klaar ontbloot,
die geur van eter laat die asem stol . . .*

*Dan flits daar in die lig 'n silwer naald
en sak diep weg in die gestrekte arm,
die asemhaling word meteens egaal
en op die wange gloei die bloed weer warm . . .*

*Die groot Chirurg staan ook nou klaar gereed
met vlynskerp mes in vingerpunt geklem —
sy oog het reeds die regte plek gemeet,
dan sny hy diep en seker met die lem . . .*

*En met ontsetting dring dit tot my deur
dat dit my liggaam is wat oopgevlak
daar lê, waaruit die bloed se somber geur
opwalm en tasbaar hang in die vertrek . . .*

*Toe praat die groot Chirurg: „Dit is te laat,
die wortels van die smet lê diep gestrek —
tog jammer dat die tekens van die kwaad
so moeilik is om vroeër te ontdek.*

*Teenoor die kwaal staan ons nog magteloos,
die hele operasie was verniet —
Kyk net die hart, so erg vergroot en voos —
Hier kan die wetenskap geen hulp meer bied . . .*

*Dit is die einde van 'n huigelaar,
'n lafaard wat deur skimme word geknel . . .
gewetenswroeging martel jaar na jaar
en skroei sy siel met vlamme uit die hel . . .*

*Tussen gister en môre sit hy vasgevang
en vrees vandag om dit wat gister was
en môre weer dieselfde martelgang . . .
So worstel hy steeds met sy sware las.*

*En jaar na jaar bring hy 'n saldo oor
om weer 'n nuwe kasboek te begin —
Totdat hy so sy eie siel verinoor
en slegs die dood vir al sy arbeid win . . .”*

Ek Wonder . . .

*Ek wonder of jy weet
van al die leed
die wrede pyn
wat diep-in skryn
die storms wat woed
as druppels bloed
gepers word uit my hart . . .*

*Ek wonder of jy ooit verstaan
wat ek hier stil
om jou ontwil
in eensaamheid moet ondergaan . . .*

*Ek wonder — God!
of jy besej
hoe diep dit tref
as liefde in spot
en lewe verander in louter smart . . .*

Aan Judith . . .

*Sommer terloops het ek verneem:
„Judith is dood.” Daar was geen sweem
van droefheid nie of meegevoel —
net naakte woorde hard en koel . . .
Maar iets het aan my hart geruk,
herinnering aan v^{er} geluk,
'n droom wat yl in duie stort . . .
Toe het dit in my stil geword,
want op my, harteloos en snood
voel ek die hande van die Dood . . .*

Sonnet

*Bewus van eie krag en eie roem
het ek die lewe daaglik aangedurf.
My hart deur eieliefde onvermurf
was steeds gereed om ander te verdoem.
Selfs waar U keer op keer en onverbloem
my hart se dorre selfsug openbaar
het ek, verblind, by U verby gestaar . . .
moedswillig my nie met U Wet versoen.
Maar tog het U my nie alleen gelaat
om op dié dwaalweg blindlings voort te skry,
en in my oormoed eindelijk te vergaan . . .
Eerdad die angsroep kon weerklink: te laat!
het U met my die harde stryd volstry,
soos Jakob by die Jabbok, neergeslaan.*

A. ALBERTS:

Die Sterwende Boer

1. DIE BLANKE HEER

*Hy was die blanke heer,
so fris en op sy fleur,
'n saamwerk-direkteur
vir reddingsdaad geëer.
Op stryd en sweet-genie
fondeer dié Boereheld
met armblanke geld,
sy volkseconomie.
Sy vesting was die plaas
wat, deur sy lot verraai,
sy ondergang verhaas.
Verneder en versmaai,
moet hy, die blanke heer,
op koeliewinkels teer.*

2. VERSWARTING VAN DIE LAND

*Die Boer het sedert sy geboortedag
op eie, plattelandse grond gewoon.
Hy sou van oudsher dit wat heg vertoon
sy lewenswerk en -wandel waardig ag.
Vir eeue het sy vadere aanvaar
dat hulle vaste aarde en hulle son,
as ewebeeld van God-die-lewensbron,
vir altoos lewe, lig en vrugte baar.
Ontnugterend omwentel die heelaal,
en voor die son sprei duister stof
'n vuil gordyn; of uit die hemel plof
onvastigheid oor mensheid, berg en dal.
En in sy oog, die bloed ook in sy hart,
word als vir tyd en ewigheid verswart.*

3. GOD PLEIT ONSKULDIG

*In my benoudheid vir die ondergang
het nooit my trots of ooit my eiewaan
my lot vir God verberg nie. Waarheidsdrang,
van bygeloof en selfbedrog ontdaan,
het smagtend rondgesoek na uitkomskanse,
opreg en duidelik om hulp gebid;
want waar ek vasklou aan die afgrondkranse,
deurtrek die pyn my liggaam lid vir lid.
Deur absolute swye het hy my
vol middernagtelike angsbenouing,
ten volle in my nooddruif laat gedy
en my bejeën met sy kil aanskouing.
En word my bitter aandrang ongeduldig,
soos Jesus pleit Sy swye self onskuldig.*

4. DIE HOOP BESKAAM

*Hoe sal my siel, gedrenk in skaamte,
tog wegkruip vir sy nederlae;
met sy onteerde, naak geraamte
dit ooit weer in die daglig wae?
Die ewigheid se donker nagte
bedek my vir die spotters nie.
Deur duister dring die hoongedagte:
„Dit is die man wat ryk was dié!
Hy was die Boer, die grondbesitter,
en lewenslank was hy getrou.
Verydel, sterwend, ween hy bitter,
want vals verraad dit smaak hy nou.
Hy het op sy Party gehoop,
en dié het hom tot slaaf verkoop!”*

5. STERWENDE BOORDE

*Daar 's boeme op verlate werwe
aan droogte en veldbrand blootgestel.
Hul bas is halfpad afgenerwe,
wyl potklei om die wortels knel.
Hul takke dra verrotte reste
van skerpioene, muise en slange
se pes- en parasieteneste.
Die blare in spinnerak gevange,
versmag in hitte, sonder luggie.
Een loot wat beurend reik na lig,
hou bo die dooie kroon 'n vruggie,
al biddend heniellaars gerig.
En gretig word die vrug se sap,
die laaste lewensbloed getap.*

6. GENADE VAN DIE WOLWE

*Die wolwe van beskikking
verskeur nuy lyf en siel,
berowe en verniel
my in my lotsverskrikking.
Hul terg my om die erwe,
die waardevolle skat
van voorgeslagte, wat
ontvolking laat bederwe.
In kommerswanger nagte
klaag ek teen God wat weet
hoe dreig die donker magte
om onreg uit te meet.
En smee ek om genade,
dan triomfeer die kwade.*

Die Onderwys en Ontvolking

Die Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Blanke Bewoning van die Platteland het bevind dat blanke boere die platteland ontruim, en dat daar omtrent tien bantobewoners in die plek van een blanke plaasverlater inskuif. Vir hierdie proses het die Kommissie die term verswaring geskep. Die troos wat dit aanbied is dat alle geïndustrialiseerde lande 'n volksverhuising van die land na die stad ondervind. Die angel van die troos is egter dat daar in ander lande geen verswaring voorkom nie. Waar verswaring en nie net ontvolking nie, ons probleem vorm, is verwysings na ander lande nie veel werd nie.

Die verskil tussen S.A. en die V.S.A. byv. is dit: Eerstens het ons van ses tot vyftien persent *minder* mense op die platteland oor, en tweedens is die stede van die V.S.A. veilig, terwyl óns stede se voortbestaan van die plattelandse vesting afhang. Vir óns stede is die platteland nie alleen 'n bron van goedkoop produkte wat weergalose gesondheid, geluk, gemak en weelde aan die stedeling verskaf nie, maar méér: sekuriteit! Strategies het die platteland vir ons blanke stede 'n soortgelyke waarde as die mure vir Troje, die Kanaal vir Engeland, die waterstofbom vir Amerika en die vuurpyl vir Rusland.

Die blanke platteland is essensieel vir die Westerse beskawing en vir die Christelike lewenswyse in S.A. Opvoedkundig is dit dus 'n kwessie van lewe of dood vir *elke* skolier, insluitende die stedelike kinders van albei landstale. Tereg dring die Verslag dus daarop aan dat die onderwysstelsel moet help om die bedreiging te stuit. Verder as 'n vae beroep kom die aandrang egter nie. Daar het reeds direkteure van onderwys en administrateurs van provinsies op die oproep gereageer. Hulle het te kenne gegee dat hulle reeds hulle plig doen, en nie juis begryp wát die Verslag verder verlang nie.

Blykbaar bedoel die Verslag dat die onderwysstelsel as propagandamasjien moet dien om plattelandse kinders te oorreed om winslose boerdery as beroep te kies. 'n Ware onderwysstelsel is egter nie 'n slawehandelaarsbesigheid nie. Dit sou uiters onpedagogies wees om kinders in die strikval van die landbou in te lok, waar sewe uit tien van hulle voorbestem is om te verarmblank. As 'n departement

sulke propaganda maak, sou dit die juridiese situasie skep dat ouers 'n eis vir skadevergoeding by die hof kan instel.

Die onderwysdepartemente hét in die verlede onskatbare diens gelewer deur die kinders wat op die plaas verarm vir betrekings in die stede op te lei. Hiermee moet hulle voortgaan. As 'n drenkeling uitgeput teen die wal uitsukkel, wie stamp hom in die water terug?

Die onderwys kan weliswaar help om elke aspirant-boer met 'n staatsbeurs 'n diploma of graad in die landbou-ingenieurswese te laat behaal, maar: selfs 'n doktorsgraad plus 'n erfposisie van vyftigduisend pond is geen waarborg dat die aspirantboer 'n nettowins sal kan toon, as alle pryse styg, terwyl dié van sý produkte vasgepen word nie. Boerdery het 'n wiskundige onmoontlikheid geword. Tensy die regering dus onderneem om alle pryse eweredig te laat styg, en om opgehoopte diskriminasie uit te wis, het die Onderwys nie die minste reg om boerdery by skoliere aan te beveel nie.

Daar is natuurlik uitsonderinge: Dit is waar skoliere alreeds plase geërf hét, of sekerlik góu sal erf, waarop hulle 'n uitvoerprodukt kan kweek. Aan boere wat uitvoerprodukte kweek, lewer die staat wonderbaarlike dienste, en die onderwys kan daarby aansluit; maar met dien verstande dat dit nie die probleem van verswaring kan oplos nie, omdat verswaring die streke bedreig wat ons binnelandse markte voorsien. Wat die onderwys sonder uitsondering vir alle aspirantboere kan doen is om hulle 'n graad in die natuurwetenskappe of die meganiese ingenieurswese te laat behaal wat kan dien as 'n handperd, 'n ekstra beroep, waarop hulle kan terugval wanneer die boerdery misluk. Misluk dit dan nie, kan daardie kennis in die boerdery gebruik word.

Tipies van die Verslag is dat dit die stadskind totaal ignoreer. Waar sy lewe of dood, sy demokratiese staatsvorm van die plattelandse vesting afhang, is so 'n houding uiters onwetenskaplik. Dit is die rede waarom die Kommissie self nie weet wát dit nou eintlik van die onderwys verwag nie.

Die stadskind, elke skolier, is as verbruiker by die ontvolkingsvraagstuk betrokke. Van die prys wat hy, as verbruiker, gewillig is om vir voedsel te betaal, hang dit af of die voedselskuur van sy vaderland in swart hande sal vervel. Dit is die kern van die saak, en enige poging moet soos 'n wiel om hierdie as draai.

SOLIDARITEITSBESEF

Onderwys se taak is om by alle skoliere 'n besef van solidariteit met die platteland te kweek; want altwee vorm integraal deel van 'n nasionale heelheid. Gestel dat twintig persent van alle skoliere boere sal word, dan bly daar tagtig persent wat verbruikers sal word. As die skool dus een kind oplei om 'n goeie boer te word, moet dit viér oplei om goeie verbruikers te word.

Tagtig persent van alle skoliere is toekomstige verbruikers, en as sodanig vriende van die boer; maar ongelukkig is hulle ook toekomstige kiesers, en as sodanig vyande, tensy die onderwys dit verhoed. Die gemiddelde verbruiker het sy vyandige houding oorgeërf van die neëntiende eeu se individualisme, 'n ekonomiese ideologie wat nie eens geaarsel het om die Britse kinderarbeid vir woekerwinste te misbruik nie. Die arbeidersklas het homself teen hierdie wolwe-etiek beveilig deur vakbonde te stig wat stakings reël. Die boerdery leen hom egter nie tot stakings nie, maar ontvolking moet beslis as 'n besondere soort staking vertolk word.

Die Afrikaners wat stedelinge geword het, het by gebrek aan solidariteitsopvoeding, onwillekeurig die geestelike erfename van die verdraaide eeue geword. Die geveinsde of reële vrees wat politici vir hulle as kiesers koester, ondermyn nie net die platteland nie, maar indirek ook hulle éie toekoms in die stede. Persoonlik glo ek nie dat hierdie kiesers volgehoue beswaar sou opper as voedselprodusente bestaanbare pryse sou kry nie, want hulle eis vir hulleself ook menswaardige lone. Daar is egter parasiete en uitbuiters wat nie omgee of die blanke ras ten gronde gaan solank hulle maar net groot fortune kan insamel nie, en hierdie ekonomiese verraaiers gebruik die kieser as 'n voorwendsel om hul sak te vul. Dat sulke voorwendsels, verdraaiings en ekonomiese verraad in Suid-Afrika moontlik is, word veroorsaak deur 'n gebrek aan kritiese opvoeding.

Dis opmerklik hoe trots elke Suid-Afrikaner op die manne van ons Suidpool-ekspedisie is. Hulle is óns manne! En die boere, is hulle nie óns manne nie? As twintig persent van ons burgers aan die front moes bly om ons vaderlandse grense in 'n oorlog te verdedig, sou iemand hulle dan 'n menswaardige soldy misgun?

Ewe opmerklik is die partydige hand wat die staat oor ons nywerhede hou. Fabrieksgoedere waarvan daar oor-

produksie in die buiteland is, is peperduur by ons; want ons eie fabriek word met hoë tariefmure beskerm. Geen verbruiker maak beswaar daarteen nie, want dis nie alleen patrioties nie, maar ook ekonomies om duur vir jou eie land se artikels te betaal. Die kiesers word — dink maar self die rede uit — ook nie as hefboom of argument gebruik om fabriekspryse of handelswinste af te druk nie. Die staat, wat die grootste skepping van ons onderwysstelsel is, is dus nie eerlik, opreg en konsekwent nie.

Onlangs het 'n firma boutjies ingevoer, waarvan daar oorproduksie in die buiteland is. Onder die ingevoerde boutjies was daar een waarmee 'n ploegskaar vasgetrek word, en uit ons eie fabriek twaalf sjielings kos. Die ingevoerde ekwivalent het twee sjielings gekos. Dieselfde politici wat steeds die kiesers as 'n hefboom teen die boer gebruik, het toe in die Volksraad beswaar gemaak, en die boer moet maar weer twaalf sjielings betaal vir 'n stukkie yster wat kwalik twee sjielings werd is. Dis reg; maar: dan moet die onderliggende beginsel sonder diskriminasie toegepas word.

Wanneer boere egter meer vir hulle produkte vra, word hulle met 'n ander soort logika begroet. Daar sou konsuis oorproduksie in die wêreld wees, en produkte sou goedkoop ingevoer kan word! Dus moet hulle maar teen 'n verlies boer. Die Bybel verbied die aanhou van twee mate. Hier word twee logikas beoefen.

RESPEK VIR DIE GAWES VAN GOD

Omdat S.A. 'n jong land was, waarin die Skepper miljoene jare se vrugbaarheid weggeleë gehad het, was produkte volop. Daarvan het onopgevoede mense afgelei dat wat volop is goedkoop moet wees. Dit het 'n lewensbeskouing opgelewer wat die gawes van God minag. Juis omdat die Skepper sy onskatbare seëninge in oorfloed oor ons land uitgestort het, is hulle misbruik. Hierdie minagting van seëninge wat vir ander nasies kosbaar en heilig is, en wat deur ons heidense voorgeslagte toe hulle nog barbare was, nie alleen geëerbiedig is nie, maar soms aanbid is, het 'n kettingreaksie van minagting ontketen.

Dis maklik om te verklaar hoe hierdie gebrek aan eerbied vir heilige dinge in ons land posgevat het. Die ekonomiese geskiedenis van S.A. is 'n ope boek. Die gruwel van sataniese uitbuiting van die mens se sweet en die aarde se skatte staan met rooi letters daarvoor geskryf. Ons

landbouprysbeleid is die triomf van die eeu van onreg. Die politieke aspek van daardie onreg, word sedert jare deur ons nasie bestry, en is nou aan 't verdwyn, maar die ekonomiese aspek daarvan seëvier nog elke oomblik, en as dit nie uitgewis word nie, het die blanke ras geen hoop op voortbestaan nie. Die vraag ontstaan hieruit of die onderwys by die nasie se stryd om die voortbestaan betrokke is, of nie? Die antwoord is natuurlik ja.

Miskien kan die onderwys die hulp van die kerke inroep. Die amptelike standpunt van die Calvinisme ten opsigte van die universele gebrek aan waardering is nie bekend nie; maar uit wat ons onthou van ons grootouers, was dit nie 'n fout van die Voortrekkers nie. As 'n kind byv., in hulle teenwoordigheid op 'n stukkie brood durf trap het, het hulle dit as 'n afskuwelike sonde gestraf of bestraf.

Miskien kan die onderwys die hulp van filosowe soos Schweitzer inroep. Sy denke is vol eerbied vir die lewe, die lewe wat hy tot God herlei. Waar die hele grondslag van 'n landseksonomie op roekelose uitbuiting van mens en grond gebou is, is daar tog seker nie respek vir lewe nie. Daar is beslis nie respek vir 'n boer nie. 'n Nasie wat surplus-melk in rioolpype weggooi, het geen respek vir die mens wat dit produseer nie, en ook nie vir die Skepper nie.

Nou mag 'n leser wat meer spitsvondig as intelligent is, miskien vra of geskoolde ekonome dan nie die staat adviseer nie. Die antwoord is dat hierdie adviseurs nie heeltemal vry is nie: tot 'n mate is hulle die slawe van 'n oorgelewerde sisteem, van 'n ingekankerde tradisie. En daardie tradisie, wat eintlik deur ons vyande hier geplant is, maar vandag deur ons as heilig beskou word, lui dat die waarde van 'n produk deur die wet van vraag en aanbod bepaal word: die waarde in terme van geld, want geld beteken vir hierdie teoretici wat die Godheid of die Goedheid vir u en vir my beteken. Die wet van vraag en aanbod geld egter in werklikheid net vir 'n gegewe oomblik, en kan dus nie op 'n staat van toepassing wees wat ewig is, of, minstens darem duisend jaar wil voortbestaan nie.

'n Nasie, veral ons nasie, kan sy pryse nie op grond van vraag en aanbod vasstel nie, want dit kom outomaties, onvermydelik, wiskundig onfeilbaar, op nasionale selfmoord neer. Oor twintig jaar sal daar 'n wêreldtekort aan voedsel wees. Hongersnood wag om die draai. Tog volg die staat, op grond van sogenaamde wetenskaplike advies, 'n beleid wat die lewe vir baie boere 'n hel maak;

sodat hulle noodwendig móet ontvolk. Kan Suid-Afrika nie sy voedselskuur twintig jaar lank dra nie? Skuld die staat dit nie aan die platteland wat die myne, die nywerhede, die beroepe, die handel en die staatsdienste nou al drie eeue lank dra nie? Skuld die blanke ras dit nie miskien aan sy eie toekoms nie?

Laat ons die vraag aan die onderwys so stel: Is dit objektiewe wetenskap wat jou oud-skoliere beoefen as hulle alles net in terme van geld op die verbyvlietende oomblik waardeer? 'n Pertinente antwoord sou wees dat dit nie oud-skoliere van óns onderwysstelsel is nie, maar wel van die Britse, want die verbruikers was tot onlangs hoofsaaklik immigrante en ander fortuinsoekers wat met 'n home-kompleks behep, nie omgee het of hierdie land vir God of mens bewaar bly nie. Dit verwyder egter nie die feit dat ons eie oudskoliere hierdie houding oorerf en verewig nie. Dit maak die probleem vir die opvoeding des te groter as kinders in sulke huise gebore word, en die slegte invloed afgeleer moet word. Hulle moet dan oeropgevoed word, sedelik-nasionaal gemaak word, en dit bring ons maar weer terug by 'n eties-godsdienstige solidariteitsbesef.

ANDRÉ ROUX:

Skedel

*Tyd, die graftegrawer, het die skedel aan my voet gelê,
met sy vinger na die weggevete grynslag gewys, gevra:
„Is dit wat jy wou hê?”*

Tande klapper. Weg die waan.

Ek skop die skedel weg maar 'n vraag bly pla:

Is dit die werklikheid waarvoor ek staan?

Of, leef daar nog iets na hierdie verstaan?

Is daar klein spikkels skoonheid wat nie vergaan?

Maar waar? Selfs die gekronde sekelmaan

is deur vuurpylneus ontbloot

as stof en as en dood.

Die Hemel het koud geword en naby

en sonder God — nie meer 'n droom vir my,

ver, onbereikbaar, opsy —

maar hier. En selfs die bokmakierie se vroeër lied

is nou 'n skreeu,

die gil van hierdie eeu.

En as die bommie oor die aarde bars

en stede dooie kraters word waar selfs geen rawe kras,

as die stuifmeel van die dood uit die wolke sif,

sal dié wat oorbly glo dis nie die Oordeelsdag, maar bloot,

O, bloot! Atoomafval wat hul kom dood?

Gee my iets aards om aan te klou,

iets sondigs, 'n mens wat verbrou

en val, nie soos Lucifer na 'n Inferno

maar op die grond. Gee my 'n mens wat glo!

Maar ek weet ek kan dit nooit weer hê.

Tyd het 'n skedel met 'n weggevete grynslag aan my voet gelê.

Josef van Arimathea

Ek het U spoor gevolg van Génesis

tot hier: Abraham, Isak, Jakob,

Moses en die laaste profeet, vroom wit ibis

wat troosteloos langs die Oewer van die Onbekende staan.

Langs dié pad het ek gegaan.

Ek het U gevolg tot hier, voor hierdie rots,

die klipgraf, vir my alleen gemaak,

geen praalgraf, maar tog my trots.

Ek het U liggaam in skoon linnedoek toegedraai

en U weggele tot die Oordeelsdag.

Môre en oormôre sal dit soos maar altyd wees

en deur die strate sal die lag

van kinders vrolik rank na God.
 Só het ek gedink. U het plotseling
 die masker van selfgenoegsaamheid
 voor my weggeruk. 'n Hemeling
 straal voor die leë graf. Nie meer 'n mens
 maar Iemand wat geloop het deur die Vallei
 waar ruwe waters die grens
 is van wat lewe en van wat was.
 U was daardeur en het terugdraai,
 skitterende Hemeling, en weer eens teruggegaan.
 In 'n wolk waarin die sonlig helder suile draai
 het U gegaan, terug na God.
 Tog het iets van U gebly.
 Dis anders nou.
 Ek voel soos 'n profeet wat bely
 oor raaisels van die toekoms wat sy oog aanskou.
 Die leë graf is die poort
 deur U oopgekap van 'n pad
 wat slinger deur die angste van die dood
 en dan terugtol na die lewe toe.
 En met dié daad
 is die beste uit die Ooste en die Weste
 saamgegroeï in die vesel van 'n saad
 wat sal ryp word, oop sal bars,
 en fyn en bros
 voedsel word en talisman ook teen die dors
 van God-wil-wees-in-mens.
 En telkens as die sandkors
 van versoeking soos die geur van soet geregte
 langs my priesterskleed opstyg
 en my herinner aan ou fetes, gevegte,
 en die vroom stiltes van die tempel,
 ook van dade van 'n skyngehoof, 'n blote hersenskim,
 dan sal ek na die graf kan wys en vra:
 „Hoekom het ons tot hier geklim
 en toe omgedraai om verstrooi te word
 onder baie nasies?” 'n Lang ry martelare
 het prooi geword
 van 'n weïering om die oopgeklokte
 vrug te eet, en deur die jare
 groei die ry steeds langer aan.

Victor Noctis Aeternae

Uit die warn aarde het die drang
 tot motwees in die eennagblom se stam
 gestu tot wagting en verlang.

*Op die blomlip sit die mot,
roer proboskis, draer van die kruit van lot,
wagend op die vlam, verdelg van vlerk en blaar.*

*Die blomlip roer en toe sy oopgaan
het sy gedink dat sy verstaan:
Môre, niks, net 'n bondel pappeskroeide vrees.*

*En hy? „My lewe is kort. Daar is min
behalwe hierdie nag en die bemin.
Tog glo ek, iets sal bly.
Die nag van trillende vlerk en skuwe blaar
sal die ander, die nog, nóg ander lewe baar.”*

*Mot en blom, albei sterf.
Was die prys te hoog?
Uit die horison span reeds die boog
van die proboskis van die nuwe mot
en in die eennagblom se stam
groeï 'n nuwe groot verlang.
Mot en blaar moet albei weereens sterf.
Die drang bring dood, verderf,
maar ken self geen dood, verderf.*

SOUL ERASMUS SMIT:

Kerkhofblomme

*Piet Mens se maagskap lê bedek met sooie,
aan elke koppenent 'n ysterblom
met nommers, wat op hoë stingel stom
oopkelk en star op wag staan oor 'n dooie.
In stywe rye oor die vredehof
en kleurloos langs viooltjie, bont papawer,
filette, staan hul waar dit daglank dawer
soos bye dreun om ingekelkte heuningstof.
En dag na dag kom nuwe blomme blink
op hopies grond Piet Mens se maagskap wink,
maar uit dié kerkhofblom se syferkelk
kom nooit 'n by gesellig nektar melk,
en nimmer kiem deur skyngewaad
geslagte wat oopgeur uit blommesaad.*

A. J. J. VISSER:

S a u l

I.

Sy lewe lê in as en sak,
want onwil brand als tot wanhoop dor,
en die hart se watervlak
krimp daaglik nouer van die mor
oor rondloop-esels wat hom verskeie dae
deur Efraïm se berge, die land van Salisa
en Saälïm vergeefs en doodmoeg laat strompel.
Wie dink aan huis toe draai? het hy eenkant gemompel.

„Hy't bang geword, na sy mamma verlang,”
sal hul hom terg en hy het bitter gedink aan sy jeug:
Van kleindag het hy hom nooit in hul spele verheug;
was groter as maats, vol lompheid en bang.
„Hy's mos mooi soos 'n meisie, sy ouers se roksband,”
het hul tussen omkyk en aanspeel nydig, astrant
sy kindwees tot repe van skaamte en hartseer verflenter.
Hy het eenkant gaan staan, later ver weg geslenter.

Sonder die esels nie huis toe! Met 'n kwart sikkel
silwer sal hy hul agting uitkoop. Toe het Samuel
se reputasie as siener sy lewe oornag,
soos stormwaters klip en bos, losgewikkel
en oor vreemde oewers laat hel:
Het hy uit Benjamin, die kleinste geslag,
vreemd en vuil in die stad
die eer aan die hoof van dertig gaste gehad?

Toe die skemer oor sy verwondering sak
en hy vol drome lê by Samuel op die dak,
begin hy lig in die donkerte sien:
waarom sal hy nie met die krag
wat in sy bo-armis knop
hul skud, slaan met 'n strop
tot hul weet dat sy swyg en sy lag
geeneen se spotlag verdien?

Die roosknop van 'n ander dag
het soos 'n wonder in hom oopgegaan.
'n Kunstenaar het met een hamerslag
'n beitel in die ruwe steen geslaan,
gekloof, laat oopval in sy skurwe hand
en in sy dink tot nuwe wêrelde poleer.
Op sy breë voorhoof het die salf gebrand;
'n nuwe lig het deur sy oog geskeur.

By die graf van Ragel praat iemand uitasem en skor:
„Toe die alwyn gister oor die hoogtes brand,
het Kis se esels tuis geland.”

Maar by die eik van Tabor
waar manne met padkos (drie broodjies en wyn)
hom inwag, haas hy blindelings verby
na die heuwel van God naby die Filistyne
om tussen profete met harpe, tamboeryne
en sifers te bid, ou dade oop te sny
en die toekoms te sien deur vlamtonnels van pyn.

Oral die bitsige praat met handgebare
op straat, in die poort: Waarom het Moab en Edom
'n leier in vrede, 'n skild in gevare?
Teenoor hom uit die kleinste stam en geslag
geen woord; word net spottend gelag
as hul skimp van hom en die half-mal profete.

Hoe moes hy weet dat die hart
van die volk moeg was van vra;
dat Samuel eindelijk beloof het
dat die hoogste gesag op aarde by Mispá
deur die lot wetlik bepaal sal moet word?
Nouer kring die sirkels om wat hul middelpunt is.
Stam: Benjamin. Geslag: Matri. Gesin: Kis.

Skielik het hy, van die skouers af groter as hul
die spotters se harte met skrik vervul.

II.

Terug in Gibeá het hy heeldag alleen
die wonderlike reg van die koning gegooi
in sy denke: 'n dobbelsteen
wat hy skommel en gooi, oorgretig tuur
tot swart gaatjies uit wit sy geluksdrome skreeu.
Skommel en gooi, skommel en gooi:
„Jul seuns sal hy neem by sy perde en wa;
om sy lande te ploeg; sy rysstoel te dra.”
„Jul dogters as salfmengers, as koks en bywywe.”
Skommel en gooi: „Die beste wyne,
slavinne, saailande, olywe
en tiendes van kleinvee is syne.
En juiself sal sy slawe wees.”
Skommel en gooi, skommel en gooi.

Trots laat hy sy oë gly
oor die koepel van sy heeal: Daar is sy,
die mooi Ahinoam wat die kamers van sy hart

met kinders vul: gespierde kêrels
Jiswi, Malkisua en sy oog se pêrel,
Kroonprins Jonathan, die held van Migmas en Ajalon,
en twee dogters Merab en Migal. En almal saam: maan, son
en vyf planete aan die donker hemel van 'n volk.

Hy moet vergeet van die jare van wegvlug en vrede-bewaar
as hy Israel langs Egipte en Tirus wil skaar.
Die reg van 'n koning lê in die kragtige daad;
in dié hand wat bloedgrafieke trek met die swaard.
Abner, die leërowerste
moet sy vuus en spiere bulte laat staan
om teen die sterkste vyand hard te slaan.
Want Israel sonder swaarde en spiese kruip weg in doringbos,
kuile, grotte — elkeen loop los
van die ander as 'n vyand op hul grense kom staan.
Proklamasie: Voortaan kry boere byle, ploegskare,
osprikkels en pikke by plaaslike smede
te koop en geslyp en soldate spiese en swaarde
om te veg vir die koning se roem en die vrede.

Toe Nahas sy knor in Jabes laat hoor,
weet hy dat hy alle swakheid moes smoor
by hom en die volk: beeste word stukkend gekap,
gestuur deur die land — die koning sê:
Wie nie uittrek teen Nahas, so sal sy beeste rondlê.
Dié aand toe die stiltes oor die hoogtes lê,
het die oudstes in die poorte geknik en gesê:
In hom die vuishou waarna die volk al eeue streef,
soos ná die skande in 'n woestyn van vas,
hul die goue kalf wat aan hul kleef
met oorlog in die belofteland van hul wou was.
Soos een man het die volk agter sy koning kom staan
en die hond tot hy wegvlug verwond en geslaan.
Die daad het alle verset soos water laat vloei
en voor die aandson die wolke van Gilgal laat bloei
en hul een-een huis toe vertrek met buit,
het die volk as beloning
onder die spel van tamboeryne en fluit
hulde gebring en dieper gebuig voor sy koning.

Nou spreek hy uit Gibea — 'n donderwolk,
wat kraak en blits oor elke volk
en vreemde land: Sy ramshorings, fluite tamboeryne
speel oor Moab, Ammon, Edom en die Filistyne.

III.

'n Perd kap klip, kou sy stang;
steier-runnik toe die ander hingste bang:

*Wie's baas, ek of hy? Op wie't die lot
geval en wie's uitverkies deur God?*

*Die dag sal kom en binnekort
dat die gespuis van dodebesweerders en waarsêers
in hierdie land van belofte
nie meer geken en van gehoor sal word.
Ek het my kwansuis dan besoedel
met die haastige offer by Gilgal!
Dis speel met die aas op 'n muisval
want in my herleef die spier en wonderdaad
van Simson, Ehud en die ander;
die hoëpriester wat 'n volk se swart verraad
met bloed voor God in heldedade laat verander.*

*En wie besef die reg van die koning
in hierdie landstreek beter as ek?
Wat Israel verower, is Israel s'n,
het sy kleinvee van Edom, Moab of Amelek.
Skommel en gooi, skommel en gooi:
„Die beste van saailande, olywe en wyne,
slawe, slavinne en tiendes van kleinvee is syne.”
Dit is die reg en enkel die reg van die koning.*

*Dan die oorbodig en astrante gepraat:
(Hoe sal ek voortaan die hele keboedel
verfoei en bly haat?)
,God wil dan gehoorsaamheid en jou offers nie hê
en ag jou te min om koning te wees.'
Wie durf dit so aan die Roem van Israel sê?*

*Die mostersaad van hierdie land
sal swart tak teen elke horison se helder brand
tot Saul deur 'n skeur in die gordyntjie sien
die ou stelsels van rigter en profeet is uitgedien.
Dan word die voëls en hul flenter neste
uitgeskud in die Grootsee van die weste.*

*O, die dag sal kom, sal kom en binnekort,
die vonnis is te veel al opgekort!!*

IV.

*Saul sy duisende, Dawid sy tien duisende . . .
Saul sy duisend, Dawid sy tien.
Saul . . . Dawid . . . Saul . . . Dawid . . .
Hoe het die mal profeet gesê?
Aan een wat beter is as jy!*

Saul sy duisend, Dawid sy tien . . .
My dreunings en weerligte
sal 'n haelstorm uit die berge laat kom
om die oorsprong van sulke gerugte
soos bome te knou en verpletter voor hom.

Saul duisende, Dawid tien . . .
Mannetjie, jy speel mooi, maar jy sal sien,
niemand is beter as die Leeu van Israel
en elkeen sterf wat dié onsin loop vertel.

Saul en Dawid; Saul en Dawid . . .
Hy kan siter speel, maar nie met my:
Stel hom aan as owerste oor duisend.
Daar sal hy sy moses kry.

Saul en Dawid; Saul en Dawid . . .
Praat hom om: syne is joue en joue is syne.
Wat wil jy meer? Die mooi jong Migal
vir honderd voorhuide van honderd Filistyne . . .
Saul en Dawid; Saul en Dawid . . .
Oorrompel die verraaiër in sy woning
en bring hom dood of lewendig
voor die honger oë van jul koning.

Dawid en Saul; Dawid en Saul . . .
Na Najot, Gat en Nob? Sy eie leër?
Bring berig van elk wat kos en water aan hom gee.
Ek sal hul wegsny soos 'n etterende sweer.

Nob? Van die priester tot die laagste vlooi
sal dadelik sterf vir dié verraad teen my.
Roei uit as voorbeeld . . . vir die aasvoëls, gooi!

Dawid . . . Dawid ! . . . Dawid ! ! . . . Dawid ! ! ! . . .
Verwilderd het die Leeu van Israel uitgetrek
om 'n patrys te soek in woestyn, wildernis,
op berge, maar net daar en hier sy spoor ontdek.

V.

Sy denke is voëls se fladder, opstyg, duik
langs hol oë van 'n sifdraadfuik
waar hy moeg in die kamp
van Israel sit. Al wat seker is:
Dawid en sy opstandelinge veg vir Agis,
die vuil Filistyn. Vir jare al is hul 'n ramp
wat met tussenposes soos 'n epidemie
in die Suidland van Judea en Keniete kom.
Nou eindelijk, nie meer skelm-skelm, maar openlik téén hom.

Sal ooit my esels huis toe kom
 voor die alwyn oor die hoogtes blom?
 Samuel is dood. In Rama word gerouklaag nou oor hom.
 Was in elk geval niks werd — Gilgal, Amelek.
 Jonathan? Dapper, maar hy en Dawid is
 sedert jare, vermoedelik kop in een mus.
 Bid? Dit nie nou. Bid is die erken
 van swakheid en ek kan die muis nog self vaspen.
 Miskien. Die mens is vuil. Dit mag tog wees
 dat een van die vervloektes die hark van my haat
 êrens in 'n grot, 'n kraal tussen bees of skaap
 ontduik het en laag genoeg is om vir geld te praat.
 Kom my bloedhonde dat jul die vloek
 van 'n weglê-hen vir my kan soek.
 Wie ken nie my wet? Kry alle dodebesweerders, profete
 en waarsêers — swere in die volk se gewete —
 dat ek hul kan oopkap, die swelsel wegny
 dat jul kan aas op die geld en geskenke
 wat hul bymekaar skrop uit vuilwerk, sogenaamde wenke
 en raad in tye van geestelike swakheid en swaarkry.
 Waarom slaap jul, word vet van die niksdoen?
 Vir weke doen jul kamma vergeefs julle bes.
 Ek het berig, maar nie van my bloedhonde, dat 'n paar
 hekse nog leef. 'n Dag, 'n heks, of een van julle sterf.
 Toe, met die neus teen die grond deur stede, plaashuis, oor werf.

Mooi, dan het die broeisding in Endor haar nes.

Nou sal ek 'n brug tussen dood en die lewe
 laat span — die gees van een van die profete
 sal moet sê, (want ek betaal):

„So en so sal jy die oorwinning behaal
 oor almal op aarde en die reg van die koning
 sal beier oor tempels, kastele en plaaswonings.’
 Ék maak die wet en ék sal dit buig tot dit pas
 vir 'n koning wat die reg het oor slawe en here.

Wie sal my ken in die toïngrige klere
 van 'n arm soldaat wat maande nie tuis was?

„Jy kan maar kloek, ou hen, Saul is mal
 en môre sal ek nie meer weet van vannag.”

Na al die veragting het hy net een naam geweet
 met die skielike vra: „En watter profet?”

„Tot jou kê-kê op die oor van Samuel val,
 sal ek duskant die gordyntjie bly wag.”

Terwyl hy honger op die grondvloer lê,
 het Samuel soos 'n gewete oor en oor gesê:
 Onder die krygsrumoer van wakker Filistyne,
 waar is Saul se sifers, fluite, tamboeryne . . . ?
 En Goliat het weer soos elke nag

deur die grotte van sy droom kom lag en lag.
„Ba. 'n Koning se tyd is onbeperk.
Ek sal die lig wees wat in die donker brand
solank daar lewe is, 'n swaard nog in my hand.
Iets te ete. Miskien sal dit die twak teëwerk.”

Die dag lê klein in kloof en skeur,
maar oral styg klag en skreeue ten hemel.
Swaard en spies word rooi in bloed gekleur
waar Filistyne om groepies Israeliëte wemel.
Nouer kring die onheil om sy middelpunt —
daar val en sterf 'n vriend, familielid, sy kind.
Hoe het die mal profeet nou weer gesê?
Daar is na al die sterf van groot en klein
eers genoeg bloed aan die volk se deurkosyn
as een wat beter is as jy
eindelik die oorhand oor jou kry.
Maar die roem van Israel staan te hoog
vir die vuilwerk van pyl en boog;
ook vir dié van een van hul
oor wie hy die reg van koning moet vervul.

Nouer kring die sterfte om sy middelpunt.
„Die spotters uit my jeug sal my nie vind!
Met 'n blink swaai van my regterhand,
blus ek self die vlam se flikker-brand.”

Toe die bloedrooi stiltes oor Gilboa val,
was God se wegloop-esel weer op stal.

P. J. CONRADIE:

Twee Aspekte van die Griekse Tragedie

In die houding wat nie-klassici vandag teenoor die Griekse tragedie inneem, tref ons veral twee uiterstes aan. Aan die een kant is daar 'n groepie wat die Griekse tragedie as 't ware op 'n voetstuk plaas en met 'n eerbiedige ontsag daarna opkyk; die gewaagde gedagte om dit te kritiseer en daarmee fout te vind, kom nooit by hulle op nie. Die gevolg is dikwels dat hulle dit nooit werklik waardeer en geniet nie. Aan die ander kant is daar weer 'n groot groep wat meen dat die Griekse tragedie verouderd en afgedaan is en vir die mense van vandag niks meer te sê het nie. Volgens hulle het die moderne drama daardie primitiewe begin al lankal ontgroeï.

Geeneen van hierdie twee uiterstes bevredig die verstandige klassikus nie. Hy wil hê dat die Griekse tragedie op gelyke voet met die moderne tragedie beskou en gekritiseer moet word. Want geen Griekse tragedie is absoluut volmaak nie, en daar is baie opsigte waarin die Europese drama in vergelyking met die Griekse tragedie ver gevorderd het. Maar aan die ander kant glo hy nie dat die Griekse tragedie net 'n voor-stadium was vir die Europese drama en vandag bloot kultuur-historiese betekenis het nie. Nee, dit is beslis nie waar nie, en die sterkste bewys hiervan is die blywende invloed wat die Griekse tragedie op die moderne drama het, soos veral te sien is in die talle verwerkings van Griekse tragedies wat deur die eeue die lig gesien het. En die verskynsel dat soveel dramaturge na die Griekse drama en mitologie teruggaan vir inspirasie, is veral in die afgelope dekades besonder opmerklik.

In hierdie artikel wil ek twee kenmerkende aspekte van die Griekse tragedie bespreek en probeer nagaan in hoe verre die moderne dramaturg vandag nog op hierdie punte van sy Griekse voorganger kan leer. Hier kan die moderne dramaturge wat Griekse tragedies verwerk het, ons baie leer, as ons nagaan watter elemente van die Griekse tragedie hulle oorgeneem het en hoe hulle op die oorspronklike probeer verbeter het.

Die eerste eienskap van die Griekse tragedie wat ek wil noem, is die feit dat die oorgrote meerderheid van die

Griekse tragedies op 'n mite gebaseer is. Ek wil hier nie ingaan op die ingewikkelde vrae na die ontstaan en die aard van die mite nie. Maar dis wel belangrik om daarop te let dat die mite 'n besondere uitdrukkingswyse is. Dit is die vorm waarin die primitiewe gesteldheid hom uitdruk. Die primitiewe mens kan nie abstrak, met redelike begrippe, dink nie, en dink daarom konkreet, in gestaltes. Dit wil dus sê dat die primitiewe mens, as hy 'n diep gedagte kry, nie 'n filosofiese stelsel opbou nie, maar 'n storie vertel. En hoewel die logies-metodiese denkwysse vandag by ons oorheers, leef daar nog soveel van die primitiewe mens in ons dat ons nog altyd daardie „storie” kan waardeer.

Die mite is egter meer as net 'n uitdrukkingswyse. Ek dink dat ons oor die algemeen met Jung kan saamstem dat die mite 'n weerspieëling is van psigiese prosesse in die onbewuste, nie soseer van die individu nie, as van die hele mensheid. Soos G. M. Kirkwood dit stel: „The distinctive quality of myth, the aspect of it that gives it its peculiar value for literature, is its capacity to express in story form the primary emotional and imaginative workings of the human mind.”¹ U sien dus dat die mite meer is as net 'n storie wat die dramaturg as basis vir sy intrige gebruik.

Die mite is vir die dramaturg 'n ryke bron van inspirasie. Maar as die dramaturg 'n mite dramatiseer, bind hy hom ook in 'n sekere mate. Hy kan sy intrige nie vry uitdink nie; die hooftrekke van sy storie is vir hom vasgelê en daaraan moet hy hom hou. 'n Mens moet egter nie dink dat die Griekse dramaturg hom deur die mitiese tradisie aan bande laat lê het nie. Nee, as hy dit nodig geag het, het hy radikaal aan die mite verander. Dit verskil natuurlik van geval tot geval: Sophokles het selde ingrypende veranderings aangebring maar wel klein wysigings gemaak wat betekenisvolle aksentverskuiwings teweeggebring het; Aischulos en Euripides weer, het dikwels ingrypend aan die mite verander.

Nou kan daar miskien gevra word watter regverdiging daar dan is vir veranderings in die mite en watter perke daar aan sulke veranderings gestel kan word. Daar moet in die eerste plek onthou word dat daar geen gesaghebbende versie van enige mite was nie en dat daar dikwels verskillende variante langs mekaar bestaan het. Daar was dus 'n gunstige klimaat vir verdere veranderings aan die mite. Ek reken dat 'n mens die volgende maatstaf kan toepas:

Is die verandering wat aangebring is, in die gees van die mite en lê dit eintlik latent in die mitiese verhaal? Hierdie formulering is miskien 'n bietjie vaag, maar miskien kan ek dit met 'n voorbeeld duideliker maak.

U ken die mite van Jason en Medeia — hoe Jason deur sy oom beveel is om die Goue Vlies te gaan haal en deur Medeia gehelp is om die moeilike take uit te voer wat deur haar vader op hom gelê is voordat hy die Vlies kon kry. Die mite het vroeër geëindig met Jason se terugkeer na Griekeland, met Medeia as sy bruid. Euripides het egter die verhaal verder gevoer en in sy drama gewys hoe Jason Medeia vir 'n ander vrou verlaat het en sy uit weerwraak nie alleen Jason se nuwe bruid en skoonvader dood nie maar ook haar eie kinders vermoor. Sou 'n mens nou sê dat hierdie toevoeging tot die mite heeltemal vreemd aan die gees daarvan is? Daar is kritici wat dit beweer — hulle bedoel dit as 'n kompliment vir Euripides se oorspronklikheid — maar ek stem nie saam nie. Alreeds is die metodes wat Medeia gebruik het om Jason te help — sy het haar vader bedrieg en later haar broer gedood om hulle vlug te vergemaklik — sien ons tekens van die ander kant van haar karakter, nl. haar neiging tot gewelddadige en gewetenlose optrede, en dit is hierdie eienskappe wat deur Jason se ontrou die oorhand in haar gees kry en haar tot kindermoord dryf.

Daar is 'n tweede opsig waarin die dramaturg homself aan bande lê as hy van 'n mite gebruik maak. Die element van spanning ontbreek dan grotendeels in sy drama omdat die gehoor die verhaal ken en weet wat uiteindelik gaan gebeur. Hier moet ons weer eens die saak in die regte perspektief sien. Die toeskouers het nou wel die uiteindelijke afloop geken — daaraan kon die dramaturg nie juis verander nie — maar hulle het nie geweet op watter wyse die dramaturg die handeling tot daardie eindpunt sou voer nie. Deur onverwagte verwickelinge en 'n verrassende ontknoping kan die dramaturg nog heelwat spanning verwek, soos Euripides ook dikwels gedoen het. Maar verder is dit beslis waar dat die Griekse dramaturg meesal nie daarop uit was om spanning oor die uiteindelijke afloop op te wek nie. Hy konsentreer meer op die wyse waarop die handeling lei tot die uiteindelijke resultaat, hoe oortuigend dit gedoen kan word, en op die groot morele kwessies wat daarby betrokke is. Dit is veral die geval by Aischulos en Sophokles. Maar selfs Euripides, ook waar hy ingryp

aan die mite verander, „bederf” dikwels vooraf sy kanse om die gehoor in spanning oor die uitslag te hou deur in die proloog te sinspeel op die uiteindelijke afloop. Die element van spanning was dus, anders as in die moderne drama, in die Griekse tragedie van minder belang.

Soos ek reeds aangedui het, is daar onder die moderne dramaturge 'n besondere oplewing van belangstelling in die Griekse tragedie, en dit geld nie alleen mites wat alreeds deur die Grieke gedramatiseer is nie, maar ook ongedramatiseerde mites. Waaraan sou hierdie belangstelling toe te skryf wees? Gilbert Highet stel dit vir my baie goed in sy boek *The Classical Tradition*²: „One of the greatest defects of modern drama is that it lacks imaginative power. It is quick, clever, sometimes thoughtful, always realistic. But the great dramas of the world do not stay on the ground. They leave it and become poetry. Because of the modern world's emphasis on material power and possessions it is extremely difficult to write a contemporary play which will rise, at its noblest moments, into poetry. But contemporary problems, treated as versions of Greek myths, can be worked out to solutions which are poetic whether the poetry is that of fantasy or that of tragic heroism.” Die moderne drama dus, met al die vorderinge wat dit in tegniek gemaak het, veral in realistiese uitbeelding, kan nie meer daardie hoëre vlug neem nie; dit bly op die grond, soos Highet dit stel, en kort verbeeldingskrag. Die mite deur sy verband met die diepere grond van die mens se bestaan, is uitmuntend geskik om hierdie tekort aan te vul. 'n Mens kan sê dat die mite vir die moderne dramaturg 'n vorm bied binne die raamwerk waarvan hy sy ervarings en gevoelens kan organiseer. Hy gebruik dus die ou mite om uitdrukking te gee aan sy ondervindings in die moderne wêreld. Soos T. S. Eliot dit gestel het: „It is simply a way of controlling, of ordering, of giving a shape and a significance to the immense panorama of futility and anarchy which is contemporary history.”³

In sy houding teenoor die mite staan die moderne dramaturg natuurlik veel vryer as sy Griekse voorganger vir wie die mite nog steeds 'n sakrale betekenis gehad het. Maar tog voel ek dat ons aan hom dieselfde eis kan stel as aan die Griekse dramaturg, nl. dat die veranderings wat hy aan die mite aanbring en die manier waarop hy die mite hanteer, moet aansluit by die gees van die mite, dat dit 'n uitbouing van die mite moet wees en dat daar geen

radikale breuk met die mitiese tradisie moet wees nie. Daarmee wil ek nie sê dat daar geen nuwe en verrassende interpretasies aangebied mag word nie — dit is juis in hierdie opsig dat moderne dramaturge die mees verbystere-
rende skerpsinnigheid getoon het — maar 'n mens moet tog altyd kan voel dat die dramaturg geregverdig is om die mite met sy drama in verband te bring; anders kon hy net so wel sy eie storie uitgedink het en die karakters ander name gegee het.

Laat ek weer 'n voorbeeld noem. U ken die mite van Orpheus en Eurudike — hoe Orpheus, die beroemde sanger, ná sy vrou Eurudike se dood, so verlang het dat hy selfs na die onderwêreld gegaan het en deur die bekoring van sy sang die heersers daar oorgehaal het om haar te laat gaan, maar slegs op voorwaarde dat hy nie na haar omkyk voordat hulle in die bo-wêreld kom nie, en hoe sy groot verlange hom net voor die eindpunt laat omkyk het, met die gevolg dat Eurudike weer moes teruggaan. Die moderne Franse dramaturg, Jean Anouilh, het hierdie mite in sy drama *Eurydice* verwerk. Kyk nou net wat van die oorspronklike mite geword het. Orpheus is 'n straatmusikant wat saam met sy vader rondreis en Eurudike is lid van 'n derderangse toneelgeselskap. Hulle ontmoet mekaar op 'n stasie, raak verlief en besluit om saam weg te gaan. Hulle geluk is eers volkome, maar Eurudike het 'n verhouding gehad met die regisseur van die geselskap, en as hy in 'n brief dreig om haar te kom haal, vlug sy omdat sy nie wil hê dat Orpheus moet uitvind hoe ver sy te kort skiet by die ideale beeld van haar wat hy gevorm het nie. Sy word in 'n busongeluk gedood en Orpheus is so rasend van verdriet dat 'n geheimsinnige Monsieur Henri aan hom belowe dat hy haar weer op die stasie kan terugvind; hy mag net nie in haar oë kyk voor dagbreek nie. Omdat Orpheus egter die waarheid oor haar verhouding met die regisseur wil agterkom, kyk hy in haar oë om te sien of sy die waarheid praat en verloor haar weer. Eindelik pleeg hy selfmoord om weer by haar te wees.

U mag hier met reg vra wat hierdie drama met die oorspronklike mite te doen het. Al wat eintlik oorbly, is die een punt dat 'n minnaar sy geliefde uit die dood terugkry op 'n bepaalde voorwaarde, wat hy dan oortree. Daar is al gesê dat dit beter sou gewees het as Anouilh die verband met die mite heeltemal laat vaar het en sy karakters liewers ander name gegee het. Maar ek stem nie met

hierdie uitspraak saam nie. Die een punt wat Anouilh behou het, is tog immers ook die kern van die ou mite. En as 'n mens die sentrale gedagte van die mite omskryf as die innige verstrengeling van Liefde en Dood — 'n liefde wat so groot is dat dit die geliefde uit die dood kan terugbring, maar juis deur sy grootheid die geliefde weer verloor — dan moet 'n mens toegee dat Anouilh juis hierdie sentrale tema pragtig in sy drama weergegee het.

'n Mens sou verwag dat die moderne dramaturg veel meer die gebrek aan spanning oor die afloop, wat die gebruik van die mite meebring, sou voel. Maar dit is blykbaar nie die geval nie. Die moderne dramaturg lê soveel vindingrykheid aan die dag in die gee van interessante, nuwe en selfs paradoksale verklarings van die gebeurtenisse van die mite dat die verwerkte drama nooit vervelig of eentonig word nie. Die mooiste voorbeeld hiervan is seker Jean Cocteau se verwerking van die Oidipoes-mite,

La Machine Infernale. Hy maak nie eers gebruik van die waarskynlikheid dat 'n deel van sy gehoor nie die mite ken nie; nee, in die proloog vertel hy die hele verhaal en voor sommige van die bedrywe gee hy nogmaals 'n aanduiding van wat gaan gebeur. Hy konsentreer heeltemal daarop om aan te toon hoe die gode Oidipoes stap vir stap in sy vreeslike lot verstrik het.

Dit is dus my mening dat die moderne drama baie kan baat by hierdie belangstelling in die mite. In Afrikaans het ons nog nie juis tekens hiervan gesien nie, maar daar is wel 'n ander verskynsel wat nou hiermee saamhang, nl. dat die dramaturg die stof vir sy intrige nie uit die eie tyd haal nie maar uit die verlede. In hierdie soort historiese drama is die dramaturg se doel nie so seer om 'n realistiese voorstelling van die historiese gebeure te gee nie, d.w.s. hy dramatiseer gebeurtenisse nie alleen om hul eie ontwil nie. Hy gebruik eerder die gebeure van die verlede om uitdrukking te gee aan sy eie ervarings en gevoelens, m.a.w. hy gebruik die historiese verhaal presies net soos ander dramaturge die mite gebruik. Die geskiedenis word vir hom tot mite. Die omstandighede waaronder die dramaturg dan werk is baie dieselfde as by die dramatisering van 'n mite. Hy behou homself die reg voor om aan die feitlike gegewe van die geskiedenis te verander om daarmee 'n dieper waarheid tot uiting te bring. Ook hier is hy egter gebonde aan die hooftrekke van die verhaal en sy veranderings moet nie te ver afwyk van die feite soos

dit in geskiedenisboeke staan nie. Ook hier moet die dramaturg die element van spanning oor die afloop ontbeer. Maar ook hier bied die historiese verhaal die dramaturg die geleentheid om groter afstand te neem tot sy eie gevoelens deur dit in 'n ander tyd te plaas.

Die tweede aspek van die Griekse tragedie wat ek hier wil bespreek, is die karaktertekening. Maar voordat ek dieper hierop ingaan, wil ek eers iets sê oor die eise wat ons aan die karakteruitbeelding in 'n drama kan stel, na aanleiding van die opmerkings van Raymond Williams in sy baie prikkelende boek *Drama from Ibsen to Eliot*.⁴ Nadat jare lank gemeen is dat die ideaal nagestreef moet word dat die karakters in die drama soveel moontlik soos mense uit die werklike lewe moet optree, d.w.s. so realisties moontlik geteken moet word, begin kritici nou neig na 'n ander opinie. As 'n dramaturg 'n drama skryf, is sy hoofdoel tog nie bloot om lewensware mense op die toneel te laat optree nie; hy wil iets sê deur middel van die drama as geheel, uitdrukking gee aan 'n sekere lewenshouding, en vir die bereiking van hierdie doel is karaktertekening maar net een van die middele. Die ware toets vir karakteruitbeelding is dus nie of die karakters met die werklikheid ooreenkom nie, maar of hulle dien tot uitdrukking van die dramaturg se lewenshouding. Soos Williams dit stel: „With characters, the important dramatist is concerned, not necessarily to simulate 'real, live people', but rather to embody in his personages certain aspects of experience. That this will frequently result in the creation of characters which we feel we can accept as 'from the life' is certain; but the result will not always be so, and we must be careful that our judgement depends not on whether the characters are lifelike, but on whether they serve to embody experience which the author has shown to be true.”⁵ As 'n mens hierdie standpunt aanvaar, dan sal dit ook jou beoordeling van die karaktertekening affekteer. T. S. Eliot sê selfs: „It (the verse play) may allow the characters to behave inconsistently, but only with respect to a deeper consistency.”⁶

Die karaktertekening in die Griekse tragedie is beslis vir die moderne leser enigsins vreemd. Ek dink dat hy voel dat dit karig, eenvoudig, ja selfs primitief is. Hierdie gevoel word veroorsaak deur die feit dat die Griekse dramaturg selde die kleiner, meer intieme, individuele trekke van 'n karakter aantoon, maar hom beperk tot enkele belangrike,

oorheersende eienskappe. 'n Mens sou hier die term „tipe” kan gebruik, maar dan moet dit nie misverstaan word nie. Met hierdie term bedoel ek nie die tipe wat ons in die Romeinse komedie kry, soos die suinige ou man, die verliefde jongman, die slim slaaf ens., wat heeltemal konvensioneel is en volgens 'n vaste patroon reageer nie. Die karakters in die Griekse tragedie is wel deeglik persoonlikhede, maar die dramaturg konsentreer op die uitbeelding van die oorheersende karaktertrekke. Hy gee as 't ware net die buitelyne van die karakter en laat, soos in 'n inkleurboek, dit aan die toeskouer oor om self die kleure in te vul.

U sien hoe belangrik dit is om eers die maatstaf te bepaal waarvolgens jy die karaktertekening gaan beoordeel. As die toeskouer verlang om mense uit die werklike lewe op die toneel te sien, dan sal hy teleurgesteld wees en reken dat die ontwikkeling van karaktertekening in die moderne drama die Griekse tragedie heeltemal laat verouder het. Maar as 'n mens eerder let op dit waaraan die dramaturg in sy drama uitdrukking wil gee, is die karaktertekening in die Griekse tragedie vir hierdie doel baie geskik.

Dit is duidelik dat die karaktertekening in die moderne drama baie verskil van dié in die Griekse tragedie. Die moderne dramaturg hou daarvan om al die klein individuele trekkies, al die hebbelikhede van 'n karakter uit te beeld. Om die vergelyking van hier bo weer te gebruik, sou ek sê dat hy daarvan hou om die prentjie in te kleur, en hoe meer kleure des te beter. Dink maar net aan die karakter uit een van Ibsen se dramas wat so onafhanklik is dat hy self die knope van sy klere aanwerk, maar dan vergeet om die gare behoorlik om die knoop vas te draai! Dit is ondenkbaar dat enige Griekse dramaturg vir ons so iets sou noem. Maar die moderne dramaturg gaan natuurlik ook verder; hy hou daarvan om al die kronkelweë van die menslike gemoed na te gaan en sy innerlike teenstrydighede en verborge motiewe uit te pluus, om maar te swyg oor die beklemtoning van die seksuele wat onder die invloed van die Freudiaanse sielkunde so kenmerkend van die moderne drama geword het.

Hierdie neiging van die moderne dramaturg kan 'n mens baie mooi sien as jy nagaan hoe die karakters geteken word in moderne verwerkings van Griekse tragedies en dit dan met die oorspronklike vergelyk. Laat ek een voor-

beeld noem. In sy *Antigone* toon Sophokles hoe die heldin, ten spyte van 'n verbod, die liggaam van haar broer wat teen sy eie land opgetrek het, begrawe en daarvoor met die dood boet. Hy lê net klem op enkele karaktertrekke van Antigone — haar liefde vir haar broer, haar eerbied vir die instellings van die gode, haar hardheid teenoor haar suster wat nie saam met haar die gevaar wil trotseer nie, haar smart dat sy die lewe moet verlaat voordat sy haar roeping as vrou vervul het. Sophokles vertel wel vir ons dat sy aan Haimon verloof is maar laat Antigone niks sê van haar gevoelens teenoor hom nie — tot ontsteltenis van baie kritici! Let nou op hoe Anouilh in sy verwerking van hierdie drama die heldin se karakter teken. Ek noem net enkele punte. Die drama begin waar sy die oggend vroeg die paleis ingesluip kom, vol opgewondenheid dat sy die natuur betrap het voordat dit ontwaak het, 'n tuin wat nog nie aan mense dink nie. Sy stel haar kamervrou gerus en vra haar om, as sy weg is, goed vir haar hondjie te sorg en selfs met hom te praat! As Haimon dan op die toneel verskyn, volg daar 'n hartstogtelike liefdestoneel waarin Antigone haar eers van sy liefde verseker en dan beken dat sy hom die vorige aand wou verlei omdat sy nou weet dat hulle nooit sal kan trou nie. En so gaan dit voort.

Verstaan my goed. Ek vind geen fout met die karaktertekening in die moderne drama nie; intendeel, sy subtiële uitbeelding verskaf my baie genot. Ek wil net wys op die fundamentele verskil met die karaktertekening in die Griekse tragedie en daarvoor pleit dat elkeen in sy eie reg waardeur word. Maar ek wil ook wys op die gevare wat kan skuil in 'n al te groot konsentrasie op karaktertekening alleen.

Ek het hier slegs twee aspekte van die Griekse tragedie behandel, en daar sou nog meer punte genoem kan word, maar ek hoop dat dit voldoende is om aan te toon dat die Griekse tragedie vandag nog van aktuele belang is en dat die moderne dramaturg nog steeds baie daarvan kan leer.

1 *A Study of Sophoclean Drama* (Cornell University Press, 1958), p. 22.

2 (Oxford, 1949), p. 532.

3 Aangehaal deur R. Williams *Drama from Ibsen to Eliot* (London, 1954), p. 196.

4 p. 13 - 21.

5 a.w. p. 18.

6 aangehaal deur Williams, a.w. p. 19.

BAREND J. TOERIEN:

Die uitspansel hoog oor my

*Die uitspansel hoog oor my span
sterwolk-sisteme oop vanwaar
my ruig voorvaders iesegrim
uit eie konstellaties staar*

*en na my neerfrons want ek grief
hul seker daagliks; my beleid
is om te wys ek het hul lief
(hul is tog in die meerderheid).*

*Ek knik my kop erkentlik dus
al gee hul nòg glimlag nòg guns,
en gaan my gang en slaap gerus,
hoog dankbaar ek is minstens mens.*

Aspekte van liefde

*Hy hans, 'n maanduiw, is gepaar met my hand,
'n onvanpaste paramour. Dog hul bereik
eenwording met hoog-seldsame volkommenheid.
Hy hoef alleen hom uit te strek bo haar
of sy buk honger voor haar heer,
soek en soen sy vingers en plat
gee haar geheelenal oor, word tot niet.
My hand se hanswors dus? Intendeel,
soos hy haar streel, sy vyf vingers sluit
om haar trots skoelapper nek, en sy klein skreetjies stoot
voel hy die fyn stuip-trekkinge, leer hy 'n hand se doel.*

Winter

*Ek lê my hand neer soos 'n handskoen op die vensterbank
sodat die winterson ons warm maak, vir my en hom.
Dis soos 'n slegte grap dat sonbesies ooit kon
ravot het, geraas het, en kriekies snags. Nou is hul stom.*

*So stil is dit dat ek die klok hoor in my pols
en die verraaiër, hand, hoor sê, „Kom in! Kom in!”
Ek ruk hom regop, praat hom aan, „Moenie hom inlaat,
die winter!” En besef dan dat kindsheid my oorwin.*

*Om tot verhaal te kom spits ek my ore vir ander klanke
en hoor dan die gehuil soos wind deur straat-spelonke suig;
helder en skerp klink voetstappe op die sypad-grint,
en teen die ruit hoor hy vibreer 'n spuitvliegtuig.*

Oorkant die straat

Uit die Pools van Kazimierz Wierzynski deur M. en B.J.T.

*Die blare vladder deur die skoorsteen
— 'n fluistering in die vuurherd wat nie bedaar.
Die son brand laag, niks gaan meer gebeur;
die dag is klaar.*

*Vergeelde hande op die leunings van 'n ou stoel
strel die ou en gepoleerde hout.
Sy sug: Hoe lieflik tog was alles!
Hy antwoord: Dit is dood.*

*Gebukkend skuif hul na die slaapkamer;
onder 'n donscombbers gekrul, lê hulle.
Stadig sluit hul hul moeë oë
— vier opgeswelde aardbolle.*

*Nog fluister en fluister die blare
onnodige en onrusbarende nuus, 'n ruiseling.
Sy fluister: Moenie bang wees nie, dis alles oor.
Hy antwoord: Maar dit begin alleen van voor.*

Blomme

*Die vraag in die gesig in die blom
is wat my plaag.
Daar's 'n lang keel, 'n keelgat, 'n oop mond
van 'n medium in beswyming, maar daarin is geen tong.*

*Die hotnosvyblom hou miskien nog die fabel
heel van Sy lot,
van die heilige goudspeke wat wiel om Sy kroon
soos geteken in kleur in my kinderbybel.*

Donker lied

*Wat die see wil wil ook jy
sy vingers in repe rotse-geslaan
kom weer terug en klou weer
in vloed geswel is jul albei
en sal soos salm op teen 'n val
slegs in stil poele voltooiing kry.*

Muurteks

*My grotes, my mitologie
bly my voor oë, julle wie
nooit duimgegee het, of geflikvlooi:
Retief, De Wet, Hendrik Witbooi.*

Seemeeue

*Seemeeue en riviere
en skepe se skuinspore.*

*Agter vlarde van wolke iewers bo die Teems
kom die teenrige skreeue.*

*Hier huiwer hul hoog, en swewe
oor die eb en vloed van die ewige East River.*

*Hoeveel wilder in Tafelbaai was hulle gille
toe met wit sakdoeke hul vladder
soos vlinders oor die verre kaai.*

Die hiëna in my hart

*Die hiëna in my hart ontdooi
met uitdoof van my lig; dan val hy aan.
Hy hap lafhartig na sy prooi;
hy is handlanger van die maan.*

*Die terwyl my lig nog brand
was uit gesig. Nou's ek — hul buit —
vasgekeer aan elke kant
en vreet hul my van binne-af uit.*

M. STEYN VAN ROOYEN:

Hou vas die Beker

*Hou vas die beker wat jy drink
in die kroeg waar jy
by drinkmaats staan,
glimlag met hulle saam
as die kroegman nog een skink.*

*En as die lewe vir jou goed is
en die drinkers om jou skaar —
onthou, elke teug se lafenis
ontbloot jou ware self
vir die mense wat om jou is —
hou dan ook jou beker vas
as die mooi ou wêreld na jou staar.*

*Maar as die teenslag slaan,
die lewe nie meer glimlaggend wink —
as jy alleen moet staan
om die bitter kelk te drink
en jou siel versink in as —
hou dan die beker vas.*

Begrafnis van 'n Soldaat

*Swaar sleep die dodemars oor die straat
en bedroefdes in uniform stroom die kerkdeur uit —
die liggaam van die ontslape soldaat
lê rustig op die kanonaffuit.*

*Op maat van die blaasorkes se treurige weeklag
en soldate wat in rou marsjeer,
sink dieper die smart met elk tamboerslag —
bewys sy makkers die laaste eer.*

*As drie sarsies van die vuurafdeling oor die graf
in die stil begraafplaas draal,
en die gedrapeerde kis sink stadig af,
klink die weemoedstoon van die beuelsinjaal.*

*Hier rus hy nou, die getroue soldaat;
hy wat in lewe nie veel gevra het,
of wat sy medemens nie kon haat —
hy wat sy uniform met eer gedra het.*

Deur die Klankgrens

*In die beklemmende ruimte van die stuurkajuit
sit hy, die vlieënier, met gasmasker en gesuis van suurstof
in die omwêreld van luggewelf en kimme
wat teen ingeskakelde verstand en liggaam stuit.
Hy draai die straalvegter op sy rug en beur
met turbinestukrag die klankgrens deur
waar supersonies-golwe se donderknal
soos sidderende weerlig teen die aarde val.
En soos die wonderwerk van meganiek die snelheid
van klank in die ruimte stil laat staan,
so breek die mens met roekelose felheid
in teen die gees se grense —
om aan die anderkant van 'n onbekende wêreld
in 'n slykpoel van verwarring te vergaan.*

JAC. J. BRITS:

En dit was Nag

DRAMATIS PERSONAE

- (1) Judas van Kariot.
- (2) Magdalena . . . sy vrou.
- (3) Hanna . . . haar moeder.
- (4) Josef . . . Hanna se seun.
- (5) Stephanus . . . }
- (6) Josua } Twee Jode.
- (7) Romeinse soldaat.

Die drama speel af in Jerusalem, gedurende die dag van die Kruisiging.

PLEK: Die huis van Moeder Hanna aan die kant van die stad, baie naby die heuwel van Golgotha.

Die decór is eenvoudig, en stel 'n kombuis voor. 'n Lae deur is aan die regterkant te sien, 'n venster in die middel en 'n afskorting met gordyne aan die linkerkant, wat na ander vertrekke van die huis lei. As die skerm opgaan, staan MAGDALENA in 'n knielende houding voor die oop venster, haar hande opgehef, en haar gesig gekeer na die stikdonker naghemel wat soos 'n oordeel oor die aarde hang.

Vir 'n oomblik is dit stil.

MAGD (*Na 'n rukkie, biddend*): Jehowa, hoor die smeking van U diensmaagd en oordeel U Volk nie na verdienste nie. Want ons is vreemdelinge in ons eie land . . . vertrap, verneder en gesmaad. Laat dan U oë met welgevalle neersien op ons smart en eensaamheid — en lei ons uit . . . O, lei ons uit. En wees U self ons Vader . . . ja, ook in hierdie duisternis . . .

(*Haar hoof sak op haar bors, haar hande hang willoos langs haar sye. HANNA kom binne.*)

HANNA (*Sien haar, tree vinnig nader*): Magdalena, ek hoor jou bid.

MAGD (*Kom orent, snel na haar*): O Moeder, ek is bang. Dis so donker buite en alles is so stil. Dis of die dood oral is. Wat moet ons doen?

HANNA (*Vertroostend, druk Magdalena teen haar aan*): Toe maar my kind, netnou is alles verby. As die son weer skyn, sal jy die vrees vergeet . . . miskien selfs lag oor hierdie angs van jou. Ons moet net kalm bly en wag.

MAGD: Ek kan dit nie verstaan nie, Moeder. Van twaalfuur af tot nou is hierdie duisternis oor ons. En dis reeds byna drie-uur. Waarom moet alles op hierdie dag gebeur? Eers gister, toe Judas vreemd en anders was, 'n vreemdeling selfs vir my. En toe vanmôre, die kruisiging van ons Profeet, na al die wag en hoop en bid.
(*Kyk by die venster uit, vol twyfel*) Moeder, wat beteken hierdie duisternis?

HANNA: Hoe sou ék weet, my kind? Ons moet dit liefs vergeet.

MAGD (*Huiwerig*): Is dit oor ons Profeet wat aan die kruishout sterf?

HANNA (*Kyk vinnig na haar*): Ek weet nie . . . ek glo dit nie. Wat praat jy tog? Daar moet 'n ander rede wees.

MAGD: Ek glo dit is, Moeder, ek glo dit met my hele hart. Judas het gesê ons kan 'n wonderwerk verwag. En nou . . . dit!

HANNA (*Met 'n ondertoon van bitterheid*): Judas met sy drome wat nêrens heen kan lei nie as na verydeling! Het dit ons al ooit iets gegee waaraan ons vas kan hou in ons vernedering?

MAGD: U klink bitter, Moeder. U glo tog ook in die Profeet . . .

HANNA (*Kyk weg, skor*): Ek hét geglo . . .

MAGD: Maar nou . . . wat dan van nou?

HANNA (*Asof tot haarself*): Nou is hy dood . . . (*Bitter*) Soos al die ander vóór Hom wat leier van ons volk wou wees.

MAGD (*Hartstogtelik*): Nee, hy is nie dood nie, Moeder. Gespyker aan die kruishout, ja, maar Hy . . . Hy lewe nog. Josef het dit self gesien.

HANNA: Josef is jonk, my kind. Hy praat maar na wat ander sê en dink. En hulle gedagtes dwing so maklik weg van die werklikheid. Dis so maklik om te wens en jou verbeelding met die hoop te voed.

(*Na 'n pouse, stil.*) Ons hoop is doodgebore, kind. Die dae van ons glorie is lankal verby.

MAGD (*In vertwyfeling*): Josef het gesien Hy leef. Hy het gehoor hoe Hy met sy dissipels praat.

HANNA (*Met afgryse*): Hoe kan hy leef? Hoe is dit moontlik? Van nege-uur af tot nou met spykers deur sy hande en voete! Selfs 'n held en krygsman sou só 'n marteling nooit kon dra. En wat is Hy? 'n jongman, ja,

- maar bleek en swak. O Jehowa, laat Hom sterf! Verlos hom van die hoon en pyn!
- MAGD (*Staar by die venster uit*): Dis so ontsettend stil. As Judas maar hier was. Dis of Jehowa ons verlaat het.
- HANNA (*Opstandig, wrang*): Dit het Hy lankal reeds gedoen. Toe stuur Hy hierdie man om Israel te kom verlos van die Romeinse juk. Só het ons almal vas geglo, soos kinders aan 'n sprokie. Dis nog 'n droom wat flenters is!
- MAGD (*Innig*): Tog was hy groot en sterk en manlik soos geen ander man ooit was. Onthou u nog die dag toe Hy en Judas hier verby is? Hy het ons nog gegroet en gevra of u 'n bietjie water het. En Judas het my voorgestel aan Hom.
- HANNA (*Sag*): Dit was 'n warm dag . . .
- MAGD (*Lewe haar in*): En later het Judas self gesê: Hy is 'n held, die Leier wat ons volk sal rig en lei op nuwe paaie. En toe daarna . . . Judas en Hy . . . Judas en die ander saam met Hom.
- HANNA: Dis drome, kind . . . en drome en verydeling is één. Die wêreld lag vir ons; Rome spu op ons.
- MAGD (*Met hartstog*): Vandag nog, ja, maar môre sal dit anders wees. Die toekoms wag vir ons. O Moeder, ek dink so dikwels aan ons volk se smaad. En Judas ook, en duisend ander wat hierdie juk vir jare lank al dra. Ons kan nie altyd kruip nie. Ons móet opstaan uit die as van roubedryf.
- HANNA (*Lag vreugdeloos*): Jy praat soos Judas praat, vol vuur en durf.
- MAGD: U glo tog net soos ek, ek voel dit aan.
- HANNA (*Starend*): Miskien, my kind. Miskien is daar in my hart nog hoop, hoe flou ook al.
(*POUSE. MAGDALENA het gaan sit en staar na die grond. HANNA kyk by die venster uit.*)
- HANNA (*Na 'n rukkie*): Waar is Judas?
- MAGD: Hy is gistermiddag vroeg al weg. Ek weet nie waarheen nie. Hy dwaal gedurig rond soos een wat rus nie ken nie.
- HANNA (*Stil*): Gisteraand was hy by die owerpriesters. Daar is vele wat hom wil vermoor, na gisteraand. Van môre vroeg was Petrus hier.
- MAGD: Petrus?
- HANNA: Vroeër was hy Simon — deur Jesus self tot Petrus herdoop.

MAGD: Wat wou hy hê? Hy is geen besondere vriend van Judas nie.

HANNA: Hy wou net weet waar Judas is. (*Stil*) Weet jy wat hy hom genoem het?

MAGD (*Aseemoos*): Wat, Moeder?

HANNA (*Kyk na Magdalena, met klem*): Verraaier!

MAGD (*Hartstogtelik*): Nee, nie dit nie, Moeder. Hulle ken Judas nie soos ek nie. Judas is groot, hoor u my, groot en sterk. Israel is sy hartstog. (*Intiem*) U ken sy lewe, Moeder, die hel wat hy as kind moes dra. Hy weet nie wie sy moeder is nie. Die uur toe sy in minzaamheid die liefde van haar hart moes gee, toe word hy weggesmyt soos vuilis op 'n vuilishoop. (*Bitter*) Was sy Hebreus . . . 'n vrou uit Israel? Mag die vloek van Jehowa op haar rus! (*Sagter*) Net ék ken hom volkome, Moeder. Net ék weet van die drifte wat sy siel verteer. Selfs snags as ander slaap, hoor ek hom bid en smEEK.

HANNA: Kan jy sy woorde hoor?

MAGD: Nee . . . ek weet net dat hy ly om hierdie volk ontwil, om u en my wat onder hierdie juk moet leef.

HANNA: Hoe kan 'n enkeling ooit die juk van Israel dra? So vele het dit al probeer en aan die kruis gesterf. Ons volk het bloed genoeg gegee, my kind. Selfs die Profeet en Rigter van ons volk is besig om te sterf . . . miskien is Hy al dood.

MAGD (*Innig*): Selfs al sou Jesus sterf, sou Judas voortgaan op die weg. Daar is geen Romeinse swaard wat hom kan keer.

HANNA (*Starend*): Glo jy wat jy sê, my kind?

MAGD (*Vroulik, innig*): Ek glo, Moeder, ek glo dit met my hele hart. As Judas kon verstaan hoe diep my liefde en vertroue is . . . as hy maar kon verstaan. Soms word hy stil, só in homself gekeer, of sy gedagtes ver bo die hede sweef. Dan voel ek trots op hom . . . so anders trots as ander vroue.

HANNA: Jehowa seën julle liefde, kind. Want seën . . . dis wat julle nodig het. Die toekoms lyk so donker . . . ons mara is aan kom.

(*POUSE*)

(*JUDAS kom skielik binne. Hy is 'n breedgeskouerde Jood, met wakker oë. Daar is iets angsvalligs in sy houding, asof daar diep in sy siel 'n vrees verborge lê.*)

MAGD (*Snel na hom*): Judas! Waar was jy al die tyd? Kom sit; jy is seker moeg.

- JUDAS (*Druk haar teen hom aan*): Moeg? My liewe Magdalena, lyk ek na iemand wat oor moegheid kla? (*Merk skielik vir Hanna op*) Gegroet, moeder Hanna.
- HANNA: Gegroet, my seun. Ons het jou gistermiddag laas gesien. Verlede nag het ons gewonder waar jy is. 'n Man hoort by sy vrou, my seun.
- JUDAS: U was natuurlik weer bekommerd.
- HANNA: Magdalena was onrustig — soos altyd maar. Veral gisteraand nadat jy by die soldate gesien is.
- JUDAS (*Glimlag na Magdalena*): Dit sal nooit weer gebeur nie, dit beloof ek jou met hart en mond. Van nou af leef ons in 'n beter wêreld. (*Staan luisterend*) Hoor net hoe stil is dit daarbuite — 'n voorspel tot ons groot geluk.
- HANNA (*Skamper*): Ek sal my liewer uit die voete maak. Julle wil tog maar alleen wees.
- JUDAS: Kom nou, Moeder, daar's plek vir u in ons gedagtes ook. Bly gerus.
- HANNA (*Glimlag*): Om stille verwensings op die lyf te loop? O nee, my seun, ek ken die selfsug waaraan die liefde ly.
- MAGD: Só praat Moeder altyd, net of Judas 'n huigelaar is.
- HANNA (*Skertsend*): Ons almal is, my kind; erken sal ons dit egter nooit.
- JUDAS (*Lag*): Dit baat nie om te stry nie, Magdalena. Jou moeder het die jare aan haar kant, en dit beteken groter wysheid. Toe maar, Moeder, as u só voel, sal ons u maar verskoon.
(*HANNA laggend uit.*)
- JUDAS (*Lig haar ken op*): Jy is stil, Magdalena.
- MAGD (*Met vroulike innigheid*): Dis blydschap oor jy weer hier is.
- JUDAS: Het ek dan só lank weggebly? Dis tog nie die eerste keer nie.
- MAGD (*Draai weg*): Nee . . . dit was nie, dis waar. Maar gisteraand was anders, dit weet jy tog. En nou . . . dit alles is so vreemd.
- JUDAS: Daar is niks om voor te vrees nie, Magdalena. Wat ek gedoen het, is gedoen. Dit kan in ewigheid nooit herroep word nie. (*Met vuur*) En dit was reg, wat ander ook al sê.
- MAGD: Ek verstaan so min. Soms is ek bang . . . net soos 'n kind.
- JUDAS: Jy bang? Hoe kan jý vrees, my vrou? Die krag wat daar in my bestaan, kry ek van jou en jou alleen.

MAGD (*Vol twyfel*): As dit moes wees, dan was jy swak en hulpeloos. Want ék is swak. (*Starend*) Soggens as die oosterkim die boodskap dra van nog 'n nuwe dag, dan is dié een gedagte steeds by my: Sien Judas dit? Is sy gedagtes al te vol oorstroom van ydele hoop om onse God in alles raak te sien? Droom hy maar slegs omdat hy smag na eer en roem? Of is die weg waarop hy wandel, die weg deur God self uitverkies?

JUDAS (*Hartstogtelik*): Dit is . . . dit is sy weg, my vrou. Ek sweer dit hier voor Hom. Hy het my uit die ashoop opgetel om hierdie volk te lei, om vir hulle wat, soos ek, die liefde moes ontbeer, 'n broer te wees.

MAGD: Probeer vergeet, my man. Wat baat herinneringe as dit die siel verbitter?

(*Vroulik innig*): As jy herinnerings moét hê, dink dan aan my en jou, die dae heilig en volledig wat ons twee saam beleef het. Onthou jy nog? (*Hy kyk onseker na haar*) Soms as alles donker is, dink ek dat ons liefde stukkend is. Maar nou, op hierdie oomblik, ken my hart geen twyfel nie.

JUDAS (*Oorweldig*): Slegs maar die liefde bring vergeetheid van alles wat die siel verteer en swak en willoos maak. O Magdalena, jy is 'n vrou uit tienduisend, die room van Israel!

MAGD: Jy vlei nou soos 'n kind, 'n seun in oorgangsjare, sonder te wik of weeg.

JUDAS: Juis daarom is dit waardevol — omdat dit eerlik is. Die hart spreek tog nie met verstand nie, maar met gevoel.

MAGD (*Glimlag teer*): Jy sal 'n vleier bly solank jy asemhaal. Soms glo ek jou, weet jy? Ek weet dis dom van my, maar ek is net 'n vrou.

JUDAS: Die beste vrou in Israel! (*Skielik geheimsinnig*) Ek het 'n groot present vir jou. Maar môre eers, as jy kan wag tot dan.

MAGD (*Opgewonde*): Jy maak my altyd bly lank voor die tyd. Vannag lê ek en droom daarvan. Is dit handelaars uit die Ooste?

JUDAS: Natuurlik, dit weet jy mos. Hulle eie voorraad is glo maar skraal, maar môre kom hulle vriende aan met skatte uit die Ooste. En ek sal self daar wees en slegs die beste koop. Raai wat gaan dit wees?

MAGD: Hoe moet ek weet? Jy koop altyd iets waaraan ek nooit kon dink nie.

JUDAS: Só hoort dit ook. 'n Vrou moet steeds verras word, anders word sy rusteloos. Ek sê altyd: sorg vir verrasings, en jou vrou bly jou getrou. Dit is 'n wyse woord, die wagwoord van die liefde. Maar môre eers, my koningin, eers môre . . . (*Staar voor hom uit*) Eers dán, wanneer die vreugdevure brand en ek en jy daar aan die voorpunt staan en juig saam met die volk. A, Magdalena, ek sou graag self by die kruis wou staan en wag dat Hy die wagwoord uit moet spreek en afkom van die vuil Romeinse kruis. (*Onrustig, bitter*) Maar ek is uitgewerp, 'n vuil misdadiger in elke gek se oë. Ek het Hom mos verraai en oorgegee aan hulle wat Sy lewe soek! Verraad! Dis hulle wat Hom verraai deur sag en swak te wees en bang vir die Romeinse swaard. Nie ék nie, Magdalena. Ek wou Hom slegs maar dwing om groot te wees, Sy mag en heerskappy te toon. Die vuil Romeinse honde moet kom kruip voor Hom en ons regering. Ha ha, hoe sal ek lag vir Goewerneur Pilatus! Ek wonder wat hy alles sal sê? Dis of ek hom al hoor. (*Kom skielik tot homself, in twyfel*) Maar Hy moet afkom van die kruis. Hy sal dit móét . . . Hy sal dit nou móét doen!

MAGD: Maar hierdie duisternis waardeur geen oog kan sien? Is dit Sy mag wat Hy vertoon?

JUDAS: Om hulle te verblind en lam te maak. (*Met veragting*) Ek wens jy kon die honde sien toe alles skielik donker word. Dit was waaragtig 'n gesig om ewig te onthou. Hulle kon dit nie verstaan, kon net maar smeek en roep na een of ander god wat net so bang soos hulle was. Toe eers het ek besef hoe groot Jehowa werklik is, hoe groot ons volk kán wees.

MAGD (*Vertwyfelend*): O Judas, ek voel so bang. Dis of die toekoms leeg en donker is. Vir Moeder hou ek alles dig en maak of ek in alles glo, aan jou en my, ons toekoms saam. Maar diep in my is steeds die angs dat alles sal verander.

JUDAS (*Teer*): Sulke gedagtes pas nie by jou nie, Magdalena. Jy weet hoe groot my liefde is. Jy gee my krag om aan te hou en sterk te wees.

MAGD: En tog is ons geskei. Ons leef apart, soos vreemdelinge. (*Na 'n oomblik*) Ek soek slegs klein geluk, van lief te hê, 'n kind te hê om aan my hart te druk.

JUDAS (*Bitter, hard*): Om op te groei in hierdie hel van vrees en diep verlange? Hier in Jerusalem waar die liefde

- bleek en vormloos is en haat die harte voed?
- MAGD (*Ontroerd*): Só leef jy weg van my en hierdie kind van jou wat in my lende is.
- JUDAS: Hoe sal ek anders word, my vrou? Ek soek maar slegs die heil van Israel, dít weet jy tog. Hoe kan ek jou oortuig?
- MAGD (*Vroulik*): Só glo ek ook, my man, en daarom is ek trots op jou. My hoogmoed sien so baie dinge oor. Maar baat dit iets? Sal Israel ooit weer vry kan wees en groot kan word?
- JUDAS (*Met vuur*): Ons sal 'n nuwe volk bou, Magdalena. A, die tyd sal kom dat Jehowa weer trots en jaloers op hierdie volk sal wees. Ons sal die wêreld onderkry, ons knieë op die vuil Romeinse strotte plaas. Vervloek is elkeen wat anders dink, sy bleek lafhartigheids agter sy kalmte wil verberg! Mag sy bene verrot, sy buik deur Mammon self geskeur word!
- MAGD: Jou stem is soms onwerklik, Judas, só of jy deur die werklikheid wil dring en in die toekoms van ons volk wil kyk.
- JUDAS: Ja, Magdalena, elkeen moet kyk wat in die toekoms lê. Slegs daarin lê ons krag. Verlede is 'n dooie las; wat gee ons daarvoor om?
- (*POUSE. Hy staan voor die venster, met sy hande aan weerskante van die koesyne. Draai na 'n oomblik om.*)
- (*Vervolg*) Israel is groot, Magdalena. Meer nog, dis verhewe ver bo die taal van hierdie skepsels wat hulleself Romeine noem. Wat plaas 'n volk ver bo sy tydgenote? Is dit hulle roem as krygsmanne, hulle geld en handel met die wêreld? Nee, Magdalena, duisendmaal nee! Mag die God van ons voorvaders my tref as dit die waarheid is! (*Strompel weg*) Israel het behoefte aan 'n leier, Magdalena, aan iemand wat die siel van hierdie volk verstaan. Maar waar is hy, waar is hy?
- MAGD (*Sag*): Maar Jesus dan? Hy is tog nog daar . . .
- JUDAS: Ja, Jesus kan 'n leier wees vir hierdie volk wat op die ashoop sit. Hy móét dit wees. Dit is ons laaste hoop. Maar waarom wag Hy dan so lank, so bitter lank?
- (*In vertwyfeling*) O Jehowa, straf my nie met magtelosheid en vrees. Gee my oorwinning oor myself.
- MAGD (*Teer*): Ek is maar net 'n vrou, my man. My hart verstaan so min. Wat kan ek doen as net maar hoop en bid dat jy vir ewig moed sal hou, selfs tot die bitter einde toe.

(*Buig haar hoof; na 'n oomblik*) Ek ken die wanhoop wat daar soms diep in jou hart ontstaan . . . want ook my siel ken twyfel.

JUDAS: By die hemel, Magdalena, ek twyfel nie! My siel dien nie in tweespalt my eie God en ook nog vreemde gode nie!

(*Hoogmoedig*) As almal maar, soos ek, die vreugde van die sekerheid kon smaak. Hoe groot sou Israel dan nie wees nie? Maar nou is almal pap, en bewe voor ons vreemde heersers.

MAGD (*Innig*): Wanneer die uur van vergelding kom, sal almal soos 'n leër jou volg.

JUDAS (*Kyk diep in haar oë*): En elk en ieder sal dit weet dat jy die inspirasie was en ek maar slegs die werktuig.

(*Sy glimlag teer na hom, leun teen hom aan.*)

(*'n Paar vinnige kloppe word skielik aan die deur gehoor.*)

(*JUDAS en MAGDALENA verstyf.*)

JUDAS: (*Na 'n oomblik*): Wie is dit? Praat!

STEM: Josua en Stephanus.

JUDAS (*Tree verras vorentoe en maak die deur oop.*)

(*JOSUA en STEPHANUS kom binne. Hulle houding spreek van opgewondenheid en verwagting.*)

JUDAS: Wat soek julle hier? Julle plek is by die kruis. Is dit soos julle Hom dien?

JOSUA (*Kyk na Stephanus*): Ons was wel daar, maar het gedink om jou eers te kom vertel hoe sake staan.

STEPH: Sake lyk sleg.

MAGD (*Tree nader*): Waarvan praat hulle, Judas?

JUDAS (*Hoor haar nie, staan verstyf*): Is . . . is alles dan verby?

STEPH: Nee, Hy lewe nog, maar gee geen teken dat Hy af sal kom nie. Ons voel onrustig nou.

JUDAS (*Triomfantlik*): Maar Hy lewe nog, waaragtig, Hy lewe nog! Hoor jy, Magdalena? (*Aan die twee*) Julle is te haastig en wil Sy plan vooruitloop. (*Onrustig*) As Hy die magwoord spreek en afkom van die kruis, moet julle by Hom wees.

MAGD: Judas, wie is hulle?

JUDAS: Ons vriende en vegters vir ons ideaal. Josua en Stephanus. Ek het hulle gister eers ontmoet. Ek ken 'n man as ek hom sien.

JOSUA en STEPH: Gegroet!

MAGD: Vrede vir julle.

JUDAS (*Aan Magdalena*): Ek het hulle uitgekies om Hom as lyfwag te dien.

MAGD: Lyfwag? Vir Jesus?

JUDAS: Natuurlik, Magdalena. Dit gee gesag en dwing respek van almal af. Ons het 'n lyfwag nodig, veral in hierdie stad waar vyande van ons Volk regeer.

STEPH: Ons het ons wapens goed versteek.

JOSUA (*Spytig*): Ek is nog altyd jammer oor die swaard. Dit was vir jou skerp!

JUDAS (*Lag, dan ernstig*): 'n Swaard is veels te groot om te verberg, Josua. 'n Jood wat ooit 'n swaard durf dra, se kruis is klaar gemaak. (*Veragtend*) Dis mos verzet waarvoor hulle tog so bang is.

STEPH (*Sug behaaglik*): O wel, die messe is skerp genoeg; ek het dit self geslyp. Hoe jammer sal dit wees as ons dit nooit gebruik nie. Net een Romein se bloed vir my, en ek sal rustig sterwe. Hulle sê Romeinse vleis is ekstra sag. Die vet was mos aan die lekkerleef en voorspoed. Maar alles het 'n einde, nè Judas?

JUDAS (*Verlustigend*): Ja, alles het 'n einde. Niks bly vir ewig staan nie. Die mag van Rome is aan breek. Hulle magsvertoon is net die bolaag, maar binnekant is alles verrot tot op die bodem toe. Hoe skreeu Pilatus gister saam en gee maar toe — sonder om te weet dat dit sy ondergang beteken.

MAGD (*Skielik*): Wag, ek hoor voetstappe in die gruis, hier voor die deur. (*Almal verstyf en wag gespanne.*)

JOSUA (*Opgewonde*) Ek hoor dit ook. Dis 'n soldaat. Ek ken die voetstappe goed genoeg. (*Spoeg veragtend op die vloer.*)

JUDAS (*Wys na die gordyne, saklik*): Gaan agter uit; dis veilig daar. En gaan onmiddellik na die kruis. (*Ironies*) Bewaar die vrede lank en gee die haat 'n kans om nog te groei. God sy met julle.

JOSUA en STEPH: Vrede!

(*Hulle uit. JUDAS en MAGDALENA bly roerloos staan.*)
(*'n Harde stamp word skielik aan die deur gehoor. Hulle verstyf. Magdalena klem aan Judas vas.*)

RUWE STEM: In die naam van die Keiser, maak oop!
(*Die deur word geskop.*)

JUDAS: (*Tree nader en maak die deur oop.*)

(*'n ROMEINSE SOLDAAT tree binne. Sy houding spreek van eiewaan en selfversekerdheid. Hy stamp JUDAS veragtend opsy.*)

SOLD (*Kortaf*): Ek het bevel om elke huis te ondersoek vir oproere. Daar was genoeg kranksinnigheid vandag. Die duisternis is 'n bondgenoot van hulle wat die gesag van Rome wil ondermyn. (*Roep*) Alle Joodse papbroeke wat wegkruip, kom uit!

(*Gespanne stilte.*)

HANNA (*Verskyn van agter die gordyne, stil en waardig*):
Het iemand my geroep?

SOLD: Was jy alleen?

HANNA (*Kalm*): Ek was alleen.

SOLD: En as ek iemand anders kry?

JUDAS: Ons Joodse vroue lieg nie, Romein.

SOLD (*Ironies*): Voorwaar 'n onderskeiding! (*Veragtend*)
Vroue is almal eners, Jood — so geslepe soos 'n tier.

(*Hy verdwyn agter die gordyn, hou sy swaard gereed.*
Gespanne stilte. Na 'n oomblik keer hy terug.)

JUDAS: Wel, sien jy 'n oproer?

SOLD (*Spottend*): Nee, Jood, maar bang gesigte wel. Dis soos julle almal is. Grootpraat, ja, maar manlikheid? Dis te veel gevra.

JUDAS (*Met ingehoue woede*): Jy praat te veel, Romein. Jy kry nie jou soldy vir slimpraatjies nie. Doen jou werk; ons hinder nie.

SOLD: Jy moet jou woorde beter tel, Jood. Die tronke is juis te leeg. Een meer van julle daarin sal dit nie óórvol maak nie.

(*Staan luisterend.*)

JUDAS (*Honend*): Die Jode is te veel vir jou, Romein. Hulle is gewoond om weg te kruip. Soek maar gerus; miskien is dit die laaste keer dat jy dié voorreg sal geniet.

SOLD (*Lag, slaan op sy bors*): Aha, nog 'n profeet waarmee die Joodse volk so ryklik bedeed is! Vertel gerus nog meer, vriend Jood. Pilatus stel belang in toekomst-blikke en luister graag daarna. Miskien moet ek jou neem na sy paleis. Dit sal hom bietjie pret verskaf, 'n afleiding in hierdie saai stad. Veral na vanoggend se oproere.

MAGD (*Beangs*): Nee, nee, moenie! Hulle sal jou martel, Judas.

SOLD (*Verras, tree nader na haar*): So, sy kan praat? Sy het waaragtig ook 'n tong. Ek het gedink ons Joodse duif is stom en doof. (*Steek sy hand uit na haar; sy deins terug; hy lag*) Hoe koketterig lyk sy nie! Sê my, vriend

Jood, hulle sê julle vroue is so warm. Steek daar waarheid in?

JUDAS (*Tree woedend vorentoe*): Jou hond!

SOLD (*Keer hom met die swaard, dreigend*): Oppas, Jood!

Ek is nou wel nie in 'n luim om dood te maak nie, maar ek kan versoekings nooit weerstaan nie. (*Lag veragkend*)

Julle Jode vergeet so gou. Julle Groot Profeet is maar so pas gekruisig, en tog het julle reeds vergeet wat Hy met soveel vuur verkondig het. (*Boots minagtend na*)

Bemin jou naaste net soos jouself, en bid vir hom wat jou beledig en vervolg. Foeitog, Jood, wat sou Hy sê as hy jou nou moes hoor? Sy hart sou breek . . .

JUDAS: Bly stil!

SOLD (*Ongesteurd*): O, miskien, het ek jou vals beskuldig, Jood. Miskien glo jy nie eers in Hom nie. Dan is ek werklik jammer, hoor.

JUDAS: (*Staar strak voor hom uit. Sy houding is gespanne, soos dié van 'n vasgekeerde dier wat wil spring.*)

SOLD: Luister, Jood, 'n leier word gebore — nie gemaak deur sieklike verbeeldings nie.

JUDAS (*Skor*): Hy was 'n leier! En Hy leef! Gaan kyk maar self daar waar Hy aan julle vuil kruis hang.

SOLD: Hy sal sterf, Jood, dit kan jy glo. Ek het meer as een aan die kruis sien sterf. Sy asem is 'n bietjie lank, dit gee ek toe. Maar alles het 'n einde. Jy dink Hy was 'n leier? Ba! Gaan vertel dit vir die olywe wat op die Olyfberg staan. Die Man kon praat, orasies hou oor liefde en verdraagsaamheid; ja, dít kon Hy doen. Maar veg soos dit 'n man betaam? Daarvoor was hy waaragtiglik te pap. Maar so is julle almal maar.

JUDAS (*Hees*): Praat maar solank jy nog die kans het, Romein. Want lank sal dit nie meer kan duur nie. Hoor hier, Romein, 'n week of twee, en julle is nie meer hier nie. (*HANNA tree onwillekeurig vorentoe.*)

MAGD (*Met angs*): Judas, nee, jy weet nie wat jy sê nie! Meneer, vergeet sy woorde asseblief. Dit was in drif gesê en drif en redelikheid gaan nooit saam nie.

JUDAS (*Stoot haar weg*): Staan tru, Magdalena. Geen Israeliet kniel ooit voor Romeine nie. Ons het ons trots!

SOLD (*Druk die swaard teen Judas se bors*): Jou humeur het 'n temmer nodig, Jood. Was jy gewapen, sou ek jou tong met vreugde uitgesny het. (*Kortaf*) Maar ek het werk om te doen. (*Buig spottend na elkeen afsonderlik*) Tot siens, my Joodse vriende; miskien sien ek julle een-

dag weer. Die wêreld is kleiner as wat ons soms besef.
(*Suggestief aan Judas*) Moontlik by jou eie kruisiging.
(*Stap vinnig, militêr na die deur. Halfpad egter gaan hy
stilstaan, want JOSEF, 'n seun van ongeveer 14 jaar, het
binnegestorm. Hy is duidelik opgewonde. As hy die sol-
daat sien, deins hy verskrik terug.*)

JUDAS (*Wat verras nadergestaan het*): Kom binne, Josef.
Wat is dit?

JOSEF: (*Kyk bang na die soldaat.*)

JUDAS (*Veragtend*): Toe maar, Josef, praat maar. Sy
soort sal jy oral kry.

JOSEF (*Nog aarselend, maar opgewonde*): Judas, Judas,
Hy lewe nog. Ek het Hom self gehoor.
(*Die SOLDAAT tree oorbluf nader, duidelik deur iets
verras.*)

JUDAS (*Met triomf*): Hoor jy, Romein, Hy lewe nog!
Hierdie duisternis is 'n vingerwysing na julle ondergang.
Ha . . . ha . . . die groot Romeinse Ryk! Die magtige Ryk
wat onbeweeglik is! Hoe gaan dit nog verpletter word!
(*Die SOLDAAT antwoord egter nie, staar aanhoudend,
asof gehipnotiseerd, na Judas. Judas voel dit aan. Vir 'n
oomblik staar hulle mekaar vas in die oë. Daar is 'n
voelbare stilte.*)

SOLD (*Met ongeloof*): Judas? Is jy Judas? Die . . . die
een wat . . . ?

JUDAS (*Met vrees*): Bly stil, jou hond!

SOLD (*Lag lelik*): Ha . . . ha . . . ha, Judas, die verraaier
. . . het skielik . . . 'n kampvegter geword . . . Ha
. . . ha . . . ha! By al die heilige gode van ons Keiser!
Dit moet ek waaragtig aan Pilatus gaan vertel . . .
(*Gaan uit, terwyl sy lag nog klink soos 'n bespotting. Die
lag klink verder en verder.*)

(*POUSE. Judas staar wild na die deur, struikel 'n tree
vorentoe.*)

JUDAS (*Skor*): Die vloek! Mag sy siel vervloek wees!

MAGD: Judas, Judas, dis alles verby. Vergeet dit liever . . .

JUDAS (*Onrustig*): Ja, ek sal vergeet. Maar net tot môre
. . . oormôre, wanneer ons baas in hierdie land sal wees.
Dán sal ek onthou. Dan sal ek hom dwing om elke woord
en daad terug te trek. Hy sal dubbel boet, Magdalena.
Jehowa is getuie!

HANNA (*Wat al die tyd eenkant, stil op 'n bankie gesit
het*): As Hy ons volk regeer, sal alles eners wees. Jy
ken sy leer van liefde en verdraagsaamheid. Dit sal Hy

- altyd handhaaf. (*Bitter*) As Hy nie reeds dood is nie.
- JUDAS: Hy sal nie 'n despoot wees nie, Moeder. Streng, ja, maar geen Romeinse Keiser nie. Ons sal ons vryheid om te handel soos ons goeddink tog binne Sy regering hê. En dié Romein sal boet; ek self sal daarvoor sorg. (*Na 'n rukkie starend*) En Hy . . . eers dán sal Hy my ken, waaragtig ken. Nie Judas die verraaier nie, nie Judas wat maar aldeur jabroer speel as ander hulle menings lug. Maar Judas, die sterke, die sekere, die wilskrachtige!
- (*Merk skielik vir JOSEF wat stom eenkant staan. Hy plaas sy hand op die seun se hoof.*)
- (*Sagter*) En jý sal word, soldaat van Israel, met pyl en boog en swaard kompleet.
- JOSEF (*Opgewonde*): Ek wil 'n perd ook hê — 'n witte met die maanhaar van 'n leeu.
- HANNA (*Ongeduldig, staan op*): Jy praat die kind se kop vol dinge, Judas. Móre-oormóre leef hy in die werklikheid en jy sal moet verklaar waarom die lewe nog dieselfde bly.
- JUDAS (*Lewe hom in*): En ek en jy ry oor die dale, op teen die steil Olyfberg en anderkant af. Dan soek ons manne, sterk en fris soos ek en jy om leërs vir Israel op te bou. En aan die voerpunt ry ons Leier, en ek, die owerste oor duisende, ry neffens Hom . . .
- JOSEF: En ek weer langsaan jóú.
- JUDAS (*Glimlag*): Ja, jy ry langsaan my. (*Soos in 'n droom*): Ons hele volk ry langsaam mekaar, soos ware helde wat onoorwinlik is.
- (*POUSE*)
- HANNA (*Wat by die deur gaan staan het, plotseling*): Kyk, kyk, dit word lig, dit word lig!
- (*Almal snel na die deur. Dit word allengs ligter totdat die helder daglig oor die drumpel val.*)
- JUDAS (*Skielik bitter*): Ja, dis lig, en Rome hou nog wag oor ons — sy dom en swak ou kuddetjie.
- MAGD (*Leun teen hom aan*): Daar is nog tyd, Judas. Wie weet, miskien is Hy reeds besig met Sy optog.
- JUDAS: Wag . . . wag! O, Jehowa, hoe lank sal hierdie wag nog duur? (*Struikel weg tot in die middel van die vertrek, waar hy 'n oomblik geboë staan.*)
- (*Na 'n rukkie*) Josef!
- JOSEF (*Kom skugter nader*): Ja, Judas?

- JUDAS (*Plaas sy hand oor die seun se skouer*): Josef, het Hy iets gesê?
- JOSEF: Ja, Hy het. Ek het naby die kruis gestaan. Sy stem was soms so dof.
- JUDAS (*Hees*): Sê my, wat . . . wat hy Hy gesê?
- JOSEF (*Dink na*): Ek kan nie mooi onthou nie. Iets van, ja . . . nou onthou ek goed: ‚Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.’ Toe het ek gekom om jou te kom vertel.
- JUDAS (*Moeg*): Was . . . was dit al?
- JOSEF: Ek kan die ander nie onthou nie. Hy het daarna nog gepraat.
- JUDAS: Maar jy moét onthou, Josef. Ek moét dit weet. O God, die onsekerheid! Het Hy gesê dat ons moet klaarmaak vir die slag, dat Hy sal afkom as ons roep?
- JOSEF: Nee, ek weet nie meer nie, Judas. Ek het net gehoor: ‚Vader, vergeef hulle . . .’
- JUDAS (*Peinsend*): Dit klink wel na ’n God, ’n Vors vir Israel. (*Vertwyfelend*) O Jehowa, as my volk maar groot kon wees, waaragtig groot, soos eenmaal was! Maar ons is klein soos wurms in die stof.
- MAGD (*Gaan by hom staan*): Dit moet jy nooit weer sê nie, Judas. Waar is die hoop en moed van netnou dan? Die durf en krag van ouds?
- JUDAS (*Sug*): Jy maak my skaam . . . en bitter, Magdalena. (*Starend*) Ons volk is groot, ja selfs wanneer hulle kruip voor Rome en sy mag. (*Vol twyfel*) Dit sê ek telkens vir myself, herhaalde kere, totdat refreine krank-sinnig in my hoof bly maal. (*Struikel weg*) O God van ons voorvaders, hoe kan ek glo dat Jerusalem nog in my volk se harte woon?
- MAGD (*Teer*): Jy moenie twyfel nie, my man. Want twyfel is die wortel van die vrees. (*Sluit haar oë vir ’n oomblik; dan stil, hees*). Dit was Sy woorde eenmaal ook, onthou jy nog? ‚As julle dan glo en in julle harte nie twyfel nie, weet dan dat alles moontlik is.’
- JUDAS (*Oorweldig*): Só wil ek jou hoor praat, my vrou. O Magdalena, jy gee my telkens krag, ’n nuutherbore krag. Hoe kan ek twyfel solank jy by my is?
- MAGD (*Eenvoudig*): Ek is maar net ’n vrou.
- JUDAS: Tog is jy sterk, en daarom sal ek sterk wees . . . om Hom, my Meester en ons Leier, te behaag. (*Staar na buite*) Ek sal hier wag totdat Sy koninkryk gestig en vas gegrondves is. Eers dán sal ek na Hom toe

- gaan. (*Fluisterend*) En Hy sal hierdie brandende siel verstaan . . .
- (*POUSE. Almal staan geboë, verslae deur die oomblik.*)
(*Dan plotseling bars JOSUA en STEPHANUS na binne. Hulle is moeg en uitgeput.*)
- JUDAS: Wat is dit? Wat is dit? (*Slinger nader.*)
(*JOSUA en STEPHANUS staar gebroke na die grond, hulle gesigte bedek met hulle hande.*)
- JUDAS (*Met angs*): Josua, wat is dit? Antwoord my, ek wil weet! Is dit . . . ?
- STEPH (*Gebroke*): Hy . . . Hy is dood . . .
(*HANNA en MAGDALENA ween op mekaar se skouers. JOSEF staar na JUDAS, sy oë groot en magteloos.*)
- JUDAS (*Slinger nader soos in 'n droom*): Dood? Dood?
- JOSUA (*Ontroerd, stotterend*): Ons het dit self gesien. Selfs hoe 'n swaard gesteeek word in sy sy. Toe het ons gevlug. O Jehowa, wees ons genadig!
- JUDAS (*Skor*): Dit lieg jy! Ek glo dit nie. Julle moet kranksinnig wees.
- STEPH: Tog is dit so. Ons het dit self gesien. Sou ons dan lieg?
- HANNA (*Wenend*): O God van ons voorvadere, wees ons genadig . . . wees ons volk genadig!
- JUDAS: Nee . . . nee . . . Jehowa, dit kan nie, dit mag nie wees nie!
(*Snik onbeheers, sy gesig verwring in sy hande. Swaai plotseling om na hulle*) Gaan weg van my. Laat my alleen . . . laat my alleen!
(*JOSUA en STEPHANUS met geboë hoofde uit.*)
- MAGD (*Snel nader, ontroerd*): Judas . . . Judas, my man, my arme man . . .
- JUDAS (*Magteloos*): Laat my alleen! Ek smeek jou, Magdalena, laat my alleen!
(*HANNA, MAGDALENA en JOSEF wenende uit.*)
(*POUSE*)
- JUDAS (*Noudat hy alleen is, voel hy die naaktheid van sy siel; met sielswroeging*): Jesus, Jesus, Seun van Jehowa, hoe het U my verneder tot die diepste dieptes toe. Ek wat U groot wou sien, die Vors van Israel wat Rome sou oorwin. Ek wou U net maar dwing om in ons volk te glo soos ek. En U wou nie! . . . En U wou nie!
(*Struikel vorentoe, starend*) O God, hoe leeg hoe ver-skriklik leeg is die mens se siel wanneer hy te staan kom voor verydeling . . . en selfveragting!

(Hy strompel wild na die deur. Sy hande klem vir 'n oomblik aan die kosyn. Dan verdwyn sy gebroke figuur na buite.

Die ligte het intussen allengs verdof, die skerm het stadig grondwaarts beweeg. As dit die verhoog raak, is dit stikdonker . . .

A. SWART:

Die Groot, Groot Onbekende

*O Grote Mag wat ons as mense Godheid noem,
verhewe, onaantasbaar, in onsigbare verborgenheid,
Mag wat onmeetbaar uitkring, onontkombaar opdoem
uit newels van 'n ewige bestaan, Tydlose Tyd,
U, Mag, het uit die duisternis en wêreldvloed
veroorsaak hierdie groot oneindige heela!*

*U het gewoeker, uitgebars in kragte wat moet
skeiding maak dat lig en duisternis opvolgend val
oor woeste leë watervloed waaruit die land en see moes groei
deur werking van U onbekende, onbeteuelbare krag,
sodat die waters van die uitspansel tot een versameling vloei
met tussenin die kontinente wat U wisselbaar vermag.*

*En uit die kernbron waar U alom bestaan
het gloeiend in 'n vuurbal uitgevlam die son,
met hemelliggame op wydgekringde sirkelbaan
al draaiend ook om eie as, al om die moederbron:
ontelbare planete, sterre, mane, kleiner sonne uitgestrooi
asof met reusehand oor uitspanseloneindigheid,
maar tog met doelgerigtheid elkeen op sy baan gegooi
as vaste aanduiding van perke, afstand, ruimte en tyd.
So het U uitgebars, in talloos vele rigtings voortbestaan;
So het U krag vertak, gestrek oor eind'loosheid
van hemelliggame ontelbaar, elkeen op sy baan,
U, Mag, se voortsetting van ewigheid tot ewigheid.*

*Ook op ons enkele stippel van dié eind'loosheid
was daar nog steeds die woekerwerking van U, Mag,
en met die gang van eeue, onberekenbare tyd,
gaan U vertakkinge in duisend sfere steeds van krag tot krag.
In elke sel en samestelling van selle-duisendvoud
skuil immer onvoorspelbaar nuwe vorm en groter groei;
in daardie krag wat elke wese vul tot selfbehoud
en steeds teenwoordig, immer-sluimerend broei.
Daar was die tyd van eerste lewe in die oseane,
wurmagtig, pap, maar in gedurige verandering
wat lei tot nuwe tydperke en in die hand werk die spontane
teenwoordigheid van stewigheid, ruggraatontwikkeling.
En op die oewers kom die wonder van geil plantelewe
sodat dit lewe uit die waters landwaarts verlei
wat nou tot aanpassing verander en 'n meer verhewe
bestaan moet voer en aanduidings van ledemate kry.
Daar was die tyd van vlieënde gevlerkte monsters,
voorlopers van die hedendaagse voëlskaar;
en reptiele verander in viervoetige veelsoortig' monsters,*

die voorouers van elke latere soogdierpaar.
 Op land en in die see vind elke vorm sy tuiste,
 uiteindelik ook die spesies wat in bome slaap
 waaruit ontwikkel die ratsklouterende juiste
 vorm van die mensvoorloper, verskeie soorte van die aap.
 En ons as mense wat die wêreldtydperke klassifiseer
 en met die opgewonde drang na meer ontdekkings steeds besiel
 die lankvergame dierelwe vasstel en indentifiseer
 met die behulp van opgrawings en samestellings van fossiel,
 ons staan verwonderd voor die onomstootlike bewyse
 van reusedier, reptiel, fantasties in vorm en bou
 bewoners van die wêreld in die ver verlede, gryse
 getuënis wat die aardeskoot in stom bewaring hou
 totdat die mens, tot hiertoe hoogste vorm van aardse lewe,
 dit opdiep en rekonstrueer in fyn volledigheid
 sodat hy in bewoë eerbied in die wete bewes:
 voor so 'n magtige bewys van U staan hy 'n nietigheid.

Uiteind'lik dan, op één klein stippe van die groot heelal
 het daar ontstaan die weergalose mens,
 hetsy uit stof van hierdie aardse dal
 en God se asemgewende skeppingstendens,
 hetsy uit oor en oorverdeling van eenselligheid
 en eeue-oue krag van eie groeipotensiaal
 totdat die vorm deur ewolusionêre drang en stryd
 die hoë peil van hierdie rasonale mens behaal.

Na liggaamskrag en weerstand bly die mens 'n swakkeling,
 immer die prooi, die slagoffer uiteind'lik van die Dood
 wat soms so onverwags, nêrens vandaan en sonder waarskuwing
 die draad afknip en ons geweldig oor die skeiding stoot;
 of andersins met skuifelgang en stadig stap vir stap
 al nader sluip met pyn en lyding as sy boodskapper,
 wat met verwoesting liggaamskragte opvreet, hap vir hap
 meedoënloos afbreek elke middel wat die mens gebruik as
 teenvoeter;
 of derdens saggies en genadig in die uur van sluimering
 sy mantel om die mens geluidloos en in stille deernis vou,
 sodat die slaap verdiep, die gees tot in die verre ewigheid weg-
 kring,
 al verder swewend soos 'n voël wat sirkel teen die blou.

Dié liggaamswakke mens se krag lê in sy ratio opgesluit,
 in die ontwikkeling deur die eeue van sy sluimerende brein
 in sy vermoë om te worstel met probleme wat hom stuit
 en oplossings te vind, selfs hoe onmoontlik dit ook skyn.
 So het die mens gegroei van ruwe grotbewoner wat slegs poog
 om te bevredig elke drang wat basies in sy wese lê,

wat slegs gemoeid was met sy voortbestaan en nooit gedoog
dat ander sy gedragslyne en wette vir hom voor moes sê.

So het die mens gegroei tot hoogs verfynde wese wat beska-
wings bou

gegrond op goeddeurdenkte wet en ord'likheid
waar mense saamgesnoer is op sosiale struktuur waarby hul hou
met trapsgewyse onderhorigheid die raam van die beleid.

Die vrou het uitgegroeï tot fraaie wese soos 'n blom
wat in die helder lig haar kleurerykheid flitsend tart
sodat die bye, immer soekend, om en om die kelkie drom,
maar immer soekend na die wondernektar in haar vrouehart.

Die man, gallante heer en ridder, eer die vrou
in liefde en beskerming en erkentlikheid,
sodat hul samesyn die moontlikheid van soete harmonie inhou
wat hul verhef tot deug en skoonheid in 'n korte menselewens-
tyd.

So het die mens gegroei tot wese wat die skoonheid min
— die uitverkorenes uit die massas oor die aarde heen —
tot wese wat sy siel ontvanklik oopstel en 'n dieper sin
bewaar in vorm en klank en lyn en ryk verbeeldingseën
sodat hy juigend jubel, klinkend genotvol sing,

of dof swarmoedig weeklaag, wenend treur,
of rustig kalm in stille vreugde hulde bring
en so sy siel se ondervinding ryklik na buite beur
in rollende musiekklink oor snaar en klawer uitgespeel,
in beeldingryke woord van prosa, klankryke poësie,
in allerfynste kleurspatsels met verfkwas uitgedeel
in stil waardering, soet belewing, droewe voeling, harmonie.

So is sy bron immer die wye wêreld, verre lande,
'n elke kontinent en eiland naby en ver geleë
met wye oseane wat steeds aanspoel teen hul strande,
die rustelose nimmerstille woeling van die see;
die blou lug wat met koepelboog bo-oor gespan is
en wolke swewend op die ligte asem van die wind,
of blou-swart saamgepak met blits en donderwoede gis
om dan met stormgeweld en haeltand heel die landskap te ver-
slind

en dan weer oor te gaan in stille ruising van die reën
wat saggies laafnis bring aan dorre, barre grond en veld
soos trane wat nou drup, drup, soos van iemand wat daar ween
oor skade van sy woeste, onbeheerste groot geweld.
Sy bron strek uit tot aan die kruin van bergerande
waar aasvoëls bo die kransetande kringend draai,
strek uit oor uitgestrekte wye gras- en vlaktelande
waar ewiglik die winde fluisterend waai,
waar ewiglik die wildsbok ligvoets, vlugtig, snuif-snuif
versigtig uit die klou en tande van die leeu moet bly,
strek uit oor kloof en kran waarbo die misreën opstuif

van waterval wat in verplettering oor die afgrond gly,
 Sy bron is ook die duisend blomme met hul kleure
 in veld en tuin, met ryklik op die wind gestrooi
 die soet bedwelming van hul duisend geure,
 wonderbekoring van hul bontheid o! so mooi!
 Sy bron is ook die stemme van die strome water
 wat kabbel oor die klippe of deur die riete fluister
 wat verder af na onder oor die kranse klater,
 'n eindelose stemmefees vir elke siel wat luister.
 Maar o, sy bron is ook die mensemassas oor die aarde,
 die menigtes wat dralend malend heen en weer krioel,
 so onbewustelik soekend na 'n dieper lewenswaarde
 en elkeen tog met eie strewe, eie voorbedagte doel,
 'n ieder met sy eie porsie leed en vreugde,
 die rus en onrus van sy inumerswangere gemoed,
 sy seer tekortkominge sy trotse deugde,
 'n eie weg waarop hy na sy einde spoed;
 die haat en nyd en afguns wat daar skuilhou,
 donker emosiesale van die mens se donker hart,
 die liefde en vergifnis wat hom lewenslank gestand hou,
 geblomde suile lig en glansend teen die swart.
 Sy bron omhels die mens se elke veranderlike stemming:
 die hoogtes van sy lewensvreugde, grenseloos en groot,
 die grondelose dieptes van sy sterwensbeklemming,
 die onontkombare bedeling van Lewe en van Dood.
 So het die mens gegroei tot wese wat steeds spartel
 om hier sy lewenspan 'n weinig te verleng,
 om los te kom van pyn en siekte wat hom martel
 om langer uit te stel die dood en graf so eng,
 deur mediese eksperiment, deur navorsing en proewe
 sy kennis uit te brei en vas te lê,
 'n lydende, smartryke mensdom ten behoewe,
 deur nood en pyn 'n siektevrye lewe steeds ontsê.
 Hy voer sy stryd teen swaar armoedsgebrek en ondervoeding
 by kinders wat met diepgesonke honger ogies kyk;
 maar wrange teenstelling, ook oorvloed se oorvoeding
 waar vele wurg en byna in 'n oormaat vet beswyk.
 Hy voer sy stryd teen siekte wat sy wortels stewig anker
 voordat hy sy gevreesde teenwoordigheid verraaï;
 en stil, kruip-kruip versprei die selvretende kanker
 om rou, verterende verwoesting in vlees en bloed te saai.
 Sy stryd gaan om verbreking van die greep van tering
 wat deur aansteeklikheid sy prooi getal verhoog,
 die longe aangetas en swak laat, die liggaam sonder wering,
 met sy verwoesting steeds verborge vir die mense-oog.
 Hy veg teen die aansteeklike verrotting van die wit melaatsheid
 wat van sy slagoffers gevreesde verstoteling maak
 tot onlangs nog soos uitgewerpte toekomsloses in hul stryd

en wagtend op die dood wat langzaam kruipende genaak.
 Hy veg koorsagtig teen die angs van kinderverlamming
 wat kinders neerfel ea hul brose liggaampies verlam
 en ouerharte krimp oor senu en spierverstramming,
 oor eenmaal frisse ledemate nou geknakte twygië aan die stam.
 Sy stryd gaan teen toenemende trombose, bloedklontvorming
 wat soos 'n roofdier blitssnel toeslaan met gevreesde tand en
 klou,
 geen tyd toelaat vir voorbereiding teen die vyand se bestorming
 'n dodelike toeruk van die hart, vinnig en gou.
 Sy stryd gaan teen veelvuldige besmettende koorskwale
 wat steeds gevaar van epidemies vir die mens inhou
 tensy die slagoffers verpleeg word in afsonderingshospitale
 waar toegewyde sorg die siektegryp op ylende pasiënt verflou.
 Hy voer sy stryd teen blindheid van die mens se oë
 deur ongeluk of deur die werking van trachoom
 waardeur die mens se wonderlampe uitgedoof word en hy diep
 bewoë
 van lig en sonskyn slegs nog in sy donker wêreld droom.
 So veg hy voort teen elke siekte elke vorm van liggaamsver-
 minking

om hierdie worstelende mensdom van lyding te bevry;
 maar ook teen die tragedie van die waansin, geestesinsinking
 waar donker magte van verwarring die gees in dwalings lei
 deur doolhowe van angs en swart neerslagtigheid,
 op onbeheerste drif se duiseling wintelbaan,
 in onontkombare draaikolke van 'n sieleworstelstryd
 en in die bodemlose dieptes van bedreigings- en vervolgings-
 waan.

Ja, so het ook die mens gegroei tot wese wat daaglik gebruik
 die bronne wat omgewing en natuur hom mild'lik bied,
 diere en veld, water en grond, plante en saad en struik
 sodat hy in sy aanskynsweel die volheid van die aarde kan
 geniet
 en tot 'n fyne kuns ontwikkel het voedingsbeplanning en dieet,
 tot fyne kuns die voorbereiding van sy maaltyd, koninklike fees,
 met blomme, lekkernye en in oorfloed vrolikheid uitmeet
 met glansende sjampanje waarmee hy minderwaardigheid genees
 Tot selfs die ingewande van die aarde hol hy soekend uit
 om daar te vind verborge skatte, edelstene, goud, metaal
 waarmee hy meer gerief en nuwe vergesigte vir homself ont-
 sluit,
 al gou vergetend van die prys aan mensesiele, menselewens uit-
 betaal.

Met elke produk, vesel, metaal en erts wat hy ontgin
 word daar gevorm, gesmee, gebou en innekaar gepas,
 en in sy hand kry lewelose yster lewe, nuwe betekenis, sin,

Masjiemonsters met die mens se elke wil en gril belas.
En daarby voeg hy nog kragopwekking, radiogolwe, radarsein,
'n netwerk wat hom van die verste aardeindes vergewis
en kennis gee van elke toestand, elk gebeurde, voorwerp groot
en klein

en dinge sigbaar maak nog voor hul werklik sigbaar is.

Ook selfs die oseane is deur hom oorwonne
sodat sy skepe om die aardbol soos drywende paleise vaar,
gemaklik ingerig sodat die mens sy ydele en onbesonne
gemaksug ook op die uitgestrekte seë kan bewaar,
sodat geen land of eiland vir hom onbekend bly,
geen afstand vir die reisiger te ver of groot,
en elke volk ook op die seë sy belang kan uitbrei
of neerduik en geheime van die diepe see ontbloot.

Die lug deurklief hy in snelvlieënde gevaartes
wat met 'n knal selfs deur die klankgrens breek
asof hy in 'n skreeuende jaagduiwel pas ontaard is
wat hom op hindernis van tyd en afstand woens wil wreek.

So reis hy in 'n ommesientjie duisend myle
met land en see soos in 'n feëverhaal ver onder hom.

So neem die aflê van groot afstande maar net 'n wyle
sodat die haastige reisiger gou-gou by sy bestemming kom.

So is hy heerser oor geheel die aarde
so is hy heerser ook oor al die wydtes van die see,
vervaand bewus van sy belangrikheid en eiewaarde,
vergetend dat dit U is wat sy heel bestaansreg smee
hetsy U God is wat hom skep en asem gewe
en in genade altyd oor sy welsyn waak

hetsy hy deur U werking uit die primitiefste vorm van lewe
o mag van ewolusie, sy verskyning maak.

Maar sonder dure offers kon hy tot die heerskappy nie kom
en laat die dood hom telkens weer steierend tot stilstand ruk
wanneer die waarheid onbetwisbaar op sy gewete trom:

hy is die oorsaak van die dood deur ongeluk
omdat die mensgemaakte snellende monsters op die paaie
die mens se wil en gril nie steeds onfeilbaar dien,
en sal hy altyd weer langs afgronde en draaie
jammerlike gekerm hoor en bloedbevlekte lyke sien.

Ook eis die see immer sy prys aan lewens en aan skepe
wanneer hy hom in siedende onrus op die mensoortreders

wreek;

dan skeur die stormwind die mens se handewerk aan repe
en laat die oseane oor die indringer hul golwe donderend breek.

Ook vlie hy nie in sorgelose ongerepte vlugte
soos voëls wat fladderend styg of swewend daal
hoog in die blou asuur van grenselose lugte
met wydgespreide vlerke wat hul nimmer faal.

Vir hom skuil reddinglose dood in stollende motore

waarna hy aardwaarts dan te pletter val
of in die lug ontplof, disintegreer met geen gevaarsein vante-
vore —
net stukkies mens, metaal en romp verstrooi oor berg en dal.
Die dood skuil ook teen misbedekte bergehange
waar mensekind geen instink het om hom te lei
en hy in een kortstondige sekond van botsing skokbevange
besef: net 'n verkoolde grusaamheid sal agterbly.

Dan, hoof geboë, bly die mens 'n oomblik staan waar kluite
dof ploffend onherroeplik op 'n kis se deksel val,
sy oë dof en wasig soos die wasigheid teen ruite
in reënweer, niksienend starend op sy voete pal.
'n Oomblik slegs, want heel die mensdom is deur U, o Mag,
gevorm tot digte kettingnet van skakels innemekaar gepas
waar elke mens 'n skakel vorm tot ondersteuning en tot krag
en tot die mens se voortbestaan, sy erfniel.
'n Oomblik slegs, want waar 'n skakel in die netwerk swig
word dit vervang so gou as moontlik met min tydsversuim
sodat die mensdom weer opnuut sy oë en skrede voorwaarts

rig

en deur nuwe verstewiging sy toekoms hoop verruim.
Maar verstaandes ondervind die wrede waarheid van die lewe
waarvoor hul in geskokte bitter ontnugtering staan:
al moet hul ook deur nood en angste bewe
en swaar gebukkend onder moeilikhede gaan,
al voel hul dat die lus om nog te lewe hul versaak het,
al is hul deur die dood se smart en droefheid platgeslaan,
al voel hul dat die lewensnag vir hul genaak het —
Die Wêreld Gaan Maar Aan.
Geheel die mensheid vorm 'n kosmopolitiese eenheid
wat saamgesnoer is deur verhoudings tussen mens en mens,
maar elke enkeling staan tog apart in sy alleenheid,
gekenmerk en omsluit deur 'n besondere enkelingsgrens;
want U, o Mag, lê in die hart van elke enkeling,
diep in die wese van die eenlopende individu.
U skuil verborge waar geen mense-oog indring
om daar in stil gelieime denke voort te stu,
om elke gees sy krag te gee tot uitwerking van eie heil,
bepaling van sy lewendoel en onvermydelike lewenslot
waarvan hy slegs begin, maar einde nie kan peil
omdat dit soms in onvoorsienbare en ongevraagde dwalings vlot.
Die een styg op uit knellinge van aardsgewondenheid
en vind in strenge lewenswandel diepgaande sielevree
waardeur hy glo dat hy deur sonde-onthoudingstryd
'n geestelike land, 'n ewige Hiernamaals sal betree.
'n Ander mag daar wees wat vir die oomblik leef,
wat najaag wat plesier en elk' vermaaklikheid hom bied;

wat nou maar eenmaal netnie toelaat dat daar kommer aan
hom kleef

wat steeds sy eie stem en selfbelangrikheid geniet.

Nog meer is daar wat geen gebrek aan aardse goedere ken,
vir wie besit die maatstaf is van elkeen se belangrikheid;
ook is daar droewe menigtes, deur nood, gebrek en honger

vasgepen,
wat in hul gees steeds magteloos bly in armoede se sukkelstryd.

In duisendvoud bestaan ook siele wat hul kragte stel
in diens en arbeid en steeds hulp aan hulle medemens verleen,
vir wie opheffing as hul enigste beloning tel,
vir wie erkentlikheid genoeg is as 'n arbeidseën.

By vele geeste brand daar onontkombaar steeds die drang
van seek en ondersoek, ontleding, studie onbeperk,
sodat die ganse mensdom die resultaat en voordeel kan ontvang
en so sy gees immer opnuut verkwik, verruim, versterk.

So't elk 'n eie weg wat hy bewandel,

'n eie lewensdoel waarna hy streef

'n eie opgestelde plan waarna hy handel,

en tog is mens en mens se doel en late deurmekaar geweeft.

As enkeling en eenling kan die mens summier alleen staan

inaar vir 'n elk is tog 'n wyer groepsindeling bepaal
en moet hy lidmaatskap na willekeur of sonder keuse aangaan
deur kenmerk van geboorte, nasie, ras of kleur en taal;

en elke aangewese owerheid van groepe stel sy eise
waarby die enkeling as lid van die besondere groep moet hou
deur onbesproke en bevorderlike handelswyse,

'n ooglopende bewys van aangevoelde plig en trou.

Aldus bestaan daar op die lange leer van groepe

die vastrapplek, die eerste sport, die huisgesin

met elke man en vrou deur ernisreg daartoe geroepe,

'n godlike belewenis van vadertrou en moedermin
waar liefde eers net soos 'n skaamsku bloeiselknoppie huiwer
wat wag op krag van strale van die lenteson

en blinkskoon druppels water uit 'n hoë wolkevywer

voordat dit oopbars in 'n kleur en geurebron.

Dan groei die liefde tot 'n mag van grenselose drome,

tot opgewonde smagting wat die mens deurweek,

ekstase wat die hart verhef tot aan die hemelsome,

'n blydschap soos wanneer die dag in moreglorie breek.

Dan kom die soet vervulling van 'n saamgesnoerde lewe

wat soos die somerloomheid oor 'n stille landskap hang;

die toekoms hoopvol fluist'rend van 'n blye eenheidstrewes

en menseharte in 'n skone band van liefde vasgevang.

Dan in hul lewe kom die grootste wonderervaring

deur die vereniging van sterke man en tere vrou:

'n nuwe lewe word geskenk in hul bewaring,

die mens se voortbestaan is deur U aan hul toevertrou.
 en onder hulle waaksaamheid moet kinders opgroei
 soos plantjies wat tere versorging moet ontvang
 sodat hul tot skone volwasse blomme uitbloeï
 en vir die oog aanloklik bly hul lewe lang.
 Daarom bemin geheel die wêreld daardie woning
 waar kindertjies gelukkig lag en vrolik speel;
 en vir twee mense in hul ouerskap is dit die toppunt van
 beloning
 'n huisgesin wat in mekaar se smart en vreugde deel.

Maar nooit bereik die mens die hoogste indeling van groepe
 omdat dit 'n vergeefse droom, ontwykende illusie is:
 'n wêreldryk met volke tot vreedsame naasbestaan geroepe,
 en haat, bedreiging, oorlog en vervolging uitgewis;
 want van die vroegste mensbestaan af was daar tweedrag,
 inmenging, afguns, haat, onenigheid,
 die kleineres se stryd om voortbestaan teen groteres se oormag,
 die ononderdrukb're drang na onafhanklikheid.
 Volke beveg mekaar oor grondgebied, eeu-oue
 twisappel waardeur nasies na die wapen gryp.
 Bloedige slagtings is veroorsaak deur wonderskone vroue,
 begeerlik soos 'n vrug, sappig en sag en ryp.
 Onenigheid bly borrel oor geloofs- en godsdiensverskille,
 of politieke sienswyses waaruit geen volke-eenheid kan verrys
 met toestande van onverdraagsaamheid en agterdog, 'n kille
 atmosfeer waarin 'n elke vorm van samewerking verys.
 Volke word opgesweep deur wondervisioene
 van leiers met 'n droom van wêreldheerskappy,
 maar sluit hul oë vir gewonde en gesneuwelde miljoene,
 ten hemelskreeuende verwoesting wat op die slagveld agterbly.
 Lande word tot oorlog gevoer deur spioenasie,
 oortreding van 'n internasionale kodebeleid;
 en ander, ewe-beoefenaars bou daaruit wêreldwyd sensasie
 terwyl hul, in skynheiligheid, aan sulke misstappe onskuldig
 pleit.

En so bestaan daar steeds 'n oorsaak en 'n rede
 waarom die bloedvergieting tussen volke gaan
 en is dit net 'n skimmedroom dat wêreldwye vrede,
 temidde van soveel bedrog en ontoegeeflikheid ooit kan bestaan.
 Moondhede bly deur dag en nag gewapen tot die tande
 en oor die wonderskone wêreld hang 'n wolk van agterdog en
 vrees;
 onsekerheid omsluit die mens met nouergroeiende wande
 en onrus en uitdelgingsangs lê loodswaar in sy gees;
 want hierdie rasonale mens het in sy rustelose probe
 die splitsing van die klein atoom ontdek
 asook die kweek van massas dodelike mikrobe

waarmee hy in 'n klein, klein tydsbestek
 geheel die aardbol in 'n hel van lyding en dood kan dompel
 waaraan hyself onmoontlik kan ontsnap,
 (al wou hy net inisieel die vyand daarmee oorrompel)
 en word hy deur sy eie uitdelgingsplan betrap.
 Onnodig tog die agterdog en wêreldwye spanning,
 onnodig tog die vyandskap wat in die mensdom steek
 terwyl hul deur toegeeflikheid en wysheid in beplanning
 oor struikelblokke na 'n wondertoekoms deur kan breek;
 want heel die saamgesnoerde mensdom is tog mense,
 'n elk van vlees en bloed en van gelyke beeltenis
 met hier op aarde enerse behoeftes, drange, wense,
 en aan hul lewenseinde vir 'n elk die dood as erfenis.
 Alreeds het hierdie mens deur studie en navorsing
 en deur bedreigings tot groot mate te beheer
 vir sy vooruitgang, sy gerief en sy beskerming,
 vir sy gehele ontwikk'ling wondere presteer;
 en in sy onversadigbare honger na ontdekking en uitvinding
 en in sy onverpoosde soek van dag tot dag,
 met aktualiteit en moontlikheid in toetsverbinding
 gaan hy met ongelooflike sukses van krag tot krag.
 En nou dat hy die aardbol en die see verken het
 en deur die atmosfeer vinniger as klank kan jaag,
 nou dat hy vir homself die wonderlike roem gewen het,
 het hy besluit om ook sy eksperimente in die stratosfeer te
 waag.
 Geheel die wêreld het gestaan in groot verwond'ring en ver-
 bystering
 toe hul die eerste sateliet se bleep deur middel van die radio
 kon hoor,
 en nasies het gewerk, gespartel in koorsagtige wedywing,
 maar één was in die wedloop na die ruimtes voor.
 Die eerste stap is opgevolg deur steeds verstommende prestasies
 wat oopstel ongehoorde ruimtemoontlikheid.
 Wat 'n verbystering! wat 'n vreeslike sensasie
 wanneer die mens planete bereik na kort verloop van tyd!
 Die vraag was altyd tergend sonder antwoord:
 Is daar die moontlikheid van lewe op 'n ver planeet?
 Is daar vir Aarde se snelgroeïende getal 'n nuwe verblyfsoord,
 en staan die mens nou op die drumpel van die tyd dat hy sal
 weet?

* * * * *

Tot hiertoe dan het ons gekom, O Mag, o Onbekende,
 gedra deur U alomteenwoordigheid;
 ons oorsprong en ons herkoms 'n halfvergete ou legende
 uit hierdie gryse wêreld se vroeë daeraadtyd.
 Tot hiertoe dan — en met ons lot in toekomsnewels nog gesluit

en veel faktore wat ons voortbestaan bedreig,
is daar 'n duisend vrae wat deur ons denke kuier,
en U wat ons 'n antwoord skuldig is, U swyg . . .

Wat is U dan! 'n God deur wie die groot oneindige heelal
geskep is?

'n God wat steeds die wonder van sy gang in vaste tye reël
sodat die vloei van Tyd na Ewigheid steeds ongerep is,
omwenteling van hemelliggame volmaak gereël?

Is U 'n God, almagtig ook oor ruimtes en oor sterre,
oor son en maan en Aarde in haar vrugbaarheid?

En reik U Gees al sienend, alleswetend uit die verre
vergange tydloosheid tot in die eindelose ewigheid?

Omhels U almag ook ons geil en ryke aarde,
gebied U ook die waters wat teen die strande spoel?

Besluit U oor die lewe, oor sy elke vorm en waarde
soos dit in rustelose roering op land en see krioel?

Is U gebieder van die wisseling van tye,
van wind en wolke en die wonder van die reën?

Gee U die krag vir lewenshernuwing na die wintersweye,

Is U die bron wat groei aan elke lewensvorm verleen?

Is U tog werklik so 'n God, alwetend en almagtig

wat oor die eind'loosheid van die heelal regeer,
wat weet en gadeslaan hoe elke wese hier koersagtig

sy weg bewandel om ten laaste na sy skepper terug te keer?

Die mens? . . . Is U 'n God wat mense na U beeltnis vorm

en in hul harte lê die wete tussen kwaad en goed

dat hul die kennis kan gebruik as hand'lingsnorm

en ongehoorsames vir hulle dade duur saal boet?

Is U 'n God wat heilig is en daarom vir ons oë verborge,

'n God met blinke heerlikheid en glans omring

sodat ons van 'n afstand net tot U kan bring ons sorge,

van veraf net 'n lied tot U verheerliking kan sing?

Is U 'n God wat U oor ons ontferm

wanneer ons op 'n duister dwaalweg ons bevind,

wat ons sal teruglei en ons teen gevaar beskerm

net soos 'n vader handel met sy teerbemide kind?

O Mag, is U 'n God wat in ons harte inkyk,

ons vele vrese en bekommernisse steeds verstaan,

wat middele ter leniging van ons behoefte uitreik,

wat elke tree van hierdie moeitevolle weg met ons sal gaan?

Ken U ons smarte, weet U van ons lyding,

kyk U in mededoë op ons neer?

En as ons kom met smeekgebed om U bevryding,

skenk U in liefde die vertroosting wat ons hart begeer?

En as ons lewe vet en ryk is van veel oorfloed

en in ons harte is daar net 'n blye lied,

is dit aan U wat ons ons dank moet bring vir al die voorspoed,

is dit Ū guns en gawes wat ons dan geniet?
En as die teespoed soos 'n hond ons agternalooop
en moeilikheid op elke draai voor ons kom staan,
is dit dan Ū wat al U guns weer van ons afstroop
en ons in toorn vir oortredings teen U slaan,
sodat ons U moet aanroep en ons om vergifnis neerbuig,
in ootmoed moet erken dat sonder U ons gans verlore staan,
dat sonder U verwoestingsmagte ons sal insuig
tot ons ten laaste in 'n hel van vuur en lyding ondergaan?
En as die dood 'n teergeliefde uit ons midde uitruk
en heel ons lewe word 'n wond wat smartlik bloei,
Is U dan die tuinier wat vele knoppe uitpluk
sodat die oorgeblewe rose na U wense blom en groei?
Is U gedurig om ons, oor ons, waar ons ookal swerwe,
as grysaards, of nog ongebore in die moederskoot?
Laat U as God ons na U wense lewe, sterwe,
het U volmaakte mag oor ons, oor Lewe en Dood?

En as U so 'n God is, waarin het U U oorsprong,
hoe het U in U wording as Almagtige ontstaan?
Hier is die punt waar menslike verstand nie bykom . . .
Want as U so 'n God is, waar kom U vandaan?

En as U so 'n God is, wat is dan die slotsom?
Wat is U wil en waar voer U ons heen?
Wat maak ons hier op aarde, God, en waarom
is ons 'n hoër status as die dier verleen?
waarom lê weggeslote in die kern van onse menswees
die magtige potensialiteit van die verstand,
die matelose drang na soeke van die mensgees
wat soos 'n onuitblusb're vlam deur eeue brand
en ons na ongekende hoogtes van ontwikkeling aanvuur
en ons meedoënloos na die toekoms voort laat stryk,
sodat ons immer voelers na die voorposte van kennis uitstuur,
sodat ons immer na die misterie van onbekende dinge reik?
Is dit U doel dat ons op hierdie pad bly wandel
tot ons, wat ons gesaai het weer moet oes?
Het U dit in U raad beskik dat hierdie mensdom so sal handel
dat hy sy eie ondergang bewerk, homself verwoes
omdat hy diep, té diep, in die verborge dinge delwe,
omdat hy kennis, álle kennis, wil ontbloot,
omdat hy soek na ongehoorde magte vir homselwe,
ja, selfs die uiterste geheim van lewe en dood?
Het U as God dit so beplan dat hy eens sal ontketen
verborge magte in geheim'nis en in sluimering
waarvan hy dan die vrygestelde kragte nie kan meet en
kettingreaksies van verwoesting oor sy skone wêreld bring,
sodat die aarde eens weer woens en leeg word soos tevore

en eenmaal weer U Gees oor donker waters sweef —
en op 'n nuwe wêreld nuwe lewe deur U word beskore
waar nuwe wesens tot verheerliking van U kan leef,
omdat die kriesel skeppingsdrang wat ons van U eens erwe
miljoene der miljoenevoud in U as kernbron bestaan,
en hoe sal tog U Gees latent deur duisternis bly swerwe
waar U geen handewerk van U almagtigheid kan gadeslaan?

Of het U in U groot almagtige beplanning
die reg vir U as skepper en as heerser voorbehou
om alles wat U daargestel het deur U magsinspanning
self te vernietig as die aangewese tydstip hom ontvou,
en skenk U dus die wonder van die lewe hier in ons om-
arming

net tot die tyd dat U sigbaar voor ons sal staan
op daardie oordeelsdag wanneer U sonder verdere erbarming
die skape en die bokke uitmekaar laat gaan?
Het U 'n koninkryk waar siele voor U troon sal nader
en U in al U heerlikheid en heiligheid aanskou
om daar vir ewig in U glans en glorie te vergader,
vir ewig hul onsterflikheid voor U as God te hou,
terwyl U ander uitwerp waar hul kerm in pyn en lyding
in die verskansing van 'n duiwel en sy satanserf,
waar hulle onderwerp is aan 'n nimmereindigend' kastyding,
waar hul deur vuur verteer word, maar tog nimmer sterf?

Waarom maak U miljoene sterre aan die hemel
as lewe net hier op ons aarde moet bestaan
waar mens en dier in onberekenbare talle wemel
om net maar eenmaal deur U hand weer te vergaan?

Of het U dit beplan dat hierdie mens sal uitwyk
om ook die sterre en planete te bewoon,
dat hy vir nuwe tuistes in die ruimtes bo sal uitkyk,
en is dit daárom dat U hom met ratio bekroon?
Lê daárom weggeslote in die kern van sy menswees
die magtige potensialiteit van die verstand,
die matelose drang na soeke van die mensgees
wat soos 'n onuitblusb're vlam deur eeue brand
en hom na ongekende hoogtes van ontwikkeling aanvuur
en hom onkeerbaar na die toekoms voort laat stryk,
sodat hy immer voelers van die voorposte van kennis uitstuur,
sodat hy immer hoër na die onbekende ruimtes reik?

* * * * *

Of is U maar as God 'n skim, 'n skepping van die mens se
denke,

'n groot idee wat by 'n kleine mens gebore is,
'n saadjie van gedagte wat ontkiem het en in lengte

van dae deur die mens se wese groei en gis,
in sy bewussyn wyer, groter strale uitkring
en vrees en aansien en verering werf,
'n skepping van sy denke wat gevolglik die belofte uitbring
dat hy nog weer sal lewe na hy op aarde sterf?

— want elke mens klou maar krampagtig aan die lewe,
die helderheid, die sonskyn en die hemelblou,
die aangename waarneming van lig wat in hom bewe,
die lig wat lewe is en hom van dood onthou;
en aaklig is die wete van die dooie liggaam,
die bleke koue styfheid toegedek in donker graf,
waar spoedig al die skoonheid in verwering oorgaan
en wurms deur die grusame verrotting draf—

Toe hierdie mens in al die onontwikkeltheid van sy gedagte
die rede, oorsaak en gevolg nog nie verstaan
van die beginsels van natuur se magte

wat hy gevolglik toe met ang en bewing gadeslaan,
het hy U toe geskep diep in sy kommervolle wese
'n God gemaak aan wie se almag hy kon klou
omdat hy self onmagtig was, so klein en vol van vrese
en in sy dobbering gesoek het na 'n ankertou?

Is U 'n skim wat eens gebore is diep in sy onbewuste
omdat hy in sy ontoereikendheid nie kon aanvaar
die groot alleen verantwoordelikheid, hom ten onruste,
vir daardie grensloosheid van wording wat hy in homself

gewaar?

Het hy gevlug vir die verantwoordelikheid van eie handels-

wyse

en die onberekenbare wete van 'n selfbeskikkingsreg?

Het hy gewankel voor die waar, genadelose groot afgryse
dat hy alléén sêlf vir sy voortbestaan moet veg?

Het hy gewonder oor die oorsprong van die lewe
waarin hy deel en wat hy voort moet dra,

sodat hy voor die wonder en die grootsheid daarvan bewe

en hy die moontlikheid bedink, bepeins en vra

of daar nie wel 'n God is nie, 'n Grote Opperwese

wat daardie lewe eens geskep het in 'n almagsdaad

en dit geplant het in 'n elke vorm van lewe uit sy wil herrese,

'n elk as voortsetter en draer van die lewensaad?

Het hy U onbewust'lik so bedink as Godheid

van wie hy kom en wie sy lewensweg bestuur,

sodat hy nie alleenverantwoord'likheid moet dra vir al sy sot-

heid,

en voor U deur kan lê die goed en slegte van sy lewensduur?

Was daar 'n leemte wat gevul moes word wanneer hy nood het,

behoefte aan 'n Wese wat sy klag kon hoor,

voor wie hy tog sy smade innerlike kon ontbloot het,

'n drang om met sy sorge na 'n hulpbron deur te boor?

Was daar die hunkering na die bestaan van so 'n Wonderwese
na wie hy hom in blydschap of in nood kon keer?
Was daar behoefte om, in matelose vreug of vrese,
te weet dat hy onder beskerming van 'n God verkeer?
En het U so ontstaan, o God, 'n skepping van die mens se
denke,

'n groot idee wat by 'n kleine mens gebore is?
'n saadjie soos van suurdeeg wat ontkiem het en in lengte
van dae deur die mensgedagte aangroei swel en gis?

* * * * *

Of is U maar, o groot onsigb're mag, net Ewolusie,
net lewe wat in talloos vele rigtings spruit
uit een beginpunt, deur verdeling en 'n eindelose repetisie,
net ewolusie wat 'n stroom van lewe word wat niks kan stuit?
Is U maar net die groeikrag wat in elke wese skuilhou,
vermenigvuldiging van selle met 'n spesiale doel,
totdat 'n elk horn tot volwassenheid kan uitbou,
sodat sy saad tot voortplanting ook in die lewenstroom kan
spoel,

die stroom wat voortgaan en verandering meebring,
die stroom waar hoër lewensvorme steeds ontstaan,
en hierdie vorme steeds na ander sfere uitkring
waar hulle in 'n nuwe stryd om aanpassing moet gaan?
Is U die energie wat lewe aandryf
tot hoër en steeds hoër trappe van ontwikkeling,
die energie wat ook na nuwe vorms uitskuij
en gasse, lig en hitte word, en temperatuursverandering
wat weer die lewensvorme se voortbestaan beïnvloed
hul aanwas, groei en daarom voortplanting beheer,
waar plant en dier tot aanvulling hul gawes inboet
en hulle op mekaar as voedselbron weer teer;
sodat daar in die groot heelal 'n deurlopende verband is,
die onmiskenbare bestaan van relatiewiteit;
sodat een toestand van 'n ander die gevolg is
en lewensenergie immer daaruit sal spruit?
Is U, o Mag, die draad wat alles aanmekaar hou,
die balanserende begrip van die betreklikheid?

Is U voortstuwing van die lewe wat homself in alle vorme uit-
bou
en in verandering voort sal gaan tot in die onberekenbare ewig-
heid?

O grote Mag, is dit ook waar die mens vandaan kom,
'n lewensvorm gebore uit die ewolusiestroom,
wat met die tyd ontwikkel het tot hierdie magtige verstandelike
mensdom
wat immer nog van nuwe hoogtes van ontwikkeling droom?
Is U, o Mag, geen God met grenslose almag
aan wie ons ons geboorte en bestaan moet dank,

maar is ons wel gebore uit die pot van ewolusiestukrag?
Het ons geboorte dus geduur vir eeue, eeue lank
omdat ons in onssêlf moes groei en aanpas
by toestandsverandering en beïnvloeding,
omdat ons deur ontwikkeling tot aanpassing moes aanlas,
omdat ons voortbestaan en voortplanting steeds nuwe eise

bring?

En is ons wording dus diep in onssêlf gesetel,
in daardie lewensgroei wat uit ons voorwaarts stu,
sodat ons weet, o groot onstuitb're mag van lewe en van
dat U óns is, en ons is Ū?

wording,

En sal ons in óns krag, wat ook Ū krag is, voortgaan,
die lewe voortdra op die golwe van die Tyd,
die lewe wat 'n rustelose mag is wat nooit stilstaan
en voorwaarts beur in 'n gedurige aanpassingstryd?
Sal ons deur aanpassing by elke veranderlike toestand
so ongemerk ook 'n gedaante verand'ring ondergaan,
net soos van ouds die lewe, menigvuldig soos die seesand,
deur eeue in die teken van verandering staan?
Sal ons deur lewensruimte wat te klein word
genoodsaak word om na die sterre uit te wyk?
— want elke oorvol emmer water eens uitstort,
en waarheen anders kan die mens se oë kyk? —
Sal ons in ruimteskepe van die aarde uitvaar
om nuwe ryke in die hemelruim te bou
waar nuwe eise en gedaantewisseling ons in die gesig staar
en nageslagte as 'n skaar van vreemde wesens sal ontvou
wat ook hul tydperk in die ewolusiesiklus opeis
— of is hul die begin van gans 'n nuwe lewenskring? —
en daarvandaan verder die Ewigheid in sal voortreis
op wieke van die grote mag van lewensverandering?

En sal ons eenmaal, in die verre, ongebore Toekoms
as uitgestorwe lewensvorme opgegrawe word,
met teorieë oor ons oergewoontes en ons lyn van herkoms,
en ons geraamtes ook bewaar word in die wetenskap se fort,
sodat ons dan vir daardie wesens in hul superstatus
sal dien as voorbeelde van lewe se oerbestaan,
net soos geraamtes wat óns opdiép uit hul lange doodsrus
vandag vir óns aan die begin van ewolusie staan?

— O, wat is tog die mens met al sy woel en werskaf,
sy soek na waardes wat hy nimmer, nimmer vind . . .

O, wat is tog die mens 'n nietigheid op die Heelal se maat-
staf!

'n asemteug, vervloë op die ruimtewind . . .

* * * * *

*Maar wat U ook mag wees, o Grote Mag, ons buig ons voor U!
want U alomteenwoordigheid het ons tot hier gebring!
U is die Vloed van Lewe wat onkeerbaar voortstu!
U is die kosb're middelpunt waaruit die lewe kring!*

B. LE ROUX:

Gedagtes by die herlees van Grosskopf se Toneelwerke

Persoonlik is dit my opvallend dat 'n dramaturg van Grosskopf se kaliber maar weinig bo die verdienstelikheid uitgestyg het. Herbert Baker noem die drama: „The most sective form of fiction.” Dis daarom dat die drama van alle kunsoorte die laaste is om sy bloeiperiode te bereik. Om 'n drama van waarde te lewer vereis dus groter konsentrasie, dissiplinerings en deurskouing van karakters as enige ander genre. Met ander woorde die dramaturg moet, soos dr. B. Kok dit noem: „'n gevoel vir artistieke ewewig besit.”

By die aandagtige studie van Grosskopf se toneelwerke bestaan daar seker min twyfel dat hy nie die nodige kennis, intelligensie en talent besit het om iets groots te gelewer het nie. Sy werk toon hoogtepunte, maar bevat nog te veel voos plekke om as *groots* bestempel te word. Die rede hiervoor is moeilik om vas te stel, tensy 'n mens toegang het tot Grosskopf se private dokumente, indien daar so iets bestaan. Dog, ek voel dat 'n mens die oorsake in 'n mate kan konkludeer, indien 'n mens twee aspekte in ag neem:

- (i) Die tydperk waarin sy werke verskyn het;
- (ii) en deur die aandagtige deurlees van sy inleidings tot sy toneelwerke.

In die twintiger-, dertiger- en selfs in die veertigerjare toe Grosskopf geskrywe het, was die volk sterk toneelbewus. Dit was die periodes voordat die film die toneel op die agtergrond begin skuif het. Maar in die algemeen was die intelligensiepeil van waardering betreklik laag. Grosskopf het met die doel geskryf dat sy toneelstukke op die planke gebring moes word. In die voorwoord tot '*n Esau* benadruk hy die feit dat sy stuk nie sonder sy toestemming opgevoer mag word nie. Onder ander verwag hy dat daar: „binnekort die een of ander handige ondernemer 'n Afrikaanse beroepstoneel sal oprig.” Ons neem dus aan dat Grosskopf die stuk vir so 'n beroepstoneel geskryf het. En tog was hy gewillig om die opvoerrechte ook aan amateurs af te staan, solank die opbrengs vir suiwer liefdadigheidsdoeleindes gebruik is. In dieselfde inleiding sê die skrywer dat daar niemand duideliker bewus kan wees van die stuk se gebreke as hy

self nie. Grosskopf het sy volk verstaan: innerlike handeling moes daar wees, maar dit was veral die uiterlike, die aanskoulike wat die hart van die volk geraak het; daarom het *Die Peswolk* minder bygeval gevind as *In die Wagkamer*.

Miskien moet ons die *verdienstelike watermerk* toeskryf weens die gebrek aan inspirasie na die dood van sy vrou. 'n *Esau* dra hy op aan haar. Aan haar besieling, aansporing en gesonde kritiek het hy die werk te danke. Sy het 'n intieme kennis van die Transvaalse Voortrekkerlewe gehad, sodat die stuk onder haar leiding dan ook in sy groei en opbou bevorder is. Maar die voltooide werk het sy nooit aanskou nie, andersins sou dit volgens die skrywer: „'n beter, afgewerkter en haar meer waardig geword het, as sy nog kon gelewe het.”

Dan is daar nog Grosskopf se werkmetode. Waar Leipoldt so gou moontlik moes klaar skryf en die nasienwerk aan sy keurders oorgelaat het, het Grosskopf sy werk alte dikwels laat sleur sodat die belangstelling verflou het. Hierdie bewering blyk duidelik uit sy inleiding tot *As die Tuig Skawe*. Alhoewel die stuk in 1926 verskyn het, is dit histories beskou ouer as *Drie Eenbedrywe*. In die eerste halfjaar van 1923 het hy die hooflyne van sy handeling al klaar uitgewerk, en die gesprekke van die eerste twee bedrywe taamlik volledi ggeskets. Maar toe het die belangstelling verflou; veral by die gedagte om 'n handeling dramaties in 'n eenbedryf uit te werk sodat *Drie Eenbedrywe* eerder verskyn het as die lang drama. Persoonlik meen ek, indien Grosskopf hom op *As die Tuig Skawe* toegespits het, hy werklik iets groots kon gelewer het. Wie weet, indien 'n mens op die skryfmetode van Grosskopf kon ingaan, daar nie nog meer sulke gevalle is nie.

Hoe dit sy; in 1919 maak hy sy debuut met die verwerking van Gustav Freytag se *Die Journalisten*, met die Afrikaanse titel *Die Koerantskrywers*. Dis geensins 'n vertaling nie, maar liewers 'n verafrikaansing van die Duitse stuk, want dit is deurdrenk van die Afrikaanse kleur en geur. Die nyd, vyandskap en onderkruipery wat die tema van die Stuk is, is tipies van wat daar vandag in ons land plaasvind as die verkiesingskoors hoog loop. Die hele opset van die stuk is eg Afrikaans met die dialoog vars uit die volksmond bv. die woorde van Bols aan Alida:

„Ek is dronkgeslaan — ek verbaas my oor niks meer nie. As een van Johannesburgse miljoenêrs 'n miljoen pond

sou gee om al die Kaffers met wit olieverf oor te skilder, of om die Vrystaat vierkantig te maak — vir my sal dit nie wonderlik wees nie.” (bls. 106).

Dit klink ampers of 'n Bols dit onlangs kon gesê het.

Hierdie stuk, is soos Grosskopf ons dit self meedeel, vir die eerste keer in 1919 deur die Studentevereniging van die Bloemfonteinse Grey-kollege ingestuur en op verskeie Vrystaatse plattelandse dorpieë opgevoer. Op 18 September in die stadsaal van Taba'Nchu. Vandag is daar nog van die ou inwoners wat die opvoering onthou.

In 1920 verskyn Grosskopf se eerste oorspronklike drama in Afrikaans nl. *'n Esau, 'n Bosveld drama in vier Tonele*. Onder ander vertel die skrywer dat die gedagtes en toestande waarop die drama berus, hom sedert 1914 besig gehou het, voor en tydens die Rebelle toe hy die geleentheid gehad het om 'n kykie te kry op die tragiek van die Transvaalse Boere ten gevolge van die maatskaplike en ekonomiese omwenteling wat destyds plaasgevind het. Om die botsing in 'n broedertwis uit te beeld is gewek na aanleiding van 'n preek deur ds. Herman Fourie so teen die middel van 1915 aan die rebelle gelewer in die Pretoriase tronk, na aanleiding van die Bybelse geskiedenis van Jakob en Esau. (Voorwoord).

In hierdie stuk kry ons die gegwens vir 'n grootse tragedie nl. die botsing tussen liberalisme en konserwatisme soos respektiewelik verteenwoordig deur oom Jakob en oom Bartel. Maar ongelukkig het Grosskopf dit nie verder as 'n verdienstelike toneelstuk gebring nie.

Die dramatiese stuwingslyn loop oor sekere hoogtepunte heen tot aan die krisismoment, maar dan verbrokkel die botsing tussen die twee broers omdat die voorafgegewens dit nie genoeg motiveer nie. Hierna is die ontknoping flou, liewers 'n anti-klimaks as iets anders. Vir my is dit een van die grootste leemtes in Grosskopf se werke dat hy nie by magte is om die krisismoment met die nodige sielkundige indringing uit te beeld nie. Waar dit skyn of dit wel die geval is, bederf hy die hele situasie deur die byvoeging van iets wat heeltemal buite die handeling staan. (Hierop kom ek later terug).

Dan is daar die veelvuldige gebruik van die *deux ex machina*, in hierdie drama veral wat seker nie daartoe bydra om die innerlike krag van die drama te verhoog nie. Dink maar aan die skielike kennismaking van die twee

broers, en oom Bartel se ontdekking in die laaste toneel dat klein Anna sy vermiste dogtertjie is. Toevallighede is 'n kwaal waaraan Grosskopf se werke ly.

'n *Esau* het sy verdienstelikhede. Die dramaturg ken die Transvaalse plattelanders en veral die bosveldbewoners. Van die twee broers word oom Bartel die oortuigendste uitgebeeld. Die mens wat hom eenvoudig nie by die nuwe tyd kan aanpas nie en noodwendig in die stryd moet ondergaan. Daarom is die besluit van oom Bartel aan die end van die stuk so oortuigend geteken met dié woorde aan sy broer:

„. . . ons soort se dag is verby in Transvaal. Ek verander tog nie weer nie. . . . En ek is nog nie oud genoeg om te gaan stilsit nie. Ek is nog 'n klompie jare duskant sestig. — Daar, in die nuwe woeste land is ons soort Boere nog nodig. Daar lê 'n skoonmakerswerk voor!” (bls. 79).

Maar oom Bartel besef ook dat die nuwe tyd daar is; daarom is sy woorde aan sy seun Hendrik:

„Nee, Hendrik, jou plek is vir die nuwe tyd.”

Oom Jakob is minder sterk omllyn. Hy is te kras en opsetlik verwykend teenoor sy broer, en dan weer te broederlik op die ou end. Fyn sielkundig is die onmiddellike aanvoeling tussen die twee neefs, sonder dat hulle van enige verwantskap bewus is. Dirk bewonder die Nimrod-gaardheid in Hendrik se karakter, en Hendrik aan die ander kant die ontwikkeling in sy neef. So vul hulle mekaar mooi aan om die punt van simmetrie te bereik.

Verder word die bosveld treffend uitgebeeld, en die dialoog van die Boermense soos Grosskopf hulle ken, is spontaan en sinryk.

Voor die publikasie van sy volgende lang drama nl. *As die Tuig Skawe*, waag Grosskopf hom aan die eenakter wat vandag in *Drie Eenbedrywe* saamgevat is. *Die Peswolk* verskyn in 1924; *In die Wagkamer* in die begin 1926, en dan *Die Spookhuis*, 'n kermisklug. Vir my persoonlike smaak is *Die Peswolk* die beste van die drie eenakters. Iemand wat beweer dat die stuk weinige dramatiese konflik bevat (Perspektief en Profiel) het die stuk nie met aandag deurgelees nie, nog minder op die planke gesien. Uiterlik gebeur daar min, maar innerlik wel baie. Die botsing tussen die wil en die wrede noodlot speel hom af in die siel van die verlamde Gerart, die idealis, en die oorwinning lê in die woorde van Gerart self: „Dinge doen en nie droom nie”

(bls. 10). Hier is 'n stuk waar Grosskopf die spanningslyn enduit volhou. As die Wagter die tyding bring dat die peswolk aan die kom is, is dit die onderskraging van Erda wat hom help oorwin. Gerart wil weet of hy nog vir enigiets bruikbaar is, en dan kom die woorde van Erda: „Jy moet sê: ek kan weer doen.” Erda vat sy hand en hy staan op. Hoe kan 'n mens nog twyfel aan 'n dramatiese konflik? Dis natuurlik nie 'n stuk vir amateurs nie.

In *Die Peswolk* kry ons 'n voorbeeld van die simboliese drama, of die *Idee-drama* soos dr. Gerhard Beukes dit noem, waarvoor Grosskopf besonder lief was. Dis die geestelike waardes wat uiteindelik seëvier oor die stoflike dinge. Skakerings van hierdie tema kry ons in *Blinde Liefde* (1941), *Die Vloek* (1946), *Die Daad van Koedri* (1947) en *Padbrekers* (1947). Natuurlik lê Grosskopf se krag nie in hierdie soort stuk nie, maar in die realistiese drama.

Wat 'n mens in die *Die Peswolk* hinder is die opsetlike, krasse uitlatings en optrede van Rykart teenoor Gerart wat die kontras tussen die materialis en die idealis darem te skril en onoortuigend laat uitstaan.

In die *Wagkamer* kry ons 'n tragiese geval van twee ou, rasegte Boeremense wat hulle seun in Johannesburg gaan soek, en hom dan so onverwags in 'n Wes-Randse stasie as gevangene aantref. Die twee oumense het Grosskopf met 'n kennersoog waargeneem en liefdevol uitgebeeld. Watter tragiese humor lê daar nie verskuil in die tradisievaste gesprek tussen die ou oom en tante nie, en dit te midde die geroese-moes van die grootstadse lewe! Op die tafel lê daar nog 'n ou Hollandse Bybel soos 'n troos vir hulle. Die oumense is nie gewoond aan 'n treinreis nie; daarom is die ou tante so kleingelowig. Vir haar lyk alles so teenspoedig; vertroostend lê die ou oom sy hand op haar skouer met die woorde:

„As dit donker is, is 'n mens se hart maar klein.” (bls. 62). Fel skryn die humor as die „barmaid”, die onbekende meisie, haar verskyning in die wagkamer maak. Tante kyk haar so medelydend aan en vra:

„Ag! . . . kind dra julle altyd sulke mooi klere by julle werk?” (bls. 67).

Dit is die mooi eienskappe in die stuk, maar in sy geheel bevredig hy nie. Hier kry ons weer die ou kwaal van die dramaturg: die dramatiese lyn loop strak tot by die krisismoment, en dan versnipper dit deur die onnodige verhaal

van die polisieman wat nie slegs onoortuigend is nie, maar ook hoogs onwaarskynlik. As die seun ontsnap klink die woorde van die ou oom darem so hol en leeg: „Ek hoop darem hy ontsnap!” (bls. 79). Maar hoe word hierdie byna niksseggende woorde nie vergoed nie deur die een woord van die moeder waarin daar verhole smart skuil: „Hennie-boet!” Globaal gesproke maak hierdie stuk vir sy dramatiese spanning darem te veel staat op uiterlike handeling en toevallighede.

Die Spookhuis is 'n kermisklug wat uitstyg bo die onbenullige, lawwe stukke van dié tyd. Wat in die stuk tref, is Ysbaard se grootpraterigheid wat tiperend van so baie Boermense is.

Grosskopf se tweede lang dra: *As die Tuig Skawe* (1926) is miskien sy rypste en sterkste drama. Dis 'n stuk waarin armoede verwydering tussen Gert en sy vrou Krissie O'Brien bring, en die dramatiese konflik word saamgetrek in die vrou. Dis 'n sielkundige probleem wat Krissie vir haar self geskep het. Aan die een kant is die onversoenbare wantroue wat Krissie vir haar man koester. Sy staar haar blind teen sy tekortkominge en sy wil die ware toedrag van sake nie aanvaar nie. Van haar kant af is daar geen bemoediging vir Gert om uit sy armoede op te staan nie. Hy is soos 'n perd waarvan die tuig skawe:

„Ons dwing hom om te werk... Krissie; ek voel baie keer of die tuig skawe: En dan... en dan...” (bls. 30).

Aan die ander kant staan haar eertydse liefde vir haar man wat sy gaandeweg probeer herwin; daarom weer sy die liefdesaanslae van Fred Moller, die tritagonis, so moedig af. As hy met sy skeipraatjies voor die dag kom, is haar antwoord: „Weet jy Fred, ek wonder of jy partykeer nie maar soos 'n kind is nie wat altyd dink wat 'n ander het, beter as sy eie is.” (bls. 47).

Oortuigend bewerkstellig Grosskopf die versoening tussen Gert en Krissie in die derde bedryf. Sy besef dat haar man se sogenaamde oortredings op skinderpraatjies en wanbegrippe berus. Dan is haar woorde aan Gert:

„As ek verkeerd was, is ek darem een wat dit erken. — Jy het my nooit reggehelp nie.” (bls. 54).

Krissie se vertroue in haar man is herstel; hy kan maar die aanbod van Van Niekerk aanvaar en vir hom gaan boer, as hy dit goed dink.

Die ontknoping van die stuk is goed gemotiveer. Die dood

van Gert is des te tragieser omdat dit juis op daardie moment geskied as Krissie die pad van liefde na haar eie hart teruggevind het.

In hierdie drama is Grosskopf op sy gemak; hy bevind hom tussen die mense en milieu wat hy ken en liefhet. Jammer dat Fred Moller se optrede in die stuk so opsetlik afstootlik is, en daarom so onoortuigend. Daar is sy vleitaal wat sommer so goedsmoeds orals ingevleg word. Die spannende oplossing word ietwat geskaad deur Fred se ontydige liefdesaanbod op die kritieke moment: „Maar Krissie, ek wil eerlik vir jou . . .” Samevattend kan 'n mens sê dat Grosskopf die tegniek van die drama hier taamlik onder die knie het. Ek verstout my om te sê dat *As die Tuig Skawe* nog tuishoort onder ons beste toneelwerke.

Verder het daar van Grosskopf *Die Klipdolk en ander Kortspele* (1941) verskyn. Die bundeltjie bevat twee eenbedrywe en twee hoorspele vir die radio. Van hierdie stukke is *Oorlog is Oorlog* sonder twyfel die beste, indien nie die beste eenakter wat hy geskryf het nie. Miskien is die stuk onafgerond en nie heeltemal vry te spreek van toevallighede nie. Maar dis 'n eenbedryf waarin Grosskopf geslaag het om die handeling in 'n eenbedryf saam te pers. Dwarsdeur die stuk word die dramatiese stuwingslyn volgehou. Die botsing speel hom af in die gemoed van die hoofkarakter Rachel. Die een kant staan die onberekenbare daad van haar minnaar; aan die ander kant haar besluit om nie slegs van hom af te sien nie, maar die tragiese verydelling van haar ideaal om ooit moeder te wees. So beslissend en oortuigend is haar woorde aan haar minnaar:

„Daar is vandag iets in my dood wat 'n man miskien nie kan verstaan nie . . . Ek wil nooit 'n moeder wees nie!” (bls. 36).

Die oorlog het tussen hulle gekom en daar is bloed aan sy hande. Eenkeer het ek die regie van die stuk self op my geneem, en dit met 'n klomp rou amateurspelers. Selfs die rumoerigste toeskouers het dit nie een keer gewaag om grondboontjies te kraak of om 'n papierdosie te laat klap nie. Watter tasbaarder bewyse is nodig om die spanning van 'n stuk vas te stel? 'n Stuk kan eers na reg geoordeel word as dit opgevoer word. *Die Klipdolk* waarin 'n vader uit Holland na die graf van sy seun kom soek, is minder bevredigend omdat die spanning skraal bly. Die twee hoorspele: *Blinde Liefde* en *Die Poskoets in die Rivier* is altwee

geleentheidsstukke wat tydens die Eeufees van die Groot Trek in 1938, geskryf is. Die twee stukke het met groot sukses hulle debuut gemaak: eersgenoemde uit Johannesburg onder die spelleiding van Anna Neethling-Pohl, en die tweede uit Kaapstad onder die regie van Anna-Viljoen Malan. Van die twee stukke meen ek, is die laasgenoemde die geslaagste; veral as die klankeffekte goed is. Die stuk is vol dramatiese spanning en speel hom af in 'n poskoets wat op pad is van die Kimberleyse diamantvelde na die pasontdekte goudvelde van Johannesburg. In die reënweer en donker nag speel die motief van wraak oor 'n vermoorde vrou hom af. Die spanning word volgehou tot aan die end.

Die res van Grosskopf se dramas is van minder belang. *Legende* (1942), *Die Goeie Hoop* (1947), *Die Nag in die Blokhuis* (1947) en *Die Daad van Koedri* is van die dramaturg se vaderlandse stukke. Van hierdie eenbedrywe is die laasgenoemde seker die belangrikste met sy boodskap deur Ribax: „Mense julle wil nie verder kyk as julle eie landjies nie. Die Bond van die Maan se grote roeping is om ons almal te leer om verder te kyk, en breër te dink.”

Ten slotte iets oor Grosskopf se toneelaanwysings wat baie hinderlik kan wees. Hy is self regisseur van sy stukke en laat niks aan die verbeelding van die regisseur en sy toneelspelers oor nie; alles is haarfyn uitgewerk en daar-gestel. Sulke voorskrifte is ten dele oorbodig. Die stuk besit tog seker genoeg dramatiese kwaliteit om daarsonder klaar te kom. Hier stem ek volkome saam met dr. Antonissen waar hy sê: „Té maklik verwaarloos hy die woord, en word hy bloot tonelis. Aan dié gevaar ontkom, selfs in sy beste stukke, ook Grosskopf nie.” (*Die Afrikaanse Letterkunde van die Aanvang tot Hede*, bls. 142).

In so 'n kort bestek is dit natuurlik onmoontlik om elkeen van Grosskopf se toneelwerke volledig te bespreek; baie van die stukke verdien seker ook nie so 'n volledige bespreking nie. Die doel van die opstel was om slegs my indrukke weer te gee by die herlees van sy werke. Ek het gevoel dat daar stukke is wat oorskat word; ander weer is onderskat. Een ding staan vir my persoonlik soos 'n paal bo water, dat 'n mens geen duidelike ontwikkelingslyn in Grosskopf se dramas kan aantoon nie. Miskien kan 'n mens sê dat hy sy hoogtepunt met *Oorlog is Oorlog* en *Die Poskoets in die Rivier* bereik het, maar daarna het die lyn skielik gedaal. Dis miskien aan die feit te wyte dat

Grosskopf òf teen daardie tyd uitgebloei het, óf dat hy hom toe meer aan sy prosawerk gewy het. Hierdie bewering berus natuurlik op blote gissing.

ENGEMI FERREIRA:

Drome . . .

*Die gisters kom weer
oop en naak,
oor my helder vandag
se drumpel gedrentel . . .*

*Die ene lank en krom gevou
met diep in die skedel sy oë.
'n Ander nog jolig en goudgeel-bly.
En 'n derde wat skeef en swart, langs hom hou.
Dan weer een wat vroom met 'n vinger beskuldig.
En nog een wat huil — en een wat geduldig
die wraak in sy pyn en weemoed bewaar.*

*Hul dring oor die drumpel,
hul droom in die voorhuis
en dan sleep hulle traag oor die krakende vloer.
Hul teister en tart
en tooi my in vreugde
Hulle klee my in rooi en in geel en goud
en dompel my weer in die swart van
'n roukleed. En dan word dit stil en
jutloos in my, as hul een-een
verbyskuif, die deur uit, na buite.*

Proses

*Ek het jou liefgehad
met al die vreemde vroulikheid in my.
In jou het ek gevind
die rus,
die vrede,
maar diep hierbinne
het jy tog die onrus
ook gebring
Jy was vir my die hemel,
my hele siel en hart,
maar ook my graf
in al sy donker smart.
Want jy het in my iets ontketen,
iets losgeruk,
iets vasgevat.*

*En toe my hele wêreldjie
van ek-wees
omgedool.
Nou kan ek nie meer ongemerk-naïef,
my vriendskap aan jou bied
want jy het in my hart die vreemde
werklikheid gebring en ek is nie meer jonk
maar oud,
met al die pyn van vrou-wees in my oë.*

Werklikheid

*Met donker konsentrasie
dwing ek
my aandag terug,
weg van my
helder kleure,
my stiltes en
my eensaamheid.*

*Toe, in een vlamblink oomblik
kon ek dit sien — besef —
dat hier géén kleur is
en géén klank,
wat my in stilte bind
met liefde, aan my eensaamheid.*

Misdadigers

*In die vaalte van 'n wintersdag
met yl pop'liere in die wind,
staan helder uit, die spatsels rooi
van baksteen rye aanmekaar . . .
Deur trane-vensters in die rooi
staar oë, sielloos, koud-verwonge,
na yl pop'liere in die wintergrys.*

Kwatryn

*Die nagvlug bring 'n meeu
wat spierwit aan die donker see
sy wrok teen hierdie eeu
met al sy wrede, koue moord, uitskree.*

Ou Man

*Ek lag en skater
vir die wekker
wat al later
in die nag
minute laat verwater.*

*Ek kruis my hande
en ek kyk
hoedat die bande
wat my bind aan tyd,
verdwyn agter die rande
van dood se ewigheid.*

A. A. SNYMAN:

Skemervure

(Herinneringe van 'n ou kraalhoof)

*Net eenmaal wil hy weer in sy kontrei
en landelike aarde wees — die vlei*

*en ronde heuwels ver sien buie oor
die silwerige kim; net eenmaal voor*

*sy eie dinge staan en weet: die pyn
van hierdie stad sal nooit weer skryn.*

* * *

*En daarom het hy vroeg een môre wyl
die eerste hoenderhane kraai en yl*

*misslierte oor die strate waai, sy ou
kitaar gevat en aangestryk al met die blou*

*lint van die pad. Toe sy voorvadergees
geroep, gesmeek om tog met hom te wees.*

*Met rooidag het hy nog vir laas die kwint
gestem, gestreel netsoos die hare van 'n kind.*

*'n Lank vergete lied het op sy tong
kom lê, 'n nuwe blydschap in die khong*

*van elke noot en as hy dan weer stil
die koue snare teen sy hand voel ril,*

*dan loop sy denke vort tot waar sy Kraal
se bruin geskulpte hutte teen die vaal*

*kliprantjies uitgespikkel was — tot waar
die soetvleis beeste wei en bokke swaar*

*melkuiers huis toe dra. Hy sien die oop
vêr landerye weer, die blink rivier wat loop;*

*en oestyd as die vrug reeds swanger in
die goue halms staan — vrouens in*

*die skemeraande sing . . . Meteens onthou
hy weer vir haar, die slank en tere vrou*

wat met haar hyging en haar wilde bloed
die hartslag in sy keel kon ruk; die gloed

van heerlikheid wanneer haar ryprooi mond
teen syne oper gaan, soet-klam en rond:

die ruie drifte in hom wakkerslaan —
dat sy moes sterf, so ver van hom moes gaan . . .

* * *

Sy vingers maal die snare wild en krap
totdat die skelle klanke gil, hy trap

sy hartseer in die stofpad oop, versmoor die dol
crescendo onder stof en bitterknol . . .

* * *

O, sy was ryp! vol swel en buig; haar lyf
'n diepver poel waarin jy weg kon dryf

na bodemlose vreugdes waar die hart
geanker lê. Hy sien haar weer in swart

grys holtes van die nag daar by sy Kraal
se skemervure dans, haar heup se haal

en golwing as sy wring en spierwit lag
en uit die halflig swaai. Dan kon hy wag,

tot eindelijk haar oë hom vertel
dat sy deur hierdie hele ligte spel

die branding in sy bloed kon sien, die waan
wat in hom sidder as haar dun hand aan

sy voorhoof streel — soms gryp hy wild na haar —
dan tol sy weg tot by die vuur, en daar

sal sy dan bly totdat die haling van
haar lende traer word, die deining van

haar koper borste blink wieg in die gloeiing
van die sagte vuur; dán sal sy wyer kring

na hom wat ongeduldig en vol staar
nog nugter in die skadu's wag op haar.

*En voordag wyl die winde oor die veld galop
voel hy nog haar warm hart teen syne klop.*

* * *

*Die agste dag het hy die Kraal bereik:
Verslae oor alles heen gestaar, gekyk*

*na waar 'n vreemde wildernis welig
bo die heuningaarde stoel, waar dig*

*en aaklig kreupelbosse teen die late
skeem'ring buig. Dat hierdie godverlate*

*plek sý gebied moes wees; wat het gebeur
dat soveel weedom hierdie stat deur*

*enk'le jare weg moes vee, en waar is al
die ou gekende dinge: vriende, skal*

*geruis van vrou- en kinderstemme, goue
vure teen die nag, die diep en koel kalbasse koue*

*bier? Dan draai hy weg en in sy baard sit stil
die blink verdriet. Die aand was somber, kil . . .*

* * *

*Nou hurk hy langs 'n ander skemervuur,
koud en ver van haar; maar weet dat so die duur*

*van elke dag en lewe sterf. Toe breek
die rooihart van 'n kool, en oopgesteek*

*kiem daarin die voorgeboorte van 'n dag.
Sy blikkitaar roep stemme uit die nag—*

*die wilde klanke het hy snoep gespeen
en laat nog net die moeë snare ween . . .*

S. C. HATTINGH:

Die Ontwikkelingsgang van Abel Coetzee se Kunstenaarskap I

Die belangstelling van Abel Coetzee soos deur sy geskifte vertolk, lê wydgestrek. As opvoedkundige het hy deur die jare 'n groot aantal artikels gelewer, hoofsaaklik oor taal-
onderwys; as wetenskaplike het hy 'n reuserarbeid verrig in verband met taalkunde en volkskunde. Sy belangrikste bydraes is opgeneem in *Taalgeografiese Studies*, *Teenstelings in die Taal*, *Ons Volkslewe*, *Die Afrikaanse Volksgeloof* en die handleiding *Die Afrikaanse volkskultuur*. Maar dis eintlik as suiwer skeppende kunstenaar wat ons hom hier wil bespreek, want in sy kortverhale, nouvelles, romans en gedigte tree sy lewenshouding die duidelikste na vore.

Die hoofkenmerk van sy kunstenaarskap berus op sy veelsydigheid. Hy benader die lewensprobleme vanuit verskillende gesigspunte en slaag daarin om mettertyd 'n gawe geheelbeeld te vorm wat die stempel dra van sy persoonlike ervaringslewe. Uit die verskillende strominge wat sy belangstelling opeis, word 'n kunstenaarskap gebore wat hom tipeer as 'n man van sy volk en van sy tyd. Hy hou hom besig met die vraagstukke en probleme van die Afrikaanse mens in die besonder en van die mensheid in die algemeen. Sy benadering van die vraagstukke is nie slegs daarop gemik om roumateriaal vir die uitbouing van sy skeppingsdrang te verskaf nie. Hy voel homself met die vraagstukke verbonde insover die oplossing daarvan 'n beter toekoms voorspel, 'n toekoms wat 'n vooruitgang op die hede beteken, hoe gering dit ook al mag wees.

Uit die aard van sy geestelike samestelling glo Abel Coetzee nie dat hierdie vooruitgang op 'n oorwinning van die rasionalisme op die geloof berus nie; ook nie op 'n nivellering van die volkseïendomme nie; die opsyskuiwing van die eie, die nasionale en tradisionele vir 'n oppervlakkige kosmopolitisme nie; ook nie op 'n oorwinning van 'n selfsugtige individualisme op naasteliefde en gemeenskapsin nie. Die drie groot waardes wat sy lewe beheers is: God, volk en mens.

Die kuns van sommige skrywers ontwikkel uit 'n krisis. 'n Skokkende gebeurtenis, aangrypende lewensomstandig-

hede of 'n innerlike botsing skud in hulle die skeppende drif wakker, spoor hulle aan tot dinamiese handeling. Hulle is dus persone wat onder die ban staan van die tyd, gewoonlik eensames sonder verbondenheidsgevoel met die verlede of die toekoms. Hulle bestaan op aarde is die enigste werklikheid en as dit verby is, is alles verby. Daarom strewe hulle ongeduldig om die hede tot volmaaktheid te bring, om alles weg te ruim wat in hulle pad staan om toestande na eie verlangens in te rig.

'n Ander groep besef dat hulle deel uitmaak van 'n groot harmoniese geheel waarvan hulle die samehang en betekenis probeer deurgrond. Hulle kuns is die produk van 'n gestadige bewuswording van die eie persoonlikheid. Die lewe het betekenis en elke mens 'n roeping om te vervul. Slegs deur hom aan hierdie roeping te wy, kan hy sy ware bestemming bereik. So 'n kunstenaar is Abel Coetzee. By hom is daar 'n hegte verbondenheid met sy volk, met die aarde waaruit hy gebore en getoë is. Daarom vind ons in sy werke 'n poging om deur te dring tot die bestaansgronde waar die teenstellings ontbreek: 'n terugkeer na die verlede, mense-liefde en godsdienstigheid.

In Wes-Transvaal, daardie streek wêreld wat afwisselend die skoonste natuurtonele en in tye van droogte 'n barre, ongenadige voorkoms vertoon, is Abel Coetzee gebore. Hy het grootgeword op die plaas Grootfontein naby Rooigrond in die Lichtenburgse distrik, die plaas wat die eerste inspirasiebron van sy kuns sou word. Daar leef in hom die herinneringsbeelde van sy ouers, van familieleden, vriende en bekendes wat op daardie plek geworstel het om 'n bestaan, maar ook die geluk van onderlinge eenheid, van strewe, van rus en vrede geken het. Hierdie plek van herkoms word vir hom 'n simbool, die land van sy verlange waar stilte en eensaamheid, rus en ewewig verenig staan, omdat die mense wat daar leef, voel dat hulle in 'n sinryke geheel opgeneem is en nie deur ang of twyfel geteister word nie.

Reeds in sy eerste bundel *Skimme van die Goudstad* word hierdie skrynende verlange na die geboortegrond weergegee al dra dit nie dieselfde naam nie. In die kortverhaal *Ons Vriend* verlang die kantoorwerker deur die jare na die plasie in die Bosveld waar hy grootgeword het: „Ek het my elke dag belowe ek gaan eendag daar uitrus, rus totdat ek sat gerus is, net soos ek toe sat gewerk was.” Dis die plek

wat Dawid Pienaar in *Aan die dag se Soom* verlaat om op Suikerbos te gaan studeer, die plek waarna hy terugverlang en eindelijk na toe terugkeer toe die eenszaamheid hom oorval, om sy vader weer te vind: „Weer sien hy die beeld van sy vader uit die stilte verrys, die groot stilte wat hom lok en hom rus gee en hom sterk maak . . . Daar, aan die dag se soom, verlaat hy die gestorwenes, en met ligte tred gaan hy die glansende lig binne”. En toe Ferdinand Bastiaanse in *Waarheen Vader* sy lewensgeluk verloor en die lewe vir hom geen houvas meer het nie, het hy seker ook na so 'n geluksoord verlang, na die verlede waar hy gelukkig sy jeugjare deurgebring het. Hy voel dan ook dat hy in die omgewing van sy jeug met rus gelaat sou word. Die plaas van sy herkoms kan ook vereenselwig word met „Fonteinplaas” uit *Waar die Waterbul brom* en met „Uitkyk”, die plaas van Andries Rootman uit *Die Dans van die Dwarrelwinde*. Hoe diep is die beeld van die ou opstal nie in sy geheue gegraveer nie: „Dit kring oor die kaal werf, oor die heining waarin die windjie soms singend suis, by die geboue van die opstal verby, langs die veekrale met hul gestawelde klipmure, uit oor die vlakke, Uitkyk se vlakke, wat gelyk uitstrek voor jou en agter en rondom jou van kim tot kim om uiteindelik in die verte te verdwyn in die trillende hittenewels waar die trekpad jou die onbekende lewe daarbuite in voer. Bo-oor jou staan die uitspansel, roerloos, onmeetbaar . . .” En as die hoofpersoon in *Lewenslank* „Onrus” in sy drome verlaat, gaan hy reguit na die ou stampplaas toe: „Glinsterend lê skielik die fontein op ons stampplaas aan die voorposte onder my. Dis of 'n groot vrede in my dring . . . Allengs daal ek af na die fontein; in die watervlak blink die nagstilte en vrede. Ek daal af daarin, oneindig af, af . . . ek weet dat die tydstip van my bevryding uit die vorm aangebreek het.” Dit hou ook verband met die aankoop van 'n klein plasie, na sy ontgoëling in die Goudstad, om daar 'n nuwe begin te maak.

Besonder skoon is die siening dat die natuur enersyds as bondgenoot en vriend maar andersyds ook as rigter en bestrawwer van die plaasbewoner kan optree. In die laaste geval word dit, soos by Streuvels, die draer van kragte uit wie se greep dit onmoontlik is om bevry te word alvorens boetedoening ingetree het. Ongeluk oorval die onskuldiges omdat Ouma Sofya uit *Die Dans van die Dwarrelwinde* en Herkulaas uit *Waar die Waterbul brom*, deur hulle hebsug so verblind word dat hulle op die dreiging van die natuur

geen ag slaan nie. Eers deur die herstel van die onreg word die onheil afgeweer en die natuur ontwapen. Die kwaad word gewreek en deur die soenoffers van onskuldiges kom die skuldiges tot inkeer.

Abel Coetzee glo in die liefde, anders sou sy werk nie 'n strewe tot verbetering en vergeesteliking van die mens openbaar nie. Sy boeke is bevolk met persone wat gewillig is om eie geluk op te offer vir ander, persone wat hulleself kan vergeet ter wille van hulle medemense. Vanaf *Skimme van die Goudstad* tot by *Lewenslank* kry ons hulle: die ou vroujie in die kortverhaal „Bankrot” wat haar spaargeld opoffer om vir haar pleegkind kos te koop; Andries Rootman en Sielja wat hulle lewens gee tot behoud van diegene wat hulle liefhet; die vrou en oudste seun van Ferdinand Bastiaanse uit *Waarheen Vader* wat, ter wille van die liefde, besluit om die banvloek deur die samelewing opgelê, te dra. Die hele ontwikkeling van Dawid Pienaar uit *Aan die Dag se Soom* weerspieël die bevryding van 'n jong man wat hom aan die eensaamheid ontwortel om hom aan gemeenskapsdiens, liefdesdiens, te wy. Lyding is geen lyding meer wanneer dit 'n leerskool word om iemand in staat te stel om die lyding van ander te versag nie.

Sulke skeppinge kon alleen tot stand kom as die skepper daarvan in God glo. Sonder God, wat die skepper is van die mens en tot wie hy uiteindelik weer terugkeer, het die lewe geen sin nie. Die plaasmense wat na die grootstad uitwyk en daar in die gewoel en materialistiese strewe opgeneem word, kan God tydelik vergeet en selfs verloën, maar dit beteken nie dat God self verdwyn het nie. Hy wag op die uitverkorenes se terugkeer, want sonder Hom bestaan daar geen hoop of geluk nie. Hy wat God erken, erken die afhanklikheid van die mens en 'n sedelike wet waaraan hy onderworpe is. Die karakters wat Coetzee skep, is mense met baie gebreke en hulle word soms deur hulle hartstogte oorrompel; maar hulle besit ook 'n gewete waardeur hulle oordeel oor hulleself gevorm word. Handel hulle teenstrydig met die ingewings van hierdie beter ek, soos in die geval van Sofya en Herkulaas gebeur, dan kan die straf van die Hoër Hand nie uitbly nie, want God is regverdig. Daarom staan Coetzee altyd begrypend teenoor die werklikheid en nooit afbrekend nie. Hy ken die dwaasheid en gemeenheid van mense, maar nogtans sien hy die goeie en skone raak wat in en deur hulle bestaan. Hy is nooit sinies

of sarkasties nie, want dit strook nie met sy geestelike oortuigings nie. Hierdie lewensbeskouing kom duidelikste na vore in *Lewenslank*. Een na die ander ontmoet ons die mense van Onrus: die onversorgde, eenvoudige Andries; neef Org en Nig Ralie. Amalie, hulle dogter; Jerrie de Witte, Olwagen, die Dwerf; Piet Oorolster; Vandermerwel en ander. Hulle karakterlewens word vir ons blootgelê, maar nooit met die ontledingsdrif van die naturalisme of die psigoanalise nie. Slegs die waarheid wat strook met sy gewete word deur die skrywer aan ons voorgehou. In hierdie novelle voorspel Coetzee ook die godsdienstige worsteling wat tot skepping van sy sonnettekranse *Die Halwe God* (onder die skuilnaam Soul Erasmus Smit) sou aanleiding gee. Aan die slot sê hy: „Daar is maar een blywende bevryding uit Onrus, die beeld van die stoflike begeerte, en dit is die bevryding uit die stof, bevryding uit die vorm wat jou aan die stof bind”. En ’n bietjie verder sluit hy af met: „My lewenslange worsteling teen die vorm, teen die hede, teen die aardse bereik sy einde. Ek bereik die oord waaruit geen sterfling ooit terugkeer nie . . . omdat dáár geen toekoms en geen verlede is nie . . .” In sy poësie soek Coetzee na die verhouding tussen die Skepper en sy skepsel; hy worstel met die motief van God se skeppingsdrif en Sy onrus waaraan die mens deel het. Deur al sy werke loop dan soos ’n goue draad die gestadige bewuswording en ontplooiing van sy kunstenaarspersoonlikheid, om in *Die Halwe God* volle gestalte te kry.

Die sonnettereeke begin by die skepping soos ons dit uit die Bybel ken. Hemel en aarde was woest en leeg, net God se gees sweef eensaam en beplan om vorm te gee aan Sy diep verborge drange. Op Sy gebod en bevel ontstaan see en aarde, bome, plante, son en maan, diere, visse en voëls. God, „draer van die heil’ge droom” het Sy droomgebore maaksels aanskou en dit was gòed.

Maar die droom is nog ongestil. Daarom sê Hy: laat ons mense maak na eie beeld om oor al die geskape dinge te heers. God het toe die mens na die eie, die onaanskoubare beeld gemaak en — dit was báie goed.

Daar God louter Lig is, leef as drang wat onophoudend dring en streef na vorm, het Hy sy gelyke nooit geken of Homself aanskou nie. Hy het geswoeg om ’n droom in ’n sigbare beeld te weef, volgens ’n beeld wat onsigbaar bly, en so die mens uit klei gemaak. Tog het Hy daarna

geen rus, en gewens dat die beeltenis wat aan Hom gelyk is, die draer van rus moet wees, sodat die drang van die droom in die daad geblus kon wees.

In Eden het God 'n tuin geplant — bome met heerlike vrugte — met in die middel die boom van kennis, goed en kwaad. Aan die mensepaar dra hy die sorg van die tuin op. Die bevel lui: bewerk, bewaak die hof, eet van die vrugte vry en onbevrees, maar laat die boom van kennis, goed en kwaad, die boom van die lewe onaangeraak. Vermy die boom of sterf.

Die mensepaar begin te wonder oor die betekenis van die natuurverskynsels. Hulle soek veiligheid teen die onbegrepe skeppingskrag. Die drang om te weet roer in hulle harte: Wie en Wat is God? Die mens eet van die vrug en daar volg 'n donderslag!

Nou staan die mens bloot voor homself: hy is naak. Hy staan ontbloot in sy eie aard; hy het *bewus* geword en erken die skepping en sy eie plek daarin. In die awenduur keer God, die rustelose, terug na Eden om die mens te soek. Die rus van die mens bring ook rus aan Hom, en op hierdie manier kon hy bly skeep en tog ook rus.

Om sy naaktheid kan die mens nie voor God verskyn nie. Hy weet dat hy 'n verraaier is, dat hy God se droom versteur het. Dan val die straf. Omdat hy die droom van rus versteur het, moet die mens sterf, terug na die stof. Om sý ontwil is die aarde vervloek. Maar God sal hom nie vernietig nie. Hy moet vrywillig terugkeer in God, want saam met hom sou ook 'n deel van God sterf. Die mens se vorm is rus; God is die drang na skeep én rus deureengevleg; die vorm van die mens moet sterf en slegs deur kennis kan hy weer terugkeer in God. Dan vind die gesplete persoonlikheid van God weer eenheid. As die mens onsterflik word, sou hy 'n volle god word; daarom word hy verwyder van die vrug van die boom wat die ewige lewe gee en daarom moet hy sy vorm aflê om onsterflik te kan terugkeer in God. Die vorm van die mens is verstolde drang na rus, gestol in klei en moet weer drang word om aan die ewigheid deelagtig te word.

Nou besef die mens sy uitgeworpenheid, sy las aan skuld, sy nietigheid en eindigheid. Slegs deur kennis kan hy sy verganklikheid beëindig en daardeur weer eenheid met sy Skepper verwerf. Maar hy smeek om weer soos die bome te wees, wat geen strewe ken, niks van node het en geen sorgte ken nie. Hy wil bevry wees van kennis, sonder wete

soos in die begin, sonder drang — volkome rus. Kennis bring berou om skuld en berou sal hom agtervolg totdat hy die kennis opgedoen het wat tot herstel kan lei.

Omdat hy so gou sy skuld en berou vergeet, ontstaan by die mens broedertwis en broedermoord om die skynbare rus en vrede te verbreek. Dit is deel van die plan van God dat hy nooit tot rus moet kom nie. Hy moet gedurig swerf, steeds sy brood soek, agtervolg deur die dood. God gee aan hom 'n teken dat hy nie vernietig sal word nie. Deur die tye sal hy behoue bly deur die angs van die dood.

Daarop volg die verwording van die mens en God se berou dat hy hom gemaak het. Almal word in die watervloed verdelg, behalwe Noag en sy gesin. Hulle moet van voor af begin. God gee die reënboog as teken dat die aarde nie weer deur water verwoes sal word nie. Hierdie sonnet, waarin die mens se angs oor die banvloek oor hom uitgespreek, sy angs vir die dood, uitgedruk word, is een van die skoonste en klankrykste in die bundel.

Vervolgens word die geskiedenis van Israel in Egipte en in die woestyn behandel. In Egipte het hulle slawe geword wat swoeg om in die daelikse behoeftes te voorsien. Om vry te wees, die draers van 'n droom, moet hulle tot haat en opstand gewek word. Daarvoor is nodig nie die onderworpenheid van 'n slaaf nie maar die dadedrang van die koningseun. Vir hierdie taak word Moses geroep by die brandende braambos. Hy is uit Adam mens: die moordenaar, lafaard, vlugteling, maar in die lig van God ook die koningseun. Hy word deur God gestuur om Israel uit die slaweland te verlos, om die belofte van die Beloofde Land aan hulle te bring waar Hy die koning is. In hulle moet die drang na vryheid gewek word. Dit sal meebring 'n nuwe onrus tot verwesenliking van God se plan.

Die volk voel ontredderd in die woestyn. God kom met 'n vuur- en wolkkolom om hulle te lei en bewerkstellig die ontwaking van die geloof in Hom. Die berg Horeb is die troon waarin God se vlam, Sy heerlikheid woon, die krag wat 'n groep slawe tot 'n volk moet omvorm. Hier word die tien gebooie aan Moses oorhandig, want die morele wet is nodig vir voortbestaan van die volk. Veertig dae en veertig nagte lank word Moses deur God onderrig totdat hy eindelijk juigend uitroep: „Vader! U brand my hart, o laat die uur tog spoedig nader van U beloofde land.” Maar God vertel aan hom hoe Israel die goue kalf in die kamp dien. Hulle murmureer omdat Moses nie terugkeer

nie en verlang na die oorfloed in Egipteland; hulle bly tog maar slawe, want waar is die God wat Sy uitverkore volk in die sand laat smoor? Israel is ook al moeg vir die manna, vir die eentonigheid van die spyse. In dié opstandigheid sien ons 'n openbaring van die aard van die mens, die mens uit teenstellings opgebou.

In sy woede breek Moses die stene tafels met die wet teen die rots. Met die hulp van diegene wat nog vir die Here is, roei hy die afgodediens uit en roep dan om genade vir die volk. Daarna gaan hy terug in die wolk en vra dat hy God in al Sy heerlikheid kan aanskou om sodoende die volk te kan oortuig. Maar geen mens kan God sien en leef nie. God sal slegs aan hom verbygaan; daardeur sal hy so deurlig word dat hy blinkend en verstandig die volk sal lei tot aan die grense van die Beloofde Land.

Veertig jaar lank swerf Israel in die woestyn rond. Steeds hunker hulle na die slawetoestand in Egipteland. „Wie ooit 'n slaaf was in sy hart word nooit weer vry.” Hy is die Beloofde Land onwaardig. Moses wonder of hy ook hier teen 'n duin in die sand moet sterf.

Deur vlam en lig word God se plan tot openbaring gebring: „U skroei die mens gans uit hom weg dat net die gees nog bly, wat blinkend uit die lyf ontsmee, terugkeer na die bron” — soos in die geval van Elia, wat met 'n vurige wa en perde opstyg na die hemel. En koning Nebukadnézar moet aanskou, nadat hy Sadrach, Mesach en Abednego in die verhitte oond laat werp het, hoe die geloofsvuur so warm is dat niks anders daarby kan stand hou nie.

Onrus wat gewoonte word, word rus en gewoontediens is slawediens. Egipteland se slawe word weer slaaf van die gewoonte in die Beloofde Land. Die Halwe God moet van vooraf weer met nuwe brand en vuur geskroei word, sodat onrus sy wese kan vervul en die rus wat die wese is van mense in God se beeltenis, Sy onrus bind. Die rus moet weer in God tot eenheid kom. Daarom het Christus gekom om draer te wees van God se vuur. Die volk word uit sy rus verdryf, want Hy bring oorlog, tweedrag en verdeeldheid. Ook formuleer Hy die naastewet en leer die mens om te bid: Soos ek vergewe Heer, vergeef U my en dit vervang die Ou Testamentiese wet van oog-vir-oog-en-tand-vir-tand.

Van nou af verwoord die digter sy persoonlike stryd. Ook hy, as mens, het God se skepping deur geswerwe: In Eden, as broedermoordenaar, as deel van die uitverkore volk — die hele weg wat die Israeliete gegaan het tot by Getsemane

waar hy God vergeld het met doringkroon en kruis. Kom daar ooit 'n einde aan hierdie val? Hy soek rus ná al die strewe die lewe deur, na al die nodelose gekyf met dae wat gaan en kom. Hy het genoeg geswerf en geboet met onrus en vra dat God Sy vuur moet blus en aan hom rus gee. Soos voëls in die koringlande wat swerm sonder vrees vir die dood of angs oor roofvoëls, so swerm die kinders van sy gees die bloue mores in: verlange, hoop dat die nuwe dag die troos sal bring en dat daar 'n einde aan berou sal kom. Maar sy leë verlangens keer in die skemeraand terug. Hy wag vergeefs. In elke more sien hy net die nag.

Rus is die teenpool van God se drang om stof te wek tot strewe. Deur die hele skepping moet hy die halwe God voortdurend uit sy aard verdruk, hom voordryf met die skerpte van Sy swaard en so sy rus versteur. Die mens kan nêrens anders rus vind dan alleen in God nie. Slegs daar kan hy gebind word met sy tweede pool. God versteur die mens se rus op baie maniere: droogte, hongersnood, haat, nyd, begeerte, owerspel, moord, ontrouheid... met vuur brand Hy die versanding weg, want rus vertraag die tydstip waarop die mens verstaan en God aangryp. So het God ook die digter gedryf om na Hom te seek. Hy moes besef dat God nie in Homself kan rus nie — dit sou die einde van skepping beteken. Die mens was bedoel as God se ruspunt en hierdie ruspunt is deur die mens self vernietig.

Op die verlossingsdag, die dag waarop die mens deur hom self bevry word uit die rus, sal 'n kettingvuur ontspring wat alles, die ganse skepping verteer: „U ganse skepping gloei en elke vorm verspring sy band om drang te word wat net maar is. So swig die stof, verrein, versoen, en alles word net Lig”. Die mens stig 'n wêreldbrand om sy rou te versoen. En hier sien ons die atoombrand waardeur die ganse wêreld vandag bedreig word.

Ook die digter het, as halwe god, die eue deur geswerf, voortgestu deur God se vuur, tot op die oomblik dat Sy kettingvuur die weg wys wat verlossing bring: „U rus in my ontvonk, ek reik na U en spring U onrus in; ontvang my, Here bind my, vol van godlikheid betaal ek self die hoogste tol”. Rus en onrus kom tot ewewig in God. Skeppingsdrif en skeppingsvreugde vorm weer 'n harmonieuse eenheid. Die gelowige verrig wat die twyfelaar vrees om te doen: hy gaan die vernietiging in uit eie keuse.

Die laaste sonnet is 'n oorpeinsing van God self. Geluk kan die mens wat sy wense digby sy hart dra, wat die

skimmeland van die begeerte bewoon sonder om sy drome tot werklikheid te sien verander. Om te skep en lewe te skenk beteken om 'n deel van jou prys te gee, wat selfstandig kan ontwikkel en na eie wil kan beskik oor goed en kwaad, soos 'n god. Rus in ewewig gepaard met skeppingsdrif is godlik goed, maar wanneer dit los staan van die droom, weeg die rus te swaar teen die onrus en groei tot kwaad met 'n eie wil. Ewewig kan alleen verkry word in God, die Oorsprong van die droom. Die aarde is weer woes en leeg en peinsend sweef Sy gees — geheel en goed.

In *Skimme van die Goudstad* spreek Abel Coetzee sy deernis uit met die armes en verdruktes, die eensames en alleenlopers, mense wat vasgevang sit in die seekatarms van die grootstad en wat worstel om 'n bietjie geluk en soms daarvoor droom. Hy openbaar sy warmte menslikheid wat gerig is op naasteliefde. Hierdie aspek van sy geesteshouding vind dringender gestalte in *Waarheen Vader* waar hy een van ons land se neteligste vraagstukke, nl. die van bloedvermenging in kunsvorm aandurf. *Aan die Dag se Soom* vertolk sy persoonlike worsteling met jeugprobleme en sy ontwikkeling tot volwaardige mens, gereed om naasteen liefdesdiens te lewer.

Die menslike samelewing kan slegs bly voortbestaan waar 'n regverdigheidsin die eenheid en ewewig bewaak. Hy wat onreg pleeg, sal sy straf nie vryspring nie, die onheil sal hom agterhaal. Eers as die kwaad gewreek is, kom die skuldiges tot inkeer. In beide *Waar die Waterbul Brom* en *Die Dans van die Dwarrelwinde* word hierdie lewensopvatting uitgewerk. In laasgenoemde novelle word ook die suiwerende werking van berou en vergifnis benadruk. So ontwikkel Abel Coetzee se godsbegrip, sy opvatting van die diepste wese van geluk algaande, om wat sy prosawerke betref, tot hoogste uiting te kom in *Lewenslank*. Die onrus wat die menslike bestaan beheers, kan alleen tot rus kom as hy hom aan die stof ontworstel, as hy tot bevryding kom uit die vorm wat hom aan die stof bind. Hierdie begrip vorm die kern van sy wysgerige denke in die sonnettekranse *Die Halwe God*. Deur middel van die skeppingsverhaal, die Israelitiese geskiedenis en die koms van Christus beeld hy die spanning uit tussen mens en God, die worsteling van God, om die ewewig wat deur die mens, die halwe god, versteur is, te herstel. Alhoewel veel daarin streng beskouend is, vorm die geheel 'n poëtiese digwerk met baie glanspunte.

Dis die produk van Coetzee se ryke ervaringslewe en steeds ryper wordende kunstenaarskap. In 'n volgende artikel sal daar tot dieper ontleding van die werke self oorgegaan word om die meer estetiese grondslae daarvan vas te stel.

MEFISTO:

Gesprek van die Dooie Digtters

Toneel. 'n Skemerland, woestynagtig. Net groot rotse en dorre bome staan orals rond. Daar is geen son nie, maar die lug is koperkleurig sodat die omgewing dof en vol skadukolle vertoon. In hierdie land van skaduwees verwyf die skimme van afgestorwe digtters. Hier kan hulle verneem wat daar in die wêreld van hulle skeppinge gesê word. Die boodskapper is 'n onnutsige aardse gees.

Ierwers tussen hier en nêrens,
Elk weet nie waar, maar dit is êrens
in die Land van Skaduwees,
word ons digtters wreed gekwel
erger nog as in die hel —
deur 'n bose aardse gees.

By resensente gaan hy luister
of waar skinderbekke fluister
en dan word dit oorvertel,
mooi deurspek en goed gekruie
met stories uit sy duim gesuie —
tot trane in hul oë wel

C.M. verskyn op die voorgrond tussen die rotse. Hy lees van 'n los bladsy uit 'n tydskrif geskeur. Dan stoot hy sy hand deur sy hare en op 'n hol, onaardse toon kerm hy:

O donker wêreld wat ek hier betree,
O weemoedsuur, wie kan my antwoord gee?
Waarom word al my ankers losgeruk,
Die kroon van roem wreed van my hoof gepluk?
Hier staan die laster, swart op wit gedruk,
Gereed vir almal om daarvan te sluk:
Van al die verse wat my bundels vul
is net die Swart Indoena nie 'n prul!

A.G.V. kom staan by hom en sê glimlaggend:

Verwelk is ook my tuin se prag —
weg met die donker stroom.
Net ou Metusalem sit nog
onwrikbaar op sy troon.
Ja broer, sê hy, terwyl sy oë vonkel,
'n mens kry lag vir al die aardsgekonkel.
Het jy nie hier onsterflikheid verwerf
kon jy dalk weer aan die beroerte sterf!

C.M. deklameer:

Hoe sal ek ooit die diep verandering verstaan,
die wetlikheid van vaste kom en gaan . . .
Tog, wie is daar wat beter kon presteer
as ek, sonder om te soek na eie eer?
Wie het so diep die lewe ingedring
en reekse goeie verse voortgebring?
Was dit nie ek wat helder kon bepaal
wat in die volk se swaar GEDAGTES maal
en uit die gaos weer kon skik en rig
om so te stry my STRYD OM EWEWIG?
En toe daar DROOGTE was op taalgebied
het ek my helder gees ruim uitgegiet
oor alles en gewek tot nuwe GROEI
die skone akker wat so heerlijk bloei.
Ja, soos 'n SIMSON het ek daar gestaan
en elke vyand onversaag verslaan
wat met 'n stomp en derderangse gees
probeer het om die volksprofeet te wees.
Wie het die grootse waarheid formuleer
(selfs Goethe en Schopenhauer het probeer!)
dat alles kring na kring in kringloop gaan
net soos die sterre in hul vaste baan?
Die ditme wat in skoonheid ewig dein —
die oorsaak van ons diepste smart en pyn —
het ek nie in die herfs, o afskeidsuur!
die skoonheid met sy weemoed uitgepuur?
en nou dat ek LAAT VRUGTE kan geniet
word dit, helaas, 'n ander aangebied!

C.L.L. kom tevoorskyn en voeg hom by *C.M.* en

A.G.V. Hy suig aan sy pyp terwyl hy mompel:

Ons moet die drumpel oor, al breek ons dood . . .
Al is die onreg wat ons ly hoe groot —
O, pazienza, pazienza che tanto sostieni!
Een ding bly staan en dit moet ons aanvaar,
geleerde uitspraak wissel jaar na jaar!
Dit is die kunstenaar se wrange lot
dat hy gestriem word met onnosel spot.
Die volk dink nog ek is 'n renegaat
wat dit wat vreemd is min, die eie haat!
Die kritici weet beter as ek self
waar om die skoonheid uit my werk te delf —
want, na die sifting het hul vasgestel

dat al wat oorbly, is: Oom Gert Vertel!

J.F.E.C. neem die los bladsy by C.M. en lees daarin. Dan praat hy sag en bedaard:

Die jong geslag het my totaal vergeet,
saam met die oorlogsmart en kinderleed
Die weidsheid van ons land, die skoon natuur
wek in hul hart nie meer die heil'ge vuur,
Weg is hul liefde vir die huis en haard
vir vaarlandsgrond, ons helde en eie aard
Daar was 'n tyd toe ek in eensaamheid
die volk kon aanspoor in die harde stryd.
Toe het ons sterk, met vaste hand gebou,
die jeug vermaan tot deugsaamheid en trou.
Ek sien voor my die vlakke uitgestrek
wat in my lied so veel bewondering wek . . .
Maar reeds hoor ek 'n stem wat aanhou praat
van onoorspronklikheid en plagiaat
So kom ons later almal tot 'n val
en klink daar oor die eter net: Dis Al.

E.M. sit op 'n miershoop met sy kop tussen sy hande.
Dofweg mompel hy:

Waar vind ek ooit die vrede en die rus
wat in my hart die diep verlange blus
Reeds wag ek anderkant die donker stroom
en tog bly my versugting net 'n droom.
Op dié godverlate akker
sit ek ure wa-wyd wakker
en luister in die oop konsert
na die onverbloemde snert
wat die priesters van die woord
uitkraam in dié donker oord.
Dis tyd om almal oor te voer
In die hand van Skoppenboer.

Hy gryp die los bladsy by *J.F.E.C.* en lees daarin. Dan praat hy opgewonde:

My eie werk, ja dit verneem ek nou,
word deur die jonggeslag weer hooggehou.
Alleen 'n vasoortuigde pessimis
weet by benadering wat Waarheid is.
Die verse wat ek self nie kan verstaan
se aandele het skielik opgegaan.
Kan mens die inhoud net so vaagweg raai
dan dink die simpel stumpers dit is fraai

Maar daar is dinge wat in druk verskyn
wat in my mond smaak net soos bitter wyn —
Die storie van my jonggestorwe vrou:
die jare deur het ek die smart onthou
en elke dag — gewis dit is 'n grap —
die son verdonker met 'n lanferlap!
En dan my graf, steeds nog 'n hokie gruis
omdat ek êrens van die suiderkruis
sou praat by Tebis in die stil woestyn
waar ek konsuis so stilweg wou verdwyn...
En dan die rymelaar wat grofweg sê
dat ek verskrompel agter 'n miershoop lê....!

T. kom beskeie nader en loer oor E.M. se skouer na die inhoud van die bladsy. Dan stap hy bedees eenkant toe en fluister sag:

Net soos die wilgerboom in herfsgety
sy somerdrag wyd oor die pad verstrooi,
so word die vrugte van my gees, ai my,
as waardeloos verklaar en weggegooi...
Wie het kon droom dat skaars in twee geslagte
die wrange lot sou tref — o pyngedagte,
my skemerlied het nou so laag gedaal,
dit klink, sê hulle, soos tinktinkietaal.

Toon sukkel tussen die rotse deur, slaan C.M. op die skouer en sê:

Waarom, o broer, so bekaf en bedruk?
die waarheid bly maar moeilik om te sluk.
Alles is verganklik en vergaan,
hoe kan 'n mens se roem dan ooit bly staan?
Reeds op die aarde het ek dit geweet
en ongemerk my digterskap vergeet.
Maar dit het ek onthou: die hoogste vreug
is nie te vinde op die pad van deug:
„Maar wyl lippe op lippe kan bewe,
bied my jou mond, lief, bied nou...”
Die hoogste vreugde, gryp dit nou, vandag —
wie weet, dalk bly jy more in die slag!

C.M. skud sy hand van sy skouer en sê:

Jou erotiek neig aardwaarts man, besin
dat kuns moet opstyg, steeds die hoogtes in....

Terwyl C.M. wegstap mompel hy:

Ja, dit kon ek op aarde nooit deurgrond:
„Die wellus van jou lippe, die bekoring van jou mond!”

C.J.L. het nou die bladsy in die hande. Na hy gelees het, praat hy asof hy 'n vergadering toespreek:

Van my, geen enkel sin, geen dooie woord,
Ek word geïgnoreer in Suid en Noord.
Die verse van 'n groot didaktikus,
kom sê my, wie het nou nog daarvoor lus?
Die jongste snuiter sal sy tande kners
by aanhoor van my vers „die mot en kers”.
En stel jou net die konsternasie voor
as kinders dalk van „Pappie se Tuiskoms” hoor.
Daar in die stad laat dit die harte skryn
as iets die geur versprei van brandewyn...
Dis net nig Mimi wat „Lamtietie” sing
omdat die F.A.K. haar daartoe dwing —
Die Leeu van die Noorde moet ek huldig,
aan hom is ek veel dankbaarheid verskuldig,
want hoe die opposisie ookal rem,
tot volkslied word deur hom verhef: DIE STEM!
Nou kan die dom deskundiges maar raas,
van skyn-geleerdheid is hul almal dwaas.
As digter sit ek in die saal nog stewig —
my volksgenote het my naam verewig!

Toe *J.R.L.* verskyn, is die plek leeg. Daar is niemand om mee te praat nie. Hy draai om en stap weg sonder om 'n woord te sê.

Bose gees, rol soos hy lag:

Ek lag my nog 'n boggel
ha, ha haaa.....
dis heerlik om te koggel
en te pla — haha!

Hy tel die bladsy op wat die digters daar laat lê het.

Dié vel het ek by Oppie vasgelê
net om te hoor wat hulle daarvan sê.
Nou moet ek wag vir die herstel van vrede,
dan bring ek: „Van die Aanvang tot die Hede”....
— Antonie het die spul daar goed verniel —
daarna 'n nuwe bladsy uit „Profiel”.
Miskien as Apie weer iets sinvol skryf —
(Sy D.D.T. is tog te dun van lyf)
dan sal ek van sy praatjies annekseer
en van die balsem oor hulle wonde smeer.

LOUIS EKSTEEN:

Karoo

*Toe ek die eerste klip omkeer en die insekte krioel—
bleek verward en sonsku—moes ek my vinnig keer
om nie die hele siek ou spul met een hou fyn te slaan
—maar later sien ek hulle weer in kristalle vitriool.*

Gang

*Die blou oë van 'n kind by lekkergoed en 'n geel speelding
sterf stadig as die sagte wange dun en dunner kring
in die hol geraamte van 'n grootmens,
tot op 'n dag die roggel hom saggies uit die keelpyp wring.*

Fin de siècle

*Drie maal terug . . . nee drie keer tevergeefs
en nou alleen nog hierdie meeu.
Brood op die water . . . maar krummels dryf en slik
vas hier teen die walle van die eeu.*

Sieke

*Hulle sê dis die gons van longe—
wit pak die koors, vuilwit op die tonge.
My bene dra die lyf, die smal bors
en die losieshuisgang blink in koperghonge.*

Man met oliekolhoed

*Verder op in die Kalahari jag hy dit
wat van die mens almeer hulself vervreem, vlug na die plek
waar hul vlieë van die kruis af waai, en wit
die oë op 'n kwartel rig—tot in hierdie verborge oord ook
'n koeël klap en die stilte wreed versit.*

Reisigers

*Dis pagoed en magoed en susgoed en kleingoed
en dis rookgoed en eetgoed en drinkgoed en lêgoed
wat saam-saam kuier die wêreld oor
tot pagoed, magoed en kleingoed lê in die grond se doekgoed.*

Oom Rooies

*Hy's al lankal blinkkop, ag sedert jare
maar moet hom nie beklae
want so 'n blinkkop, so 'n mooi ou rooie
ek sal sê hy verdien sy jare, al is dit sonder hare.*

Rympie

*Een twee drie boggel my knie —
wie sou my kan keer? Nie jy nie
net Een, maar waar's hy nou? Hy's nog weg
en hy kom miskien nie gou nie.*

Horlosie

*Die wysers beweeg stadig na mekaar
kruis op 'n punt: vir my en jou
die tyd wat óns nie wil aanvaar
— vir hulle net die spel van nou, of netnou.*

Twee simbole

*Kristal: sku-wit bergkristal
met sonstippels in elke vlak;
'n spieël waarin ek alleen staan
die eerste mens in my heelal.*

Boereraat

*Dis gesondheid vir die bors: 'n bietjie bossiestroop
en rooibostee getrek op 'n kooltjievuur teen laat aand.*

*Dis gesondheid vir die maag: wildeals en anyssaad
gelos in 'n meelsakkie op die agterstoep vir 'n maand.*

*Dis gesondheid vir die bene: 'n botteltjie perfekte-olie
en die smeer vroegdag as die son sy kop uitsteek.*

*Gesondheid vir die voete: eeltesalf getrek uit bitterbos
en tiemie wat oupa in sy tuintjie kweek.*

*Gesondheid in die rondheid: vars lug, die son, die spreek
wat kwetterbek in die vyelaning, en die soet appelkoos*

*wat lentes smelt op die tong — en die blywees soos
die kinders wat loslyf in die swemgat skreeu.*

Wandeling

*Blare aan die bome
voëls getak
ou-ou lentes in die bloed
opgewek . . .
op die veld
kraaltjies dou
in gras geryg . . .
môregroet
„ploet-ploet ploet-ploet”*

Witgewels

*Maaltye klokslag:
winters varkslag.
Werk 'n plaas:
oudag blaas.
Boekevat en gesang:
die nag is lang.*

Kerslig

*Ek is nie vaak nie
my oë spikkel
die lig is 'n muskiet
pim boem wikkell . . .*

Gedagte

*Ek glo Piet, Dowwe Faan se seun,
hy praat 'n waarheid wat ek ken:
smôrens leef 'n lewe
sawens: 'n oubok aan't bewe.*

Derde Beweging

*Die jare voor dertig die duisternis
toe ons in voorgeboorte rondgeskommel is
—en nou die dag wat moeisaam breek
oor dié donker skynbelewenis.*

Memento mori

*Die kopbeen staan op die tafel
op die rooi kleeed
in die swart oogholtes steek
twee angeliere . . . maar dié skending
sal hom op geen dader wreek.*

Erfenis

*Gragte wentel onder bote swaar belaaï,
steenstrate dra vragte mens en goed. Ver van die kaai
rank gewelhuse regop uit die hawestad
en twaalfuur begin 'n swaar klepel in die Westertoring swaai.*

PIROW BEKKER:

Waaiersterte

*Waaiersterte gil uit die bitterbos,
gaan blaker wit-wit teen die warm wal,
elkeen penorent, stil en apart
met oë bang vir 'n heelal.*

*Die windhond storm na die bloed
en sagte lewe. Die gestaltes, ruk, pluk
hul sterte in die stof van
die opwinding voor elk buk
in sy eie donkerte.*

*Maar diep onder hulle dorp
kruip hul na mekaar
om saam tartend te blaf
teen die langbeen, grouende gevaar.*

Geskiedenis

*Ek vlug tot in Transvaal se boggel
of kruie weer die Dorstrand oor.
By Nagasaki steek die osse vas:
dié klomp is deur 'n A-bom uitgemoor.*

Landsreën

*Die hemel roer
en druppels sidder skerper
smeltend teen my ruite.*

*Vannag sak
die hemel af
tot om die huis*

*en naby
tot in my bors.*

*Lig
sal kom en skei
hemel en plas en klei.*

*O God seën
O die ou aarde reën.*

C. W. HUDSON:

English Writers of Afrikaans

In the Loom of Language, Frederick Bodmer writes: "What language we habitually speak depends upon a geographical accident. It has nothing to do with the composition of the human sperm or of the human egg. A child grows up to speak or write the language used at home or at school. If born in a bilingual country it may grow up to use two languages without any formal instruction in either." Ours being a bilingual country, we find that many Afrikaans-speaking writers have written books in English and vice versa. The historical development of our country has added its contribution towards the varied and entangled aspect of bilingualism in South Africa. Many people with Afrikaans names can often speak only English, while many names like Nicol, Murray, and many others denote Afrikaans-speaking persons. These things are uncontrollable, interesting and the result of social set-ups and upsets in our country. The roots of the Afrikaans language and culture go deep into the very soul of our South African nation. Often an Afrikaner may marry an English woman straight from England, often an Englishman may marry an Afrikaner woman straight from the veld; their offspring are likely to be bilingual. When they grow up, they may find that they have to choose between being Afrikaans-speaking or English-speaking citizens, for such is the demand of our social fabric at the moment.

When we turn to Afrikaans literature, and look for Englishmen (that is, persons whose home language is English) who have written books in Afrikaans, we *do* find them, and that is a great wonder at this stage of our history, for Afrikaans has not been a school subject for so long that a really strong tradition could have been established in English educational institutions as far as Afrikaners and the Afrikaner's culture is concerned. In 1924, the first matriculants who were taught through the medium of Afrikaans throughout their schooling, passed into universities and public life — only 35 years ago, or little more than one generation ago. We will have to look to the future for a really rich mutual fertilization of cultures to take place, before the one language group can

enrich the literature of the other. No language can be adequately studied without a study of its culture being included in the course of study. At present the two cultures, English and Afrikaans, are still too far removed for merging to take place. The reasons for this gulf are mainly political and, often also a result of the geographical accident mentioned by Bodmer, for it has, e.g., become noticeable in Johannesburg that some suburbs tend to be Afrikaans-speaking, while others are often exclusively English-speaking. Until this gap is bridged by time or some national disaster that might unite the two language groups, the present intellectual and cultural isolation between English and Afrikaans will continue to exist.

The few Englishmen who have written works of literature in Afrikaans, are, therefore, "freaks" rather than the general rule.

Let us turn to these. There has been L. H. Meurant right in the dawn of Afrikaans, who helped to make it a written language, also H. W. Cooper. There has been the Hobson brothers, Olga Kirsch, Peter Blum, R. K. Belcher; Dr. Skaife's books were written in English, but translated into Afrikaans, and should, therefore, fall under the category of Afrikaans works. The educational and home language of the Coloured writer, S. V. Petersen, is English, although he chose to express his feelings in Afrikaans. In all these cases, the authors concerned have become imbued by the Afrikaans language and culture to such a degree that they found it possible to express their minutest and most individualistic thoughts in Afrikaans.

Some Afrikaners have written in English rather than Afrikaans, mainly because a generation or two ago English was the main language of school instruction, especially in the Cape as well as in other provinces of South Africa. The names of T. J. Haarhoff, C. L. Leipoldt, Deneys Reitz, J. C. Smuts, Herman C. Bosman come to mind in this connection. If they had been schooled in their mother tongue as the present generation of Afrikaners is to-day, they might not have used English as well as they did — or at all.

It is strange that no English-speaking South African has yet written a *novel* in Afrikaans, delineating the national characteristics of the Afrikaner through artistic character portrayal. It has been very well done, as it is,

Die vervreemding van Europa het by die Afrikaner ontstaan minder omdat hy in 'n nuwe omgewing nuwe kultuurnorme gestel het en nuwe lewenspatrone ontwikkel het nie, as juis om die teenoorgestelde rede. Dit is Wes-Europa wat in die sewentiende eeu finaal die tradisionele denkwyses en lewensvorme afgewerp het. Mens hoef net 'n paar datums rondom die middel van die eeu te noem en na te dink oor hulle betekenis om dit in te sien. In 1650 is Descartes oorlede en hoewel nog omstrede was sy wysbegeerte reeds besig om die ouer wysbegeerte te verdring. In 1651 word die Navigasiewette van Engeland gepasseer en in dieselfde jaar verskyn Hobbes se *Leviathan*, albei simptome van die toenemende houvas van die absolute staat oor die denke en die lewe van mense. In 1642 is Newton gebore en hy sou die vinnig ontwikkelende natuurwetenskap voor die einde van die eeu in 'n meesterwerk saamvat en status gee. Ondersteun deur die staat vind 'n toenemende rasionalisasie in die bedryfslewe plaas en word die weg voorberei vir die industriële revolusie. Terwyl Wes-Europa vinnig in die rigting van 'n stedelike industriële beskawing beweeg, ontstaan daar aan die Kaap 'n suiwer agrariese samelewing waardeur juis die elemente uit die Middeleeue wat in Europa gedoem was om te verdwyn, hier bestendig word. Met 'n klein bietjie oordrywing kan ons

sê dat die Afrikaanse kultuur in die eerste twee eeue van sy bestaan 'n Protestantse feudalisme was.

Dat so iets moontlik was, moet uitsluitlik toegeskryf word aan die feit dat dit nooit in die bedoeling van die Nederlandse State Generaal of van die V.O.C. se Here Sewentien gelê het om aan die Kaap 'n kolonie te stig nie. Dit lyk intendeel asof hulle so iets juis graag sou wou verhoed het. Al wat hulle beoog het, was om ergens op die lang pad na Oos-Indië 'n herberg of taveerne op te rig waar die bemannings van die skepe 'n tydjie kon rus en vars voedselvoorrade kon verkry. Hulle het vir hierdie doel eerder tuiniers, veehandelaars en veewagters nodig gehad as boere en die vryburgers is toegelaat om op hulle eie risiko te boer omdat dit vir die V.O.C. voordeliger was.

Uit hierdie houding van die owerheid moet die langsame groei van die Kaapse nedersetting verklaar word. In Noord-Amerika het kolonisasie slegs 'n dertig jaar vroeër as in die Kaap begin en tog vind ons reeds vroeg in die Agtiende eeu langs die Ooskus van Noord-Amerika 'n samelewing met 'n lewendige ekonomiese verkeer, dorpies versprei oor die hele gebied elkeen met een of meer kerke, 'n redelik toereikende onderwysstelsel, universiteite, biblioteke en 'n taamlik wakkere intellektuele lewe. Die immigrante wat vir hierdie ontwikkeling verantwoordelik was, was hoofsaaklik van dieselfde ras as die immigrante wat na die Kaap toe gekom het. Die geografiese omstandighede aan die Kaap was sekerlik nie minder gunstig as dié in Amerika nie. Waaraan moet dit dan toegeskryf word dat alles by ons so anders en soveel stadiger verloop het?

Die vernaamste rede moet wees dat daar in Amerika 'n doelbewuste volksplanting plaasgevind het. Die hele patroon van die lewe van die sewentiende eeuse Europa en die dinamiek van die vroegkapitalistiese ekonomie is na die nuwe land oorgebring. Die gevolg was 'n kultuurgemeenskap wat al die trekke van Wes-Europa van die tyd besit het en kon tred hou met wat in Europa aan intellektuele en ekonomiese ontwikkeling plaasgevind het.

Aan die Kaap het dit hoofsaaklik gegaan oor die administrasie en die behoud van 'n strategiese pos. By die Nederlanders skyn daar nooit die gevoel te ontstaan het dat hier 'n stukkie van Nederland oorsee ontstaan het nie. Die Afrikaanse volk het hier in verwaarlosing ontstaan soos 'n onwelkome kind, 'n kind waaroor die ouer net in een opsig bekommerd was, naamlik dat hy nie lastig moet

word of koste moet meebring nie. Die Afrikaners het sover dit die moederland aangaan, blote „wit inboorlinge” geword uit wie daar maar betreklik min wins gehaal kon word. En toe dit politiek raadsaam geword het om die Kaap aan ’n ander moondheid af te staan, is daar blykbaar weinig aandag gegee aan die feit dat daar inwoners was wat nog altyd van Nederland as „die Vaderland” gepraat het en aan hulself gedink het as „Hollands”.

Of Nederland die Kaap verkoop het of toegelaat het dat dit hom ontfutsel word, is eintlik van minder belang as dat dit aan die Kaap die indruk moes gegee het dat die Afrikaanse „wit inboorlinge” vir hulle moederland nie getel het nie. Psigiaters vertel ons dat die openbaring van ’n onverskillige gesindheid by ouers op die gemoed van baie jong kinders ’n trauma nalaat wat ’n belangrike rol by die ontwikkeling van die persoonlikheid speel. Is dit moontlik dat dieselfde waar kan wees van volke en dat ons afsydigheid teenoor die moderne Europa aan so ’n trauma toegeskryf moet word? Tog is dit pateties om te sien hoe hierdie jong volk nog steeds geglo het aan sy „Hollandse” aard en hoe dikwels daar later nog met kinderlike vertroue toenadering tot Nederland gesoek is.

Die bitterheid waarmee ’n vorige generasie van Afrikaanse geskiedskrywers die verhaal van die eeulange stryd tussen Boer en Brit beskryf, is verstaanbaar. Trouens daar sou iets met hulle hart geskort het as hulle nie bitter gewees het nie. As ’n jonger generasie Afrikaners minder bitter is, dan is dit omdat hulle die vermydelikheid insien van ’n konflik tussen ’n groep mense wat aanspraak maak dat hulle ’n volk met reg op selfstandigheid is, en ’n administrasie van ’n militêr en ekonomiese gebied vir wie die „Duitsch inhabitants” slegs ’n lastige kompliserende faktor was, ’n groep met net so veel of net so min aanspraak op konsiderasie as die ander „natives”. Op sy manier het die Britse administrasie nogal heelwat vir hierdie „natives” gedoen, veral op die gebied van die onderwys. Dat hierdie goeiehartigheid so min waardering gevind het, kon die amptenare en hulle volksgenote nooit kleinkry nie. Dit was, en bly vir hulle nasate, onbegryplik dat enigeen wat die kans kry om ’n Engelsman te word, die geleentheid nie met albei hande gryp nie. Miskien was die kloof tussen die lewenspatrone van die Afrikaner en van die vroeg-negentiende eeuse Europeër al te groot om so maklik oorbrug te kon word.

Hoe groot die verwydering was, besef ons — twintigste eeu se Afrikaners — eers as ons in Lichtenstein se reisbeskrywing lees dat 'n Afrikaanse boerdery destyds gelyk het op „'n klein selfstandige en afgesonderde staat, die lede waarvan mekaar onderling bystaan en van mekaar afhanklik is. Uit die opbrings van die land en die vee-troppe moet al die . . . lede van die huishouding onderhou word . . . Daar is geen handwerk wat hier te pas kan kom, waarin nie die een of die ander van die slawe bedrewe is nie.” Die Boer het veel van die middeleeuse landedelman en openbaar „'n koele bedaardheid” en 'n rustige gang wat deur diegene wat gewoon is aan die „rustelose werksaamheid van die laer volksklasse in Europa” maklik vir luiheid aangesien word. Kaapstad self was nader aan Europa in gees, maar die algemene patroon van kalme waardigheid het ook hier bestaan tot ergernis van Barrow en ander „moderne” besoekers en amptenare wat so 'n houding by „natives” ongetwyfeld aanmatigend gevind het.

Ook intellektueel het die Afrikaner destyds — en tot groot hoogte vir 'n verdere honderd jaar — in 'n ander wêreld gelewe. Die diepere geestelike roeringe van die agtiende eeu het hulle nouliks geraak, met die gevolg dat hulle intellektueel nog in die Hervormingstyd verkeer het. Van die Amerikaanse en Franse Rewolusies het hulle sekere politieke gedagtes geleer waarop hulle later sou voortbou, sonder dat hulle die kern van die twee bewegings behoorlik verstaan het. Die industriële rewolusie sou ons eers vanaf die tagtigerjare werklik begin affekteer en die groot geestelike verandering waardeur die Afrikaner weer in die stroom van die moderne Wes-Europese lewe ingelyf is, het maar eers in die afgelope twintig of dertig jaar plaasgevind.

Die welslae waarmee ons in hierdie stroom vandag mee-beweeg, is miskien die mees afdoende bewys dat ons in murg en been Wes-Europeërs is. Dit is egter te hope dat ons sekere norme uit ons Protestants-„middeleeuse” verlede sal oorhou, want daardie norme is beslis nie almal afgeleef en uitgedien nie, maar bevat juis die stabiliserende krag wat die Wes-Europese mens in sy huidige koersloosheid nodig het. Van hierdie norme kan ons noem die verbod vir „goeie ras” in die sin van afstamming uit 'n familie wat geprester het, die beklemtoning van persoonlike weerbaarheid op fisiese en geestelike gebied, en die besef van

verantwoordelikheid wat die besit van talente meebring. Dit is norme wat in die latere middeleeue gestel en nagestreef is en wat vandag nodiger is as ooit tevore.

Die Afrikaner mag in die twintigste eeu sy Wes-Europese wese nie verloën nie. Hy moet deur sy daade en denke eerder daarna streef om 'n beter Wes-Europeër te wees as die mense wat in sy stamlande agtergebly het.

SOUL ERASMUS SMIT antwoord: Dit lyk of dr. Coetzee my nie goed begryp het nie, want ek praat tog duidelik en uitdruklik van *uitgediende kultuurwaardes wat nie vernuwe* is nie. Toe die Kaap gestig is, was daar in Wes-Europa baie sulke verouderde waardes en daar is vandag nog baie daarvan. Waarvan die koloniste van destyds bevry was deur verhuising na die Kaap is o.m. die starre indeling van die maatskappy in klasse, met die meeste regte vir bepaalde groepe en niks vir die ander; die feodalisme wat byv. aan die kasteelheer die reg van die eerste bruidsnag op elke vrou onder sy gesag gegee het en waardeur die waardigheid van die mens geskend is; en dan: het dr. Coetzee al ooit gehoor hoe, tot in die sewentiende eeu, die lewenskrag van die kwynende stamhoof versterk is?

Ek is self oortuig van die noodsaak dat ons al ons geestesbande met Wes-Europa sterk moet hou, en ek vrees geestelike isolering van ons soort net soos hy, en dit is goed dat ons hierdie dinge bespreek. Ek stel my egter nie onvoorwaardelik oop vir wat in Europa gebore is nie, want naas die Christendom het Europa ook die heksewaan en die inkwisisie opgelewer, en ek staan my so iets voor dat die here Engels en Marx van Europa is. As ek dus praat van geestelike selfstandigheid, dan bedoel dr. Coetzee en ek klaarblyklik verskillende dinge. In my artikel staan volstrek niks waaraan dr. Coetzee 'n beskuldiging van „witinboorling-teorie” kan vasknoop nie. Ek glo dat as ons geestelik die dag van die dinkwerk in ons stamlande afhanklik geword het, dan het die dag ook aangebreek dat ons geen bestaansreg meer het nie, want al is ons Europees van oorsprong, woon ons darem al drie eeue in hierdie land. Ons kan nie 'n kultuur vir Europa opbou nie, vir ons eie land wel. Maar daarby onthou ek die wyse raad: Neem uit die verlede wat goed is . . .

R. J. JANSEN VAN RENSBURG:

Skrywer

*Die tyd se glasbak is vol goue vis.
Dit tuimel daaglik flenters en hy wis
dat hierdie reddingswerk sy roeping is.*

*Die blinde man wat bedel op die hoek;
die diklip melkjong wat sy boerboel vloek
moet hy verwoord tot beelde in 'n boek.*

*Die hart en wêreld is vol dwase spot.
Hy bieg: O Heer, U is my aardse lot;
my pen se brandsiekwoorde is my god.*

Nuwejaarsrympie

*'n Driepunt ster: Geboorte, lewe, dood.
Stadig roer weer ou bekende dinge:
Kerslig, Bybel en 'n stukkie brood —
langs die agterstoep staan twee seringe.*

*Die volkies vier hartstogt'lik nuwejaar;
een vry al ure met 'n blikkitaar.
Gister met sy broers en susters hang
in trossies weemoed aan die hoogste snaar.*

*Die jaar se goue kuiken breek die dop
en strooi sy flenters kwistig oor die werf.
Voor die ploeg staan osse vasgestrop
en herkou aan die dag wat stadig sterf.*

Koeplette

*Gebarste bordjies op 'n rak;
'n weegskaal aan 'n spykerhak.*

*'n Halfduimkersie in 'n blik;
'n mot wat teen die ruite tik.*

*Vaal assies in die kaggel rook;
die ketel op die pompstoof kook.*

*Die wind kruis deur 'n sleutelgat,
roer ou koer voor die mat.*

*Die nag is dun en vasgeplak:
Desember op die almanak.*

*Vanjaar se jongste kind kom staan
nou wydsbeen oor die sterrelaan.*

*Die lewe beitel uur na uur
sy boodskap teen die hart se muur.*

*Teen middernag staan ek en jy
van ouderdom en tyd bevry.*

Kamertjie

*'n Donker spons waar maanlig bleek oor plas;
'n ster wat kantel teen die dowwe glas.*

*'n Skyfie wintermaan — 'n rooiwang seun
wat skugter oor die vensterbank kom leun.*

*'n Slaprug vlam dans oor 'n bottelkers,
jaag spookpatrone oor 'n lapkombers.*

*'n Broek hang sonder liggaam teen 'n muur;
twee kolle agter waar die wêreld skuur.*

*'n Knipmes op 'n kassie langs die bed;
'n piering met 'n halwe sigaret.*

*Twee fosforstrepies wat die hart laat krimp.
horlosiewysers wat na oggend skimp.*

*Maar slaap bly skugter vir 'n koue vel
wat van die lyf se menslikheid vertel.*

Pygmalion se Gebed

*O Aphrodite, hierdie hande — blind
is hul van beitelgreep en bewend nou —
het in hul onaantasbaarheid gevind
dat hul die mag oor alle dinge hou.*

*Die kuns van hierdie vingers is geëer
deur selfs die jongste, maar die oog en lip
en lede van Galathea is meer
as teken van 'n liefde vir die klip.*

*'n Vors en heerser was ek hier en het
my bo die menigtes verhef. Nou wis
ek ek is eenling: van my krag bly net
'n onmag teen wat dood en lewe is.*

*Laat loute deur die marmerlende stroom:
die Liefde is die moeder van die droom.*

Porselein

*Begryp jy al, ontnugterde klein maat?
Nou hang die maan soos 'n verlepte blom
oor alles neer. Ons tuintjie het te laat
ontdooi en winter het te vroeg gekom.*

*Die goue vaas moes tog soms uitgehaal
en blink gevrywe word. Hoe anders sou
dit dan die son se vlam kon vang en straal
asof die lig 'n duisend jaar sal hou?*

*Jou hart is toegeskulp teen al die pyn
en in jou stilste uur moet jy bely:
Die goue vaas was suiwer porselein,
maar toe jy struikel, was dit goedkoop klei.*

*Sal ons die skerwe saam hier fyner trap
of sonner in 'n donker hoekie krap?*

A. J. B. RAWLINS:

Ontnugtering

*Hier is my hande, Heer,
kliphard en tot die been
vereeldt,
en half vermink;*

*Hoe moes ek weet
dat net in een jaar uit vyf
ek vet graan uit die aar sou vryf.*

Speelmaat

*My hart het soos 'n bakkopslang
orent geruk,
toe 'n rasperskurwe hyging uit sy rietskraal
lyfie boor.*

*Die dun swart hande het ek vasgeklou,
want hoeveel maal het hulle my nie
beskermend omvou,
en terwyl hy sterf het uit my klein hart
vir die eerste maal
'n pleitgebed geval,
want waar sou ek weer sulke hande kry
om weglê Afrikaners uit die klei
te brei.*

Bidders

*Met hul hoofde eerbiedig laag gehou
en knieë teen die grond,
hul hande voor die bors gevou,
kniel hul,
die volle kring,
en so word elke duisternis
vir hulle lig.*

Demas

*Iewers in die ruwe rantjiesveld
van jou gedagteland,
het jy die spoor verloor;
moedeloos, maar met 'n laaste snik
het jy die Boodskap oor jou
linkerskouer
weggewerp;
ylings koers gesoek, probeer ontsnap,
want jy het geweet
van die lang swart nag
wat wag.*

By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voor-nemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

D.A.T.

Die Vlug

Die vlug, die angs . . .

Waarheen, o God, waarlangs?

HENDRIK PRINS:

Gebed

*Elke dag saai
ek die saad
van my klein daad,
dan waai
die westerwinde warm
oor die teergroen plantjie van my handel
en verskroei die arm
eenvoud van my dankbaarheid.*

Brief

*'n Spierwit duif
sirkel sierlik voor die son
die skadu skuif
langer teen die muur*

*Skemeraand streep
soos altyd lang geleë
bont teen elke hang
die vee.*

*Die waterlelies skyn weer
wit in die wei
Wilde-eende glip glad verby
'n vaalgrys veer
wentel grond toe donsig lig*

*Die kommandovoël koes
skugter tussen klip en kluit
'n tarentaal fluit
skril deur die skemer.*

*In jou koue kamer
kantel die dae een vir een
en aan 'n ketting in die agterplaas
'n aap wat byna menslik ween.*

Ek wens

*Ek wens ek kon inet 'n enk'le haal
van my fyngepunte kwas
die maan vorm in 'n kaasgeel plas
van helder kleur en warm lig.*

*Ek wens dat ek die helder lied
van kaffervinke skemers in die riet
en die spreek se skettersang
op my ylgesnaarde harp kon vang.*

*Ek wens dat ek met een arm
woord, my hart kon uitruk
om dit krampend warm
voor U voete neer te werp.*

Hierdie aarde

*Hierdie aarde brand
met 'n bloedrooi vlam in my
soos aalweë teen die rant
in hierdie wit wit somerdag
O Heer maar U weet
dat ek U vind
in die stem van 'n tortel
in die lied van die wind.*

Grys môre

*Dof deur die loodskemer kraai die haan
op watter weë het my hart vannag gegaan?*

*Vanmôre breek die dag deur 'n blouswart bank
wat het my geslaan dat ek gebreek is en halfpad mank?*

*In die grysreën tjank 'n jakkals teen 'n bos.
Hoeveel het U woorde my vannag gekos?*

*Vuilrooi stroompies teen die rant
waarom het U my gebreek, gebrand?*

Herinnering

*Ek onthou
dat die dag koel was
dat die banke soos lae jonasklip
broeiend gewag het.
En onthou die wit lings wat proes in die krip
skel rummik en ruk aan die riem.
Die lusern was verlep maar blou in die blom
en ek het gewonder wanneer kersfees weer kom
gewonder oor die rante se pers
en die hartseer in 'n enkele vers.*

MARLIAN KILIAN:

Ou Verhaal

*'Tussen die bont geboue van hierdie straat
het ek hulpeloos, sugtend, verdwaal.
My voetstap het eensaam geword in die laat
uur van die middag toe die stad reeds kaal
was en die straatgangers hul naggestigte
soos maskers gedra het. En die doodse vaal
van asfalt en beton was rooi in neonligte . . .
Vanwáár, vanwáár af ken ek die verhaal?*

*'n Doolhofspinnerak van stop en ry . . .
Wat eens gebeur het, het my weer getref:
honger oë op die hoek: die ontsettende besef!
Toe weet ek snikkend weer . . . dit is verby.
En moeg, oneindig moeg, het ek gegaan
en sonder terug te kyk, die stad laat staan . . .*

M. J. PRINS:

Drinker in die Kompartement

Aan: Klaas.

*Hoe kan die ander ons verstaan
wat in helder treine deur die nagte gaan
en soms in waansinnige verlange na die duister
'n vuishou deur die ruite slaan?*

Winteraand

*Ons warm lig.
Ons bloedrooi wyn.
Ons blanke brood.
Die helder pyn
van sterre ver
en vreeslik groot,
die somber wete —
by windgesug
deur winterblare —
van die dood.*

Liefdespel

*Met skulpies en met blinknat sand
bou ons huisies, ek en jy,
skulpies op 'n leë strand
is al wat van ons huisies bly.*

Akrobaat

*Hy gil
en val
van eeu
tot eeu.
In elke oor
weerkaats
die skreeu.*

C. T. VERMAAK:

Ou Man

*As die skemerstille dae
soos wilgers teen die reën,
een vir een
sy dowwe oë verbygaan;*

*Dan dwaal hy
tussen drome en die werklikheid:
soos bye tussen
dooie blom en blare . . .*

Stad

*'n Bondel oë
versprei in swart,
dis oë wat knip
en oë wat wink*

*Dis neonligte
wat 'n hele stad
se smart verberg.*

Boekbespreking

W. A. de Klerk: DIE SOEKEN-DE MENS, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1960 prys 15/6.

'n Boek vir volwassenes!

Dit gebeur maar te maklik in die lewe dat ons vasval in ons eie waardes, en dat die lewe daardeur verstol, goor word, en die ganse mensdom dan uitskreeu om vernuwing.

Waardes? Wat is waardes — lewenswaardes, kultuurwaardes, menslike waardes? Waarvandaan kom hulle? Hoe hou ons hulle in stand? Hier is ons by uitstek op die gebied van die gees, die aanvoeling van dinge wat menswaardig is. Dis dinge die wat ons nie kan bemaak aan ander as erfgoed nie; hulle is wel daar binne die kring van bepaalde kultuurgemeenskappe, maar elke lid van die gemeenskap moet dit vir hom self verower, moet daarmee worstel, dit begryp en dit dan bevrugterend inbou in sy gees.

Maar geen mens kan ook hierdie waardes blywend verower nie, want so dat jy daarvolgens leef, vervaag dit in jou hande, en as lewenskrag verdwyn dit. Elke mens moet sy hele lewe lank daarom stry, moet dit van dag tot dag herower, moet dit nimmer eindigend toets aan homself, sy medemens, sy kultuur, sy godsdiens. Elke geslag moet opnuut die stryd van vooraf aanknoop om betekenis en die begrip daarvan te verower.

Dis dinge wat vervlugtig, soos die geur van blommie in die felle sonbestraling; om die geur te behou moet jy die blommetjie in jou binnekamers troetel en beskerm en voed om die fynste daaruit te haal en om telkens weer te ontdek dat ook blomme verlep en vergaan met geur en al, en dat telkens nuwe blomme nodig is.

So word die mens se geesteslewe een voortdurende stryd om die vernuwing en herowering van waardes, stryd teen ons eie na-

tuur, stryd teen die stoflike dinge van ons alledaagse bestaan.

Só gesien word ons lewe 'n lewe van eb en vloed, van volheid en leegheid, van begrip en onbegrip, 'n bestaan wat hier op aarde alle vastigheid mis, alle uiteindelijke beslissings opskort omdat daar geen finaliteit is nie. Só word ons lewens die ene vloeiing waarin ons steeds te vergeefs bly haak na die uiteindelijke rus — wat ons net maar in die dood kan bereik.

Maar ons moet bly streef na vernuwing, want dit is lewe; diegene wat die stryd staak en verstol, is reeds dood terwyl hulle nog lewe.

Dit maak ons lewens iets werd; nie die versameling van stoflike besit nie, nie die verkryging van roem nie; nie die vestiging van 'n naam of reputasie maar net die stryd om vernuwing — net die stryd self.

In hierdie bundel, wat bestaan uit twee romans, het Willem de Klerk besonke en met insig twee gevalle uitgebeeld waarin die lewenshouding van die moderne mens vormvat só dat ons dit kan verstaan. Met hierdie twee verhale het die moderne mens volledig deurbreek in ons prosaletterkunde, die mens van die atoomeeu wat die ganse skepping voor sy voete sien oopskeur en wat deur ondergang in die afgrond bedreig word.

Die twee romans is 'n groeipunt in ons letterkundige ontwikkeling.

A. J. C.

Venter. F. A. ; GEKNELDE LAND (Tafelberg-Uitgewers Kaapstad, 1960.)

Dit is onteenseglik die beste historiese roman wat nog ooit in Afrikaans verskyn het. Piet Retief het érens in sy bekende manifes melding gemaak van die toentertydse Kaapkolonie as 'n „geknelde Land”—geknel was nie die land nie, maar die mense, dié

ménse, die Afrikaners, die boere aan die Oosgrens. Oor daardie tydstip handel hierdie eerste deel van Venter se voorgenome trilogie oor die Groot Trek.

Venter skryf dan ook veral oor die ménse in die eerste plek; hoe hy die destydse taalidoom en die stoflike kultuur en die omgewing en die menstipes so heg aaneen vervleg het, daarin lê sy kuns. Maar veral in die mensbeelding, want iemand soos tant Poppie is lewend, vandag of gister of more. Ons het hier ook die tragies-heroïese menslikheid wat dikwels in 'n heroïese tydperk na vore tree: Helgaardt Dreyer, patriargale grensboer, Rudolf Dreyer, nog 'n skitterende Venter-kragfiguur (soos Simon van Ciréne) en die heldhaftige vrou van Rudolf, nl. Hendriena. Ook die tipes: ou Julie, ou Miena en Arend, die vrygeworde slawe; Hodgson, die simpatieke setlaar; Die geslepe Greyvenstein; die kinders; die Xhosas; die ander grensboere; amptenare — dat Venter al hierdie mense so heel kunstig kón tipeer, getuig van 'n uiterste toewyding aan sy stof. Dit is asof almal help lig gooi op Rudolf, hom vir ons toon as die egte grensboer van dié veelbewoë tydperk.

Die Xhosas val Grensplaas, waar die Dreyers woon, aan, hulle steek die huis aan die brand, steel die vee. Rudolf en sy gesin moet na hewige teenstand vlug; sy oudste seun sneuwel. Rudolf stuur sy gesin na veiligheid, maar verseg om self die plaas te verlaat: iets groters as hyself knel hom daar vas. Hy maak 'n straf tog saam met die Engelse soldate mee, keer te voet en gedaan terug plaas toe; een ou bediende en sy mank seun keer ook terug, maar sy vrou, Hendriena wil ter wille van haar kroos nie terugkeer nie; hulle raak effens vervreemd van mekaar. Rudolf raak hierdeur verbitterd, dwarskoppig; hy beland in die tronk in Grahamstad; by sy terugkeer skiet hy 'n leeu om die vel aan die bevelvoerder van die fort te

kan gee, volgens belofte, maar 'n leeuwyfie dood hom byna. Nou bring hierdie siekbed loutering en inkeer in die onstuimige gemoed van hierdie koppige man. Sy gesin keer terug plaas toe, en hy word geleidelik weer fris. Vir 'n rukkie gaan dit selfs voorspoedig, Rudolf koop 'n wa, maak vee bymekaar.

Op 'n goeie dag val die inboorlinge sy veewagter aan en steel sy vee wat hy glad nie kan terugkry nie; die owerheid se hulpeeloosheid stem Rudolf al hoe halsstarriger. Intussen is daar gerugte van 'n noordwaartse trek in omloop.

Pynlik groei die besef in Rudolf dat hy nie op Grensplaas sal kán aanbly nie. Hierdie gemoedswroeging in die hoofpersoon is m.i. op baie geslaagde wyse deur die outeur bemeester. Hierdie eerste deel eindig dan waar die Dreyer-gesin saam met sy bywoner, oom Elie en tant Poppie oor die Grootrivier trek om by die ander trekkers aan te sluit.

Die heroïese in die lewens van hierdie mense is dat hulle uit die barre *natuur* kon *kultuur* skep, van woesteny 'n tuiste maak. Hierdie motief is een van die ver naamste gedagtedrade in die werk, maar is nooit tot blote strekking verneder nie, dit gloei uit elke woord en daad van feitlik elke karakter in GEKNELDE LAND.

'n Tweede vername gedagtedraad in die werk — weer eens op heel beskeie wyse gedramatiseer — is die uitwerking wat die onsimpatiese owerheid op mense soos Rudolf Dreyer het. *Dit laat hulle voel dat hulle nie vry is nie.* (kyk p. 325). Geen chauvinisme of ideologie kan Rudolf tot trek dwing nie, maar wel hierdie gevoel van *geknel* te wees in sy daaglikse lewe! Hy was nie meer vry om te kan werk en om sy plaas op te bou nie, en hy kon eenvoudig as pionier en individualis nie lewe as geknelde mens in 'n staat wat dwarsgesind jeens hom was nie. Nou sluit hy hom aan by 'n nog groter heroïese

daad, want as enkeling wat worstel om persoonlike bevryding, druk hy nou met skouer teen die wiel om te help om 'n hele groep mense wat soos hy voel en dink ook te help bevry. Die kultuur wat hulle dag vir dag uitgekerf het, het nou gaan bots met dié van 'n ander-soortige groep; hulle het nie verswelging kon duld nie, daarom die daad van die Groot Trek tot stand gebring.

Venter het sy taalgebruik by sy stof aangepas. Die dialoog is altyd dinamies en 'n plesier om te lees. Só praat Rudolf: „Hulle steel genoeg beeste om dik te vreet. Hulle is die Engelse gowermint se gomgatjies...”

Rudolf se wrewel word ewe gemaklik afgewissel met die doodgoeie oom Elie se droë opmerkings: „As jy jou agterent vol assegaaië gegooi wil hê, kan jy maar hier bly; met hoenderkraai trek ek.” (p.31) Dikwels is die ségoed helder en tekenend, die-gene wat so smag na „boere-Afrikaans” kan dit hier raakloop: „Die lemiete raak leeg. Helderfontein is dood, Daskloof het nie mense nie en op Spitskop sit spreus op die hanebalke.” (p. 295). Luister na ou aia Miena as haar ou Julie hartseer van die plaas trek: „Kom, Julie, roep Miena, het jy nog nooit vir Grensplaas gesien nie?” Talle komiese kleinbeeldjies lewe in die dialoog van die sprekers — Meester moes inderhaas jaag om by die Dreyers aan te sluit: „My liggaam, heer Dreyer, is aan stukke. Ek is geradbraak, glo my vry.”

„Meester is bliknêrs, sê Thomas padlangs.

„Maar Thomas!” sê Hendriena blosend.

„Jou taal, klein Thomas, is nie baie keurig nie, betig Meester.” (p.327).

Die skrywer se taalkuns kom in talle fyn trekkies tot uiting: „Sy lag en hy sien die fyn plooi-tjies om haar oë waar die jare haar op Grensplaas aangeraak het.” (p.11) In die volgende insi-

dentjie is Flip en Van der Kemp twee mak boerbokke: „... en weldra is die geklingel van Flip en Van der Kemp se klokke net helder druppels geluid voor die die blêrende trop.” (p. 36). Die leser kom op die volgende sin af: „Die wind stoot 'n slag sterker en alles blink en roer om hulle heen” (p.19) En dan weer: „Die afstand sny hom kleiner en toe hy teen die skuinste opswaai, is hy 'n drywende blaar op die hittegolwing.” (p.21) Uit die daaglikse plaaslewe word so 'n sin gehaal: „Hy en Danster dra 'n spul lammers, en soekende oioie hou hul psalm vol. „Daar word in die volgende na die koms van die smous verwys: „Hy kom so seker soos die trekswael.” (p. 296). 'n Mens lees in hierdie boek van mense met genot in 'n taal wat plesier verskaf, en dit is die wese van prosakuns.

Daar is naas die taalgebruik en die karakters ander dinge wat hierdie boek sy besondere waarde as Afrikaanse roman gee: humor (kyk bv. p.42), hartseer soos waar Rudolf vir Fanus begrawe (p.62), vriendskap soos tussen Hodgson en Rudolf, Godsvertroue (p.63, 313, 283), vreugde, blydschap, selfs haat en skurkagtigheid, naas edelheid en karaktervastheid.

C. W. HUDSON.

Toerien, Barend J.: GEDIGTE; Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1960; 60 bladsye; 15/-.

Barend J. Toerien het lank gewag voor hy sy eerste bundel die lig laat sien het. Nog steeds behou die sonnet „Matrose op Straat”, ná dit die eerste keer in die bloemlesing *Stiebeuel* (1946) verskyn het, as alleen-verteenvoortwoordiger van Toerien se talent sy klein liggende plekkie in die *Groot Verseboek*. Dié gedig was al die jare g'n onwaardige geleefsbrief nie — dit, en ander gedigte, het 'n mens daaraan herinner dat 'n geëkspatrieerde boereuse in die beton-oerwoud van New York verlang na sy land en

sy mense en na wat hy noem „die lewe buitemuurs”. Latere gedigte, in verskeie Afrikaanse tydskrifte, het ’n mens se indruk bevestig dat ons hier met ’n wesentlike romantiese aard te doen het, iemand wat die lewe nostalgies sien, sy dit in beelde van ’n jeug of in beelde van volwassenheid.

Die nostalgie van bannelingskap en vervreemding gee ’n patos aan menige vers in hierdie bundel, en klop ook warm, maar onder die oppervlakte, in juis dié gedigte waarin hy satiries of kwasi-verkleinerend oor sy eie mense skryf (soos in „Die Tante”, „Op die Plaas” en „Kultuurraad”).

Die vormvermoë en woordverfying van die Dertigers het weinig neerslag by hierdie digter gelaat. Sy invloedbronne lê elders — in Franse en Engelse literiek, en hy sluit nou aan by A. G. Visser se skalksheid en gütigheid en die buitenissige „aspresgeit” van Peter Blum. Daar is ook spore van Leipoldt; maar ongelukkig was Uys Krige se Non-ehalante woordkeuse nie ’n goeie model nie.

Miskien moet ’n eerste bundel meer volgens potensialiteit as werklike realisering beoordeel word. Toerien se digterlike strewe is sterk maar weinig doelgerig en sy skryfdrang is tegnies en psigologies nog ongedisiplineerd. Gelukkig het sy intensie nie pretensie geword nie. Daar is ’n skoolseunagtige ondeundheid en ’n goedige, alhoewel soms bittere spot wat die leser simpatiek stem. Die moontlikhede van sy talent sien ons in ’n pragtige reël soos:

„Alles wys nou winterwaarts,
word droewer . . .” wat skielik ’n andersins flou gedig (bl.50) soos met fosfor laat gloei. Daar is ’n hele paar gedigte wat feitlik dwarsdeur goed is, soos „Herfs-lullaby” (30), „September weer” (31), „Reg in die Voetpad” (37) en „Liefde in ’n koue klimaat” (33), veral laasgenoemde, waarin klankharmonieë ’n

subtiele spel van klank en weerklank tussen die reëls speel. Ek siteit die slotstrofes:

„Maar kry ek koud, word ek
verys
nou met die woud-ontbladering
in hierdie strenge wit klimaat,
soek ek by jou toenadering;
Vrou, wees my warm breedte-
graad,
wees jy my somerse va-
derland.”

’n klein ironiese tafelreel soos „Die Digter en die Dancing Girl” in wrang van siniese bewussyn en vernuftig van konstruksie. „Herfs in die Bosveld” is, behoudens enkele lomphele, ’n gawe gedig met fyn klankspel en subtiele suggestie.

Die afdelings *Vierreëlig*, *Mense en Diere* vertoon die huidige moontlikhede en beperkinge van Toerien se talent. Alhoewel hy nog nie oor die tegniese vermoë beskik om ’n geslaagde kwatryn te skeep nie, paar menige vers hier ’n lugtigheid met siniese observasie — „copieër-lust des dagelikelewe lewens” in die beste sin van die woord.

Jeug I is ’n fraai stukkie kinderherinnering — jammer dat *Jeug II* feitlik net ’n parafrase van gedeeltes uit Van Wyk Louw se *Beeld van ’n Jeug: Duif en Perd* geword het. *Grond* het iets van J. C. van Sehagen se „Als ik nu doodga” maar kry ’n outonome Suid-Afrikaanse toon en kleur. As die uiting soms hortend is, word dit vergoed deur die naïewe, spontane gebruik van herhalings wat baie suggestief die onsekere mymertaal van ’n „emotion reeollected in tranquility” weergee.

Tog mis baie van die verse ’n kernagtige konsepsie; hulle is flitsindrukke wat op die rand van die onbenulligheid beweeg. So bv. red die vrolikheid en kontras van *Puck* die gedig nie van banaliteit nie. En dit geld nog meer vir ’n stukkie gevoellose prosa wat in *Biografie* as gedig wil deurgaen. Ander gediggies is eintlik niks meer as ’n doodgewone, kwasi-filosofiese opmerking oor ’n le-

wensverskynsel nie — sonder 'n evokatiewe woord of beeld om dit van volslae „puntloosheid” te red. Dit is jammer as die leser se reaksie op so baie verse eenvoudig moet lui: „Wat daarvan?”

Dit is opvallend dat hierdie digter se beperkte klankscala op die onopgesmukke, toollose, „gewone” woord van die spreektaal berus. Hy is in die beste sin van die woord 'n kleinkunstenaar wat — behoudens 'n effens geforseerde wysneusige gebaar hier en daar — ons steeds leer dat „auch kleine Dinge können teuer sein.”
ERNST VAN HEERDEN.

MAN SONDER HANDE deur Vincent van der Westhuizen (Afrikaanse Pers-Boekhandel.)

Dit is die derde bundel verse wat deur Van der Westhuizen gepubliseer is, en die tematiese strekking bly deurgaans min of meer dieselfde in sy oeuvre: daar is liefdesverlangens, gedigte oor die lelike en skokkende in die grootstadslewe en die moderne mens se ennuni.

Die uiting is in die „ouer” konvensionele tradisie in Afrikaans, en sluit geensins aan by die werk van jongeres soos Blum, Belcher en Ina Rousseau nie; Van der Westhuizen se werk is minder individualisties, minder subjektief, omdat hy baie beelde en gestaltes uit die samelewing haal en nie bieg oor persoonlike surrealitiese indrukke nie. Dit gee aan sy styl dan ook 'n indruk van oud-modiese woordaanwending, vreemd aan die moderne digmanier in Afrikaans.

'n Styleienskap wat in hierdie bundel voorkom, is die gebruik van plattaal, van woorde en uitdrukkings wat bewus aangewend word om te „skok”, soos bv.

Bokker hul. Bokker almal.
(p.2)

en:

Die wêreld is lekker;
die wêreld is reg.

Wie die hel het gesê
die wêreld is sleg?

Hierdie digter se eintlike aanleg skyn meer epies as liries van

aard te wees, vandaar sy aanwending by voorkeur van dialoog om 'n dramatiese situasie uit te beeld; in die meeste gedigte in die bundel kom gemelde verskynsel voor. Daarby is die meeste gedigte lank, en hou 'n situasie in wat as vertelling onthul word, en miskien dáárom is die paar sonnette te los en spanningloos om te bevredig. Dié „praatgedigte” word die beste verteenwoordig in *Wilmien*, wat nugter, nieldigterlik verloop:

„Dame, verskoon, weet u miskien . . .

My Here, maar jy's mos Wilmien!

Wanneer het ek jou laas gesien,
my jeugvriendin, witkop-Wilmien!”

Van der Westhuizen se styl-aard is realisties, sy ritmiek en die maatslag van sy versreëls gevolglik te dikwels sonder poëtiese spanning, te prosa-agtig, te slap om te bekoor. Kyk bv. na reëls soos:

Daar was 'n ligte ongeluk op straat.

en:

Kom ons wals na die balkon toe
en ons pluk die maskers af.

Want wanneer sal ons paaie
dalk weer kruis?

Want my hart wil nie meer
wag nie

en die uur van twaalf is ver
en die ligte brand te helder in
die huis.

Sodanige reëls kon net sowel in 'n koerantberig verskyn het; hulle is sonder die magiese glans van die woordkuns; woordryke uitrafeling is op sigself nie voldoende rede vir die publikasie van 'n bundel nie. Van der Westhuizen het nog nie die kuns beheester om die wonder uit die woord te lig nie.

C. W. HUDSON.

Jan Schutte: DIE DU PLOOYS
VAN SOETMELKSVLEI, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1960, prys 15/-.

By die beoordeling van 'n boek soos hierdie, waar die opspraak-welkende radio-aanbieding daarvan nog duidelik in jou ore klink, verkeer mens enigsins in dieselfde toestand as destyds toe Malherbe se VERGEET NIE en Jochem van Bruggen se TELEURGESTEL so kort ná die oorlogsgebeure waarvan hulle vertel, verskyn het. In sulke gevalle is mens geneig om wat geskryf staan te verwar met of aan te vul met 'n ander beeld, sodat jy gedurig voor vanggate te staan kom.

Die heel eenvoudigste weg uit die moeilikheid is om te vra: Wat het die skepper van die verhaal beoog? Hoe het hy daarin geslaag?

Vir my is dit die verhaal van wat kan gebeur as 'n ouer, wat koppig is en deurdrywend, sy wil probeer afdwing op 'n kind, wat ewe koppig weier om hom te laat geseg. Sodoende word 'n toestand van onversetlikheid geskep waarin jy die mens op sy dwaasste en op sy kleinlikste te sien kry.

Hierin het Schutte sonder twyfel geslaag — in die radiovorm en ook in die gedrukte romanvorm. Die strakheid van die verhaal word op menslike wyse getemper deur die komiese van tant Heibie en ou Bartel — in die radiovorm oneindig veel meer as in die romanvorm.

In die gedrukte vorm is dit opvallend hoe weinig plek afgestaan word aan bespiegelings en beskrywings. Trouens, by die uitsending werk sulke dinge remmend en vervelig. Vir die radio moet daar gebeeld word d.m.v. die gesproke woord, die dialoog of gesprek. Omdat ook in die romanvorm haas net dialoog voorkom, dra dit heelwat by tot die lewendige en opgewekte aard van die leesstof, die vlugge beweging van die voorvalle. Daardeur by die geskrewe roman eintlik 'n bietjie aan diepgang.

Daarteenoor staan dat die roman in sy gedrukte vorm 'n mens opnuut laat besef hoe verbasend veel bepeinsings en beskrywings

die gang van 'n verhaal vertraag en selfs belemmer — 'n aspek waarop G. H. Franz reeds die lig laat val het met sy romans.

Die beperkinge van die werk vloei seer sekerlik uit die omstandigheid van sy ontstaan as radio-vervolgstuk. Nietemin is dit goeie werk wat van harte verwelkom word.

A.J.C.

WEEKLAAG VAN DIE WESE Lionel Sheldon.

Die Afrikaanse Kleurlingdig-digers: S. V. Petersen, P. J. Philander, Adam Small en nou Lionel Sheldon het reeds 'n trotse digterlike tradisie in ons letterkunde gebring, met Philander moontlik aan die spits daarvan as spitsvondige taalkunstenaar.

Ek het van Sheldon se Engelse gedig in Standpunte (Nr.26; XIII, I, p. 62) gehou, en daardie indruk word deur WEEKLAAG VAN DIE WESE nie uitgewis nie. Sheldon het 'n belowende digterlike talent, en met meer geskoolde vormbou en bewuster woordaanwending kan hy tot 'n eie-stemmige, 'n sterker uiting gedy. In hierdie eerstelingbundel word die belofte daargestel, maar nog nie volbring nie.

'n Samesnoerende motief in die digkuns van die Afrikaanse Kleurlingdigters wat hulle werk saamgroepeer, is juis die onderwerp wat die hooftema van hierdie werk vorm; die gedagte dat die Kleurling 'n weeskind in die samelewing hier ten lande is, dat hy as misdeelde pyn moet verduur wat ander nie ken nie, dat hy in 'n niemandsland ronddool waarin hy op frustrerende wyse gevange gehou word. Ons kom dit teë in Philander se gedig *Die Slaaf*, in Petersen se *Bede*, in Small se *Ismael* en in die afdelings *Volk* en *Land* in Sheldon se bundel.

Sheldon tob oor die aaklige in die lewenswyse van sommige van sy mense, hy sien die lelike in hulle omgewing:

Smerige vodde dwarrel
om 'n vermaarde skeeloo-rot

wat ylings skarrel
deur 'n gleuf in die verlate
krot...

En dan weer beeld hy die kin-
derlyding uit:

Ons broodtrommel het leeg ge-
bly...
aanhoudend het jul baklei,
mekaar gevloek... gesweer...
só onverskillig my dieself-
de geleer...

Uit 'n donker hoekie het ek
vreesbevange geloer
waar my moeder bewusteloos
lê en kreun op die vloer,
totdat jou dronk gesnork ons
huisie vul...

Nêrens vind ons 'n pynliker
prentjie van die hartseer van
hierdie dinge as juis in bg. ge-
dig *Honger* nie. Ook *Rehabilita-
sie* druk leed en verdwasing uit:
oor die gevolge van huwelikson-
trou in dié geval. Verder is Shel-
don die denker wat peins oor die
morele lewe van sy mense, soos
in *Ouma Tempe*. Wreed en skok-
kend is die seksmisdaad wat in
Ontvoerde Dogtertjie uitgebeeld
word — 'n tema wat saamhang
met die dogter se hele gedagte-
sfeer, nl. die verwording en siels-
verrotting die Kleurling se groot-
ste vyand in die samelewing is.
Soms gedy sy wanhoop tot op-
stand soos in *Swye* en *Oor Kruis
en Stem*.

Vol hartseer is *Begrafnis* oor
die dood van 'n geliefde „Baas
Fanie.”

Die hartseer het ons plaasvol-
kies getêre...

Ons-goed... daár eenkant teen
die wind

in 'n gerfie hartseer saamge-
bind.

Speelse taalmusiek kom in
*Perdeberg se Langpad-Medisyn*e
voor, waarin die stapritme van
die liedjiesanger in die maat van
die versreëls vloei:

... die droë bokkom
o, die droë bokkom
jy dink verniet jy's slim
maar jy is esel-dom...

en ook in:

... die hotnotsgod die bid
o, die hotnotsgod die bid
hoekom is die kombuismeidjie
se kinnere dan so wit...

Onvolgroeid is die subjek-
tiewer gedigte in die afdeling
Self. Die beste gedig in hierdie
kader is *Hoela-Hoepel* met sy ge-
slaagde ritme-effek en die saam-
gebondelde intellektuele inhoud
wat in die laaste versreël lê:

En om my moeë hart
hoela gryse vreugde... gryser
smart...

Onder die religieuse gedig-
te bevredig *Kolwer* met sy vol-
gehoue simboliek die meeste; die
kwartryne mis 'n hegte vormbou
en is nie sonder rymdwang nie.

Sheldon se debuutbundel is on-
danks sy vormprobleme en die
feit dat dit geensins die stem van
'n sterk digter is nie, nogtans 'n
werklike bydrae tot die digterlike
segging in Afrikaans. Hier is
nog geen poëtiese hoogs spanning
nie, ons tref selfs direkte, prosa-
iese, „dowwe kiemselle” daarin
aan, maar die genoemde positie-
we eienskappe van Sheldon se
taalaanleg ken aan *Wee-
klaag van die Wese* 'n regmatige
plek toe in die Afrikaanse dig-
kuns.

C. W. HUDSON.

DRIE VERTALINGS.

Dit is nog altyd so dat daar
heeltmaal te min boeke in Afri-
kaans vertaal word, sowel as on-
stelselmatig. Daarom is dit ver-
blydend dat meteens drie uitste-
kende vertalings onder ons lesers
se aandag gebring kan word.

Die belangrikste is sekerlik die
oorlogsroman van Heinz G.
Konsalik: Die *SNYDOKTER
VAN STALINGRAD* (Uit Duits
vertaal deur Leo van der West-
huizen, Tafelberg-Uitgewers,
Kaapstad, 1960, prys 18/-). Dis
ongetwyfeld een van die kragtig-
ste romans wat gebore is uit die
ervarings van die tweede wê-
reldoorlog, en dit beeld die ide-
alisme uit van 'n Duitse arts wat
as krygsgevangene in Rusland sy
makkere in hulle hoogste nood

bystaan en vir hulle dien as laaste anker teen vertwyfeling. Die lewe van 'n krygsgevangene uit 'n volk wat die fout begaan het om die slag te verloor, word in al sy rouheid en onmenslikheid openbaar, en tog word die grense van die kiesheid nie oorskry nie. Met hierdie mooi verwerking in Afrikaans word 'n diens aan ons lesers bewys.

Meer beskeie van omvang is die aangrypende sprokiesagtige verhaaltjie van Werner Bergengruen: **DIE SPAANSE ROOSBOOM** (uit Duits vertaal deur Alba Bouwer, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1960 prys 9/6). Dit stof gaan oor 'n verloofde paar waarvan die jonkman op reis moet gaan om 'n verdienste. Hy wil aan sy verloofde die boodskap oordra dat liefde by afwesigheid afhang van wedersydse trou en vertroeteling, en wel op so 'n manier dat hy nie sal aanstoot gee nie. Dan vertel hy aan haar die verhaal van die Spaanse Roosboom. Hier is nie die ruwe werklikheid nie, maar die romantiese atmosfeer van sprokies — 'n sprokie vir volwassenes.

Die derde is 'n vertaling deur Jan Rabie van die Franse verhaal van Paul-Jacques Bouzon: **DIE WAAIER**, wat in 1958 bekroon is met die Grand Prix van die Franse jeugsalon (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1960, prys 12/6). Uiterlik is dit die verhaal van 'n Spaanse dogter wat ontvoer word, en wat uiteindelik aan haar moeder terug besorg word deur 'n arm seun se toewyding. Op die tweede vlak is dit die verhaal van die nastrewe van 'n ideaal, wat afloop met die dood as dit blyk dat die volle verwesening van die ideaal maatskaplik onmoontlik en onaanvaarbaar sou wees.

Met hierdie drie vertalings het die uitgewers 'n besondere diens bewys aan die Afrikaanse leserspubliek.

S.E.S.

P. H. Nortjé: **DIE GROEN GHOEN**, Tafelberg-Uitgewers,

Kaapstad, 1960, prys 12/6.

Dikwels word 'n mens in Afrikaanse jeugboeke getref deur 'n onvolkse walm wat jou uit die gedrukte blad bedwelmsodanig jy onvermydelik 'n indruk behou van onwerklikheid. Sulke onwerklikhede vervals nie net die lewensbeeld van die jeugdige leser nie, maar die idealisme wat daarop moet stoel, wil net nie oortuigend tot jou deurdring nie.

Daarom is dit dat ons met soveel werklike genot melding maak van die jeugboeke van P. H. Nortjé. So pas het van hom verskyn **DIE GROEN GHOEN**, waarin vertel word hoe 'n groep seuns, onder die verstandige leiding van hulle onderwyser, 'n arm maar begaafde medeskoolier bystaan om 'n hoërskool loopbaan te kan volg.

Die verhaal is iewers in ons land „gesitueer”; ons herken die Afrikaanse aarde, ons herken die Afrikaanse mense wat die verhaal bevolk, ons beleef die sappige taal en sêgoed as uit ons eie bodem.

By dit alles beskik die skrywer oor 'n lewendige verhaaltrant, 'n sin vir die dramatiese en 'n gesonde idealisme wat nie anders kan as om bouend in te werk op die jeug van ons volk nie.

Dit word sonder voorbehoud by ons lesers aanbeveel.

S.E.S.

Anthonie P. Roux: **DIE VLAMMENDE STAD**, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1960, prys 12/6.

Vir ons letterkunde is dit 'n verblydende teken dat daar ook belangstelling kom d.m.v. vertalings en oorspronklike skeppingswerk vir die „buitelandse” langs die „nasionale” stof. Naas die oorspronklike werk van Frans Venter en die vertaling van Konsalik, die reisbeskrywings van Elize Joubert en talle ander, kry ons nou 'n roman van A. P. Roux met die geskiedenis van Kartage in **DIE VLAMMENDE STAD**. Die verhaal speel af in die laaste bestaansjare van die Noord-Afrikaanse stad in die stryd om

leierskap van die wêreld wat des-
tyds beslis is tussen Kartage en
Rome. Ons betree 'n wêreld van
innerlike verdeeldheid, van
botsing tussen vaderlandsliefde
en handelsdrif, eersug, intrige,

verraad, trou van vriende, onder-
gang van ideale en krygsrumoer.

Die verhaal is vlot geskryf, die
hoofkarakters strak gebeeld — 'n
historiese roman wat besonder
leesbaar is. Joh. L.

Nuwe Boeke

Audrey Blignault, Alba Bou-
wer, Freda Linde, Elise Muller,
M. E. R., Rykie van Reenen: **DIE
DAMMETJIE E. A. SKETSE EN
ESSAYS**, Tafelberg-uitgewers,
Kaapstad 1960, prys 13/6. 'n In-
teressante versameling ligte
stukkies oor en uit die lewe, goed
geskryf en vertel en lonend om
op die rak te hê.

Botha, D. P.: **DIE OPKOMS
VAN ONS DERDE STAND**, Hu-
man en Rousseau, Kaapstad, 1960
prys 12/6. 'n Bespreking van die
toekomsrol van die Kleurling in
ons samelewing. Aktueel.

Friedrich Durrenmatt : **DIE
BELOFTE**, Requiem vir die
speurverhaal. In Afrikaans ver-
taal deur Peter Blum, Human en
Rousseau, Kaapstad, 1960 prys
12/6. 'n Interessante verwikke-
ling op die gebied van die speur-
verhaal, knap vertaal.

Marcel Hoebeke, opnuut uitge-
gee en ingelei deur: **HET SPEL**

**VAN DE V VROEDE ENDE
VAN DE V DWAEZE MAEG-
DEN**, Zwolse drukken no.37,1959.
Herdruk van die bekende Middell-
nederlandse misteriespel uit die
15e eeu.

Elize Botha en A. P. Grové:
N. P. VAN WYK LOUW, 'N
KEUR UIT SY GEDIGTE, Na-
sionale Boekhandel, Kaapstad,
1960, prys 16/-.

E. J. Potgieter: **FLORENCE**
14 Mei — 1265 tot 1865, AAN
Cd. **BUSKEN-HUET**. Uitgegee,
ingelei en toegelig deur Dr. Ja-
cob Smit. Zwolse drukken no.
38,1960, prys f5.70. Herdruk van
die digwerk van die bekende
19de eeuse Nederlandse letter-
kundige, wat betrekking het op
die Dante-feeste in Florence.

Jan Rabie: **TWEE STRAND-
LOPERS**, Human en Rousseau,
Kaapstad, 1960, prys 12/6. 'n Le-
wendige seunsboek met die see
as agtergrond. Bouende leesstof.

ELATA



Volledige beskerming
deur SANLAM:

- **AFTREEPENSIOEN**
- **WEDUWEESENSIOEN**
- **GEREELDE INKOMSTE BY
LIGGAAMLIKE ONGESKIKTHEID**
- **OPERASIELENINGS (RENTEVRY!)**
- **VOORSIENING VIR BOEDELBELASTING**
- **STUDIEPOLISSE**
- **VERBANDSDEKKING**
- **VENNOOTSKAPSDEKKING**
- **KONTANTBONUSSE**
- **SIEKTEVERSEKERING
(DEUR SANSOM, ONS FILIAAL)**

BESPREEK GERUS U BEHOEFTE MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER,
HY IS SPESIAAL OPGELEI!

Versekering is

SANLAM

VZ 1913/P2